40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2018

# LIVING&FARMING God's way



AMOS agrimin

LIVING AND FARMING GOD'S WAY

Let's build God's Kingdom God's Way

AFRIKAANS

# Die Woordelose Boekie

## 'N KLEURVOLLE WYSE OM DIE GOEIE NUUS TE DEEL

Die Woordelose Boekie is aanvanklik deur Charles Spurgeon met net drie bladsye: Swart, Rooi en Wit bekend gestel. Sy preek in die Metropolitaanse Tabernakel in Londen se titel was “Die Woordelose Boekie”. Hy het vertel van ’n onbekende ou leraar wat drie bladsye bymekaar gesit het en dikwels daarna gekyk het om homself te herinner aan sy sondige toestand (swart), van Christus se bloed (rooi) wat vir hom gestort is en van die “witter as sneeu” reiniging wat vir hom voorsien is.

Dit is nie bekend wie die Goue bladsy bygevoeg het nie, maar dit het ’n nuwe dimensie aan die boek verleen wat die liefde van God en die glans van die hemel verteenwoordig het. Nege jaar later het D.L. Moody die boekie gebruik by ’n kinderdiens wat deur ongeveer 12 000 mense bygewoon is. Hulle het die boodskap gehoor van “Die boekie met die vier bladsye: Swart, Rooi, Wit en Goud”.

Child Evangelism Fellowship (CEF) het begin om die boekie te druk en hulle het die kleur Groen bygevoeg om geestelike groei te verteenwoordig.




In 1993 is AMOS deur ds. Hennie Viljoen gestig wie die waarde van Die Woordelose Boekie besef het om die Evangelie aan ongeletterde mense oor te dra. Die finale kleur Blou is bygevoeg, om aan te toon dat Jesus eendag weer gaan terugkeer na ons toe om ons te kom haal.

Later is ontdek dat die International Children’s Ministry Institute (ICMI) dieselfde behoefte gevoel het en reeds in 1988 ook ’n blou bladsy bygevoeg het.

# Living and Farming God's Way

Die enigste manier om God se Koninkryk te bou.

## *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou*
## *1 September – 10 Oktober 2018*


| | |
|---|---|
| Skrywer: | Hennie Viljoen |
| Buiteblad-ontwerp: | Leana Viljoen |
| Bladuitleg en grafika: | Fanie Serfontein |
| Taal- en gehaltebeheer: | Cilna Maritz |
| | Hannatjie Theron |
| | Karen Botha |
| Druk- en bindwerk: | Business Print, Pretoria |



**Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei,** hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.


Aanhalings is uit die 1983-Vertaling van die Afrikaanse Bybel, tensy anders aangedui.


Uitgegee deur ***AMOS AGRIMIN***

**secretary@amosafrica.net**
**www.amosafrica.net**

**ISBN** 978-1-920138-65-3

# Inhoudsopgawe


*Living and Farming God's Way* .... 4
10 Oktober - Kaalvoetdag .... 6
Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak .... 7
DEEL 1 *Living and Farming God's Way* .... 9
Dag 1 … 'n Saak van die hart! .... 10
Dag 2 … 'n Lewe van dankbaarheid! .... 12
Dag 3 … Dit is ons roeping en opdrag. .... 14
Dag 4 … Dis die bewys van ons liefde vir God. .... 15
Dag 5 … So eer ons die Here in alles wat ons doen. .... 17
Dag 6 … Só bou ons aan God se Koninkryk. .... 18
Dag 7 … Dít beteken ons verwerp alle afgodery. .... 20
Dag 8 … Só maak ons dissipels. .... 22
Dag 9 ... Samevatting .... 24

DEEL 2 *God's way - Ons DNA* .... 27
Dag 10 *God's Way* is deur die Heilige Gees.(1) .... 28
Dag 11 *God's Way* is deur die Heilige Gees.(2) .... 31
Dag 12 Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.(1) .... 36
Dag 13 Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.(2) .... 37
Dag 14 Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.(3) .... 39
Dag 15 Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.(4) .... 40
Dag 16 God werk deur mense.(1) .... 45
Dag 17 God werk deur mense.(2) .... 48
Dag 18 God antwoord gebed. .... 51
Dag 19 Eenheid en samewerking.(1) .... 54
Dag 20 Eenheid en samewerking.(2) .... 55
Dag 21 Eenheid en samewerking.(3) .... 56
Dag 22 *God's Way* is oop hande.(1) .... 60
Dag 23 *God's Way* is oop hande.(2) .... 61
Dag 24 *God's Way* is oop hande.(3) .... 63
Dag 25 *God's Way* is om te dien.(1) .... 66
Dag 26 *God's Way* is om te dien.(2) .... 67
Dag 27 *God's Way* is prosesse.(1) .... 71
Dag 28 *God's Way* is prosesse.(2) .... 72
Dag 29 Om die wortel van 'n probleem aan te spreek. .... 76
Dag 30 *God's Way* is om geloof te eer *(to honor faith)*. .... 80

DEEL 3 Kweek 'n *God's Way*-kultuur op die plaas. .... 83
Dag 31 *God's Way* is: Op die regte tyd *(On Time)* (1) .... 84
Dag 32 *God's Way* is: Op die regte tyd *(On Time)* (2) .... 87

Dag 33 *God's Way* is: Hoë standaard *(High Standard)* (1) ............. 93
Dag 34 *God's Way* is: Hoë standaard *(High Standard)* (2) ............. 95
Dag 35 *God's Way* is: Hoë standaard *(High Standard)* (3) ............. 97
Dag 36 *God's Way* is: Geen vermorsing *(No Wastage)* .................. 99
Dag 37 *God's Way* is: Met vreugde *(with Joy)* .............................. 103

Deel 4 Ons verhouding met die grond waarop ons leef en boer. .... 108
Dag 38 ... op God se grond. ........................................................ 109
Dag 39 ... op grond wat God met Homself versoen het. ................ 110
Dag 40 ... op grond waaroor Christus gesag het. .......................... 113

Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem............................. 117
AMOS-lied: Stand up for Jesus ........................................................ 120

# *Living and Farming God's Way*

**Die enigste manier om God se Koninkryk te bou.**

***Visie is 'n oortuiging wat deur God gegee en deur die Heilige Gees in jou hart lewend gehou word.***

***Visie kom van Bo*** (Eksodus 3:7-10; Nehemia 2:12; Handelinge 26:12-20), selfs al kom dit nie met 'n hoorbare stem of sigbare tekens nie! Dis 'n oortuiging in jou hart en daarom bepaal dit jou ***hele lewe***. Dis nie iets wat jy naas 'n klomp ander goed doen nie. Dié visie bepaal die **manier waarop jy álles doen.** Dis 'n ***Goddelike roeping*** en het niks te doen met persoonlike drome en ideale nie. Dis om iets aan die ***omvattende nood*** van ander te doen, ongeag die tyd, geld en energie wat dit van jou vra. Visie is om te ***weet waarom God jóú geskep het*** en te verstaan wat Hy deur jou wil doen.

In sy boek ***Courageous Leadership*** (bladsy 32) definieer Bill Hybels visie soos volg: ***Vision is a picture of the future that produces passion!*** Hy bespreek visie onder die volgende vier hoofde:

- ✓ ***See it clearly***
- ✓ ***Feel it deeply***
- ✓ ***Own it wholeheartedly***
- ✓ ***Communicate it properly***

***Living and Farming God's Way*** is die prentjie van die toekoms wat ek sien. Dis die passie wat in my brand. Ek sien dit! Ek voel dit! Dis mý visie en mý roeping. Die taak wat God my opgelê het, is: *To build an ever increasing momentum towards Living and Farming God's Way amongst the rural agricultural communities of Africa that will last for generations to come.* Ek moet dus dié visie behoorlik kommunikeer sodat elke landbouer dit kan verstaan en uitleef. Wat in mý hart gebeur het, moet ook in jóú hart gebeur - en méér!

As ek na Afrika en die landbou kyk, sien ek nie dit wat is nie. **Ek sien wat kán wees! Ek sien wat móét wees!** Ek sien nie die honger, konflik, siektes, vernietiging, chaos en armoede nie - nie omdat ek my oë toemaak vir die realiteite van Afrika nie, maar omdat ek met ander oë kyk. Ek kyk met die oë van geloof. Ek sien hoe Afrika en die landbou gaan lyk wanneer God daarmee klaar is. Ek sien dat die Here in antwoord op ons gebede miljoene mense in Afrika red. Ek sien Afrika in 'n herstelde verhouding met God. Ek sien hoe Afrika gaan lyk wanneer *Living and Farming God's Way* nie net 'n *slagspreuk* is nie, maar die leefwyse van miljoene landbouers dwarsdeur Afrika. Ek sien dat Afrika

op God se bestemde tyd die grootheid, goedheid, geregtigheid, liefde en sorg van die Vader gaan weerspieël. Ek sien hoe mense in Afrika oor alle grense heen hande vat. Ek sien hoe God die manier waarop ons as Afrikane oor ons grond dink, verander. Ek sien hoe Hy ons goeie rentmeesters van sý grond maak. In Afrika gaan ons nuut dink oor die werk wat ons elke dag doen. Ons werk gaan deel van ons aanbidding van God en die uitdrukking van ons liefde vir mense word. Ek sien hoe die Koninkryk met krag 'n pad oopbreek in die ekonomie van Afrika. Afrika gaan God se goedheid proe wanneer die grond ryk en voedsame kos produseer (vgl. Jesaja 30:23).

Ek sien hoe die Gees oor Afrika sweef en dit tot eer van God herskep. Ek sien hoe die Gees geboorte gee aan God se plan vir Afrika - die uitvoering van al sý beloftes vir Afrika. Mag ek die voorreg hê om deel te wees van Afrika se transformasie. Mag die Gees hierdie Gebedsfokus gebruik om dié visie in jou hart te plant.

**Mag die Gees jou oortuig dat *Living and Farming God's Way* die <u>slimste keuse</u> vir alle landbouers is.** *Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad (God's Way!) laat loop. Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam* (Spreuke 3:5-8).

**Mag die Gees jou oortuig dat *Living and Farming God's Way* die <u>enigste manier</u> is waarop jy God se Koninkryk kan bou.**

Hennie Viljoen
hennie.viljoen@amosafrica.net

# 10 Oktober - Kaalvoetdag

In *AMOS* is 10 Oktober jaarliks ***Kaalvoetdag***. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Esegiël 3:24; 4:1-4; 4:10-11; 5:1; 12:2-3; 12:18; 21:6; 24:15-16; 37:15-19; Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; 32:1-44; Hosea 3).

**Die doel van *Kaalvoetdag* is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer.** God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoene uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons* (Matteus 1:23). Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20). **Oral leef en boer ons nou daagliks op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.** Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (dorings en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

**Dis ook 'n besondere getuienis-geleentheid.** Oral gaan mense vir jou vra: Waarom loop jy kaalvoet? Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde teksverse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.




Kom ons begin 'n "*movement*". Kom ons boer jaarliks kaalvoet op **10 Oktober!**

# Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak

Hou die volgende in gedagte om die meeste van hierdie gebedsgids te maak:

1. **Beplan en organiseer**

   Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:
   - Jou persoonlike **stiltetyd;**
   - Gebede **aan tafel** *(dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid);*
   - Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagete-uur** kan tyd aan gebed afgestaan word;
   - Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste;**
   - Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige ander lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;
   - **Spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedswake** kan gereël word;
   - Mobiliseer **bejaardes, kinders, vrouens, gebedsgroepe, ens.** om saam te bid.
   - **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook in Afrikaans en Engels op *AMOS* se tuisblad: www.amosafrica.net Dit mag vrylik gedupliseer word.

2. **Lees die Skrifgedeeltes**

   Lees elke dag ten minste die Skrifgedeeltes wat bo-aan elke dagstukkie gegee word. Indien jy net lees wat in die boodskap staan, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.

3. **Bely sonde**

   Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkie genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:
   - Laat die Heilige Gees berou in jou werk;

- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bose weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

**4. Gebedsriglyne**

Die gebedsriglyne is nie wettiese voorskrifte nie. Dis net riglyne. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

**5. Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees**

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis of suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie 'n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulante te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liewer die tyd wat jy na 'n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los.** Ons moet vas van ons bose werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.

# DEEL 1

## *Living and Farming God's Way*

## Dis nie 'n slagspreuk nie. Dis 'n leefwyse!

Die gevaar bestaan dat ons God se wil en opdragte in mooi slagspreuke verander. Ons praat daaroor, maar ons leef dit nie. Dit was al in die tyd van Jesaja 'n probleem (Jesaja 29:13): *Die Here het gesê: Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie.*

Paulus herinner die Korintiërs ook daaraan: *Die Koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag* (1 Korintiërs 4:20). Dit help nie ons praat net oor die Koninkryk nie. Dit moet ***geleef*** word. ***The demonstration of our proclamation*** is deurslaggewend.

Om daaroor te praat, maar dit nie te leef nie, bedreig ook die *AMOS*-visie: ***Living and Farming God's Way.*** *Dit word 'n slagspreuk, maar nie 'n leefwyse nie.*

Kom ontdek saam met my wat *Living and Farming God's Way* beteken en waarom dit geleef móét word.

## Dag 1
## *Living and Farming God's Way*…
## 'n Saak van die hart!

**Lees:** Jeremia 31:33 en 32:38-41; Esegiël 36:26-27 en 2 Korintiërs 5:17-18a

**Samevatting:** Wanneer God jou 'n nuwe hart gee, word *Living and Farming God's Way* jou hartsbegeerte. Dán kan jy leef en boer soos God wil. Dan bou jy God se Koninkryk op God se manier.

Die probleem is dat ons maklik in een van twee uiterstes vasgevang word:

1. Ons aanbid die Koning, maar ignoreer sy Koninkryk. Ons wil net hemel toe gaan.
2. Ons probeer die Koninkryk bou, maar ignoreer die Koning. Ons wil net nóú en hier 'n beter lewe hê.

As ons in een van hierdie twee uiterstes verval, sal ons nooit die landelike en boerderygemeenskap verander nie. *Living and Farming God's Way* sal net 'n slagspreuk bly. Dit sal nooit ons leefstyl word nie.

Ons moet mense aan die Koning voorstel **EN** hulle leer om volgens sy wil te leef! Die Koninkryk begin onsigbaar - in die hart van die mens (Lukas 17:20-21 en Romeine 14:17). As 'n mens 'n nuwe hart kry, begin sy lewe verander (Spreuke 4:23 en Romeine 12:1-2. Ook 1 Korintiërs 2:16).

**Wat in ons hart is, bepaal die soort huwelik, huis, gemeenskap, besigheid, boerdery, ekonomie en samelewing wat ons bou.** As ons hart boos is, bou ons huwelike, huise, gemeenskappe, besighede, boerderye, ekonomieë en samelewings wat die Koninkryk van die duisternis bevorder. As ons 'n nuwe hart by die Koning kry, word sý wil ons begeerte. Dán bou ons huwelike, huise, gemeenskappe, besighede, boerderye, ekonomieë en samelewings wat wys dat God ons Koning is. Dan maak ons die kultuur (lewenswyse) van die hemel sigbaar op die aarde. Dán geskied God se wil op aarde, in ons lewe en ons boerdery, soos in die hemel.
Mense se hart verander nie deur goeie onderwys, mediese sorg, 'n goeie grondwet en regstelsel, winsgewende besighede, goeie paaie en die voorsiening van elektrisiteit aan almal nie. **Die wêreld wil alles van buite na binne verander en regmaak.** Maar dit wat buite is, is juis die gevolg van wat in hul bose harte aangaan. Daarom skep hulle bose stelsels en sisteme wat nie mense se harte positief kan verander nie.

Kyk hoe lyk die "huwelike" wat ons skep: dis tydelik; wellustig; tussen dieselfde geslag; gewelddadig; enkelouer-gesinne; ensovoorts. Kyk hoe lyk die ekonomieë wat ons skep: bakhand-sindroom; afhanklikheid; gierigheid; 'n groter gaping tussen ryk en arm; skuld ruk hande uit; geluk en kitsrykdom word nagejaag; oneerlikheid en bedrog is aan die orde van die dag; omkopery maak mense blind vir wat reg en regverdig is, ensovoorts. Bose harte kan nie stelsels en sisteme skep wat God verheerlik nie.

**Daarom begin God in die mens se hart.** Deur sy Gees skenk Hy wedergeboorte - 'n nuwe hart. 'n Nuwe hart is nodig voor jy God se Koninkryk op God se manier kan bou. As Hy die oortuigings van jou hart verander, sal jou hele lewe ten goede verander. Dán sal alles wat jy doen 'n kompliment vir die Koning wees. Dit sal wys dat jy Hom liefhet en eer.

**Wanneer God jou 'n nuwe hart gee, word *Living and Farming God's Way* jou hartsbegeerte. Dán kan jy leef en boer soos God wil. Dan bou jy God se Koninkryk op God se manier.**

**Leuen:** *Jy kan God se Koninkryk bou sonder om jou aan die Koning te steur. Solank jy God liefhet, hoef jy niks te doen om sy Koninkryk te bou nie.* **Beide hierdie stellings is verkeerd.** Jy kan nie die Koning en sy Koninkryk van mekaar skei nie.

**Vraag:** Het jy 'n nuwe hart? Is *Living and Farming God's Way* jou hartsbegeerte?

**Opdrag:** Memoriseer Esegiël 36:26-27.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Vra die Here om deur sy Gees aan landbouers en mense op die platteland 'n nuwe hart te gee.
- † Bid dat mense die Koning sal liefhê én gehoorsaam.

**Bid vir Afrika:** Fokus op: ***Building God's Kingdom God's Way.***

## Dag 2
## *Living and Farming God's Way*…
## 'n Lewe van dankbaarheid!

**Lees:** Kolossense 2:6-7 en Hebreërs 12:28

**Samevatting:** *Living and Farming God's Way is nie 'n klomp wette en reëls wat jy moet nakom om gered te word of om God se liefde en guns te wen nie. Living and Farming God's Way is die nuwe leefstyl van dankbare mense wat reeds deur Christus verlos is.*

Waar ek vandaan kom en waarheen ek gaan, maak my bly en dankbaar. Ek was 'n slaaf van sonde en het gedoen net waarvoor ek lus was. Ek het my laat lei deur die leier van alle bose magte. Die duiwel het in my lewe geheers. Ek het net soos die sondige wêreld gelewe. As gevolg van my sondige natuur en vuil lewe, moes God my straf, want Hy is heilig en haat sonde. Maar God het dit nie gedoen nie. Omdat Hy my liefhet, het Hy sy eie Seun in mý plek gestraf (Jesaja 53 en Efesiërs 2:1-10). Nou staan die kruis van Christus tussen my en my verlede. Hy het my verlos van my sonde, die mag van die duiwel én die straf van God. Hy het my onder sý heerskappy geplaas. Hý is my Verlosser. Hý heers nou as Koning in my lewe. Hý het die verhouding tussen my en God herstel. Daarom het ek nou reeds deel aan sy Koninkryk. Dit maak my baie, baie dankbaar!

Eendag sal God almal wat deur Christus verlos is en aan Hom behoort, volkome verlos (Efesiërs 1:14). Hy sal hulle innooi in sy ewige Koninkryk (Matteus 25:34). Dan sal ons dit wat niemand nog gesien of van gehoor het nie, of waaraan niemand nog ooit gedink het nie, as geskenk van God ontvang (1 Korintiërs 2:9). Daar sal geen dood, smart, leed en pyn meer wees nie (Openbaring 21:4). Hierdie verwagting maak my ook baie dankbaar.

Maar my dankbaarheid is so groot dat ek méér as net wil dankie ***sê***. Ek wil ***wys*** dat ek baie dankbaar is. En ek kan aan geen beter manier dink nie as om dit te wys deur *Living and Farming God's Way*. God het die verhouding tussen my en Hom herstel. Uit dankbaarheid daarvoor leef en boer ek *anders* as die wêreld.

Sonder 'n verhouding met God, maak *Living and Farming God's Way* geen sin nie. Dit is onmoontlik (Romeine 8:8). Daarom moet jy eers die versoening aanvaar (2 Korintiërs 5:20-21). Jy moet Christus as Verlosser aanneem. Wanneer jy uit genade, deur geloof in Christus gered is

(Romeine 3:20-26 en Efesiërs 2:8-10), stel Hý jou in staat om op 'n nuwe manier te lewe. *Living and Farming God's Way* is dus moontlik vir elke kind van God.

As dankbaarheid in jou lewe ontbreek omdat jy nog nie deur Christus gered is nie, moet jy eers aandag gee aan die boodskap van die **Woordelose Boekie.** Dit is 'n klein boekie met ses kleure, sonder enige woorde. Die ses kleure vat die boodskap van die Bybel op 'n baie eenvoudige manier saam. Die betekenis van elke kleur word kortliks in 'n handleiding verduidelik. Jy kan Woordelose Boekies, sowel as handleidings in verskillende tale, vanaf *AMOS AGRIMIN* bestel. Terwyl jy dit lees, vra jouself af: Weet ek dit? Glo ek dit? Bely ek dit? Getuig ek daarvan teenoor ander? Verwag ek dat Jesus weer gaan kom? Is ek gereed om Hom te ontmoet?

***Living and Farming God's Way*** **is dus nie 'n klomp wette en reëls wat jy moet nakom om gered te word of God se liefde en guns te wen nie.** ***Living and Farming God's Way*** **is die nuwe leefstyl van dankbare mense wat reeds deur Christus verlos is.**

**Leuen:** *Jy kan jouself red deur volgens die beginsels van Living and Farming God's Way te lewe.* **Dis 'n leuen!** Slegs Christus kan red. Jy moet in Hom glo.

**Vraag:** Is jy gered? Is jy dankbaar? Wys die manier hoe jy leef en boer dat jy dankbaar is?

**Opdrag:** Memoriseer Hebreërs 12:28.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid vir die redding van die landelike en boerdery-gemeenskap.
- † Bid dat dié wat gered is, se hele lewe sal wys dat hulle baie dankbaar teenoor die Here is.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Suid-Afrika.

## Dag 3
## *Living and Farming God's Way…*
## Dit is ons roeping en opdrag.

**Lees:** Genesis 1:26-28 en 2:15, asook Psalm 8:4-10

**Samevatting:** *Ons opdrag is om as God se beelddraers en verteenwoordigers namens Hom oor die skepping te heers. Ons moet alles mooi oppas en kos produseer. Daarom streef ons na Living and Farming God's Way.*

Aan die begin het God 'n belangrike opdrag aan die mens gegee. Hy het die aarde en alles daarop aan ons sorg toevertrou. Hy het gesê ons moet namens Hom oor die aarde heers en dit oppas. In Genesis 2 beteken "oppas" nie natuurbewaring soos ons die begrip vandag verstaan nie. Die sondeval het toe nog nie plaasgevind nie en die skepping was nog nie aan verganklikheid onderwerp nie (Romeine 8:20-21). In Genesis 2 beteken "oppas" om nie vir Satan enige reg en invloed op aarde te gee nie. Die mens, en nie Satan nie, moes heers.

Maar God gee nooit net opdragte nie. Hy maak dit altyd vir ons moontlik om sy opdragte uit te voer. Om namens Hom oor die aarde te kon heers, het Hy ons geskep na sy beeld en sy gelykenis. Hy het ons geskep as sy verteenwoordigers en ons met sy seën toegerus vir ons taak.

Maar Adam en Eva het die deur vir Satan oopgemaak en hóm die mag oor die skepping gegee (Lukas 4:6). Christus het egter gekom, die Satan oorwin, die mag afgevat en dit aan ons as kinders van God teruggegee (Kolossense 2:14-15; Lukas 9:1-2). Christus het dit vir ons moontlik gemaak om weer God se oorspronklike opdrag uit te voer.

God roep nie net predikante, pastore en sendelinge nie. Hy roep álle mense om namens Hom oor die aarde te heers, die potensiaal daarvan te ontwikkel en dit op te pas. Wanneer ons boer, is ons ook besig om hierdie opdrag van God te gehoorsaam. Ons is deur Hom geroep. Ons is in sy diens.

God wil aan almal hulle daaglikse brood gee (Matteus 6:11), maar Hy produseer nie self kos nie. Hy roep en gebruik landbouers om namens Hom die aarde te bewerk en kos te produseer. Omdat ons dus namens God boer, móét ons alles op sý manier doen. As mense kyk hoe ons leef en boer, moet hulle iets van God self daarin kan raaksien. Hulle

moet sien dat Hy ***Jehovah Jireh*** is: Die God wat voorsien. Hulle moet God se goedheid kan proe wanneer hulle eet.

**Ons opdrag is om as God se beelddraers en verteenwoordigers namens Hom oor die skepping te heers. Ons moet alles mooi oppas en kos produseer. Daarom streef ons na *Living and Farming God's Way*.**

**Leuen:** *God roep net leraars, pastore en sendelinge om sy werk te doen. Net húlle is voltyds in sy diens.* **Dis nie waar** dat nét hulle voltyds in God se diens is nie. Dis nie wat die Woord van die Here sê nie.

**Onthou:** Jy verteenwoordig God in die landbou. Wanneer jy boer, is jy met sý werk besig. Leef en boer dus soos Hý sê.

**Opdrag:** Memoriseer Genesis 1:26-28.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat landbouers sal verstaan dat hulle deur God geroep is om te boer en daarom na *Living and Farming God's Way* moet streef.
- † Bid dat landbouers oral en altyd die beeld van God sal vertoon.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Lesotho.

## Dag 4
## *Living and Farming God's Way*…
## Dis die bewys van ons liefde vir God.

**Lees:** Lukas 10:27 en 1 Johannes 5:3

**Opsomming:** *Ons opdrag is om die Here ons God lief te hê met ons hele hart en met ons hele siel en met al ons krag en ons hele verstand. Daarom streef ons na Living and Farming God's Way.*

Ons is dankbaar dat God ons verlos het. Ons het dit nie verdien nie. Daarom het ons Hom lief. Maar liefde vir God is nie net 'n emosie nie. In 1 Johannes 5:3 lees ons: *Die liefde vir God bestaan dan daarin dat*

*ons sy gebooie gehoorsaam.* Liefde is dus 'n werkwoord. Dis iets wat gedoen en geleef moet word.

Volgens Lukas 10:27 moet ons ***oral, altyd en met alles*** uitdrukking gee aan ons liefde vir God. Ons mag nie ons liefde vir Hom tot die kerk beperk nie. Ons moet Hom óók liefhê in die landbou, politiek, sport, kultuur, onderwys en ekonomie. Dis nie goed genoeg om net 'n deel van jou krag aan Hom te gee nie. Jy moet Hom liefhê met **ál jou krag** – óók die krag waarmee jy met jou kinders speel, boer en al jou werk doen. Dis nie goed genoeg om die Here net lief te hê met dié deel van jou verstand wat jy gebruik wanneer jy Bybel lees of kerk toe gaan nie. Jy moet Hom liefhê met jou **hele verstand** – ook wanneer jy jou kinders opvoed, jou werk beplan, probleme oplos, jou begroting opstel en veesiektes diagnoseer. Die manier waarop ek en jy leef en boer, wys hoe lief ons God het.

**Ons opdrag is om die Here ons God lief te hê met ons hele hart en met ons hele siel en met al ons krag en ons hele verstand. Daarom streef ons na *Living and Farming God's Way.***

**Leuen:** *Jy kan God liefhê, sonder dat jou lewe dit wys.* **Dis nie waar nie!** Verwerp dié opvatting.

**Onthou:** Jou hele lewe moet wys hoe lief jy God het. Gebruik jou boerdery om te wys dat jy Hom baie liefhet.

**Opdrag:** Memoriseer Lukas 10:27 en 1 Johannes 5:3.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat landbouers en landbouleiers in alles aan God gehoorsaam sal wees.
- † Bid dat Christen-landbouers na *Living and Farming God's Way* sal streef omdat hulle God liefhet.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Swaziland.

## Dag 5
## *Living and Farming God's Way*…
## So eer ons die Here in alles wat ons doen.

**Lees:** 1 Korintiërs 10:31 en Amos 5:21-24

**Samevatting:** *Ons opdrag is om alles wat ons doen tot eer van die Here te doen - 24 uur van elke dag, 7 dae van elke week. Daarom streef ons na Living and Farming God's Way, 24/7.*

God stel belang in elke dag van die week. Nie net in Sondae nie. Hy stel nie net belang in wat ons in die kerk doen nie. Hy stel veral belang in wat ek en jy by die huis en op die plaas doen. Die Here stel nie net in die mens se siel belang nie, maar in die hele mens (siel, gees en liggaam – 1 Tessalonisense 5:23). Die hele lewe is vir God belangrik. Die aarde en alles daarop het God deur Christus geskep en dit behoort aan Hom (1 Korintiërs 10:26; Kolossense 1:15-20). Christus se Koningskap kan nie tot die kerk beperk word nie. Hy is Koning oor die hele aarde, oor alles en almal (Openbaring 1:5). Hoe ek en jy leef en boer, moet wys dat Christus ons Koning is en dat ons eerbied en respek vir Hom het.

Om tot eer van die Here te lewe en te boer, beteken jy moet dit wat jy in die kerk leer, in die week gaan doen. Jy eer God as jy goed vir jou diere en jou bome sorg (Spreuke 12:10 en 27:18 en 23). Jy eer God wanneer jy die waarheid praat en mense op 'n liefdevolle manier aanspreek; wanneer jy jou oor arm mense ontferm; as jy nie vloek en skel wanneer jy kwaad word nie; as jy selfbeheersing aan die dag lê en nie jou humeur verloor nie; wanneer jy ander vergewe omdat God jou vergewe het (Efesiërs 4:25-32). Jy eer God as jy hard werk (2 Tessalonisense 3:6-15); as jy jou huismense goed versorg (1 Timoteus 5:8). Jy eer God as jy jouself, jou huis en jou omgewing skoon en netjies hou. Jy eer God as jy die voertuie en implemente waarmee julle werk, mooi oppas en goed in stand hou. Jy eer God wanneer jy betyds is en die regte ding op die regte tyd doen. Jy eer Hom as jy ter wille van jou kinders en jou gemeenskap liewer nie drank gebruik nie, omdat jy weet hoeveel hartseer, ellende en armoede dit in baie huise veroorsaak (Romeine 14:19-20; Spreuke 23:20-21 en 23:29-35).

As ons nie tot eer van die Here leef en boer nie, beteken ons godsdiens niks. Dan haat en verafsku God al die feeste en spesiale geleenthede soos Kersfees, Paasfees, Pinkster en Nagmaal wat ons in die kerk vier (vgl. Jesaja 1:10-17). Dan is dit alles 'n mors van tyd en geld. Dan is selfs

ons sang en musiek vir die Here net 'n rumoer waarvan Hy niks hou nie (Amos 5:21-24). Alles wat ons doen - in die kerk, buite die kerk en in die landbou - wys of ons eerbied en ontsag vir God het.

**Ons opdrag is om alles wat ons doen, tot eer van die Here te doen - 24 uur van elke dag, 7 dae van elke week. Daarom streef ons na *Living and Farming God's Way,* 24/7.**

**Leuen:** Jy kan leef soos jy wil, solank jy net gedoop is, aan 'n kerk behoort en gereeld kerk toe gaan. **Verwerp dié dwaling!**

**Onthou:** Met *Living and Farming God's Way* sê ons duidelik dat Jesus se Koningskap nie tot die kerk beperk kan word nie. Hy is ook Koning oor die landbou!

**Opdrag:** Memoriseer 1 Korintiërs 10:31.

**Gebed:**
† Reageer in gebed op God se Woord.
† Bid dat landbouers God sal eer in alles wat hulle doen.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Namibië</u>.

## Dag 6
## *Living and Farming God's Way…*
## Só bou ons aan God se Koninkryk.

**Lees:** Matteus 6:9-13 en 6:33

**Opsomming:** **<u>Building God's Kingdom God's Way</u>** *is ons opdrag! Jesus het ons beveel om ons te beywer vir die Koninkryk van God. Hy het gesê ons moet bid dat God se wil hier op aarde sal geskied, net soos in die hemel. Die kultuur en leefwyse van die hemel moet dus die kultuur en leefwyse op aarde word. Dán kom sy Koninkryk. Daarom strewe ons na Living and Farming God's Way.*

Baie mense maak die fout om te dink dat hulle God net in die kerk as Koning hoef te erken. Hulle dink die kerk en geloofsake is die enigste terreine waar Hy 'n sê het. Dis nie waar nie. God se Koningskap strek oor die hele skepping, die hele lewe en oor alle mense. Hy is Koning oor die regeerders van die aarde. Aan Hom is alle mag en gesag gegee

(Daniël 2:20-22; 4:2-3; 4:25, 32, 34-35 en 37; Matteus 28:18-19; Efesiërs 1:21 en Openbaring 1:5). Selfs dié wat dit nie nou wil aanvaar nie, sal eendag gedwing word om voor die Koning te buig (Filippense 2:9-11).

God se Koninkryk kom waar mense sy Koningskap aanvaar en die wil van die Koning gehoorsaam. As meer en meer landbouers God se koningskap aanvaar en Hom gehoorsaam, dan kom sy Koninkryk in die landbou. As jy in jou verhouding met ander mense doen wat God sê, dan kom sy Koninkryk in jou verhoudings. As Hy die finale sê oor jou geld het, dan kom sy Koninkryk in jou finansies. As jy glo en doen wat God, die Insteller van die huwelik oor die huwelik sê, dan kom sy Koninkryk in jou huwelik.

Ek en jy moet dus alles in ons vermoë doen om iets van die hemel hier op die aarde sigbaar te maak. Ons lewe en ons boerdery moet al hoe meer 'n prentjie van die hemel word. Mense wat daarna kyk moet 'n stukkie hemel daarin sien - waar alles volgens die wil van die Koning gedoen word. Met *Living and Farming God's Way* erken en bely ons God se koningskap oor die landbou.

***Building God's Kingdom God's Way* is ons opdrag! Jesus het ons beveel om ons te beywer vir die Koninkryk van God. Hy het gesê ons moet bid dat God se wil hier op aarde sal geskied, net soos in die hemel. Die kultuur en leefwyse van die hemel moet die kultuur en leefwyse op aarde word. Dán kom sy Koninkryk. Daarom strewe ons na *Living and Farming God's Way.*** [1]

**Leuen:** *Christus is net Koning in die kerk en het daarom net in die kerk 'n sê.* **Dis 'n leuen.** Moet dit nie glo nie!

**Onthou:** Beywer jou vir *Living and Farming God's Way.* Só maak jy iets van die hemel nou reeds op die aarde sigbaar. Dit is wat God wil hê.

**Opdrag:** Memoriseer Matteus 6:9 en 33.

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord.

† Bid dat Christus se Koningskap deur landbouers erken en aanvaar sal word. Bid dat hulle elke dag in gehoorsaamheid aan Hom sal leef en boer.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Botswana.

---

1 Bestudeer ook die 40-Dae gebedsfokus: Die Koninkryk kom in die landbou.

## Dag 7
## *Living and Farming God's Way*…
## Dít beteken ons verwerp alle afgodery.

**Lees:** Deuteronomium 5:6-10 en Efesiërs 2:1-3

**Samevatting:** *Living and Farming God's Way is die enigste manier om te leef en te boer, want God verbied ons om naas Hom enige ander gode te hê of te gehoorsaam. Afgode is alle mense, geeste of dinge wat 'n groter invloed op ons lewe het as die God van die Bybel. Hy is die enigste ware God.*

*Living and Farming God's Way* is 'n leefstyl volgens die voorskrifte van die enigste ware God - dié God wat ons verlos en as sy kinders aanneem. *Living and Farming God's Way* is 'n verwerping van alle afgode. Afgode is alles wat vir ons belangriker as God is. Dis alles waaraan ons meer waarde heg as aan God en sy Woord. Alles wat 'n groter invloed as God op ons lewe en boerdery uitoefen, is afgode.

Byvoorbeeld: Waar die afgod van **gierigheid** heers (Efesiërs 5:5), sal mense oneerlik wees, ander uitbuit, skelm besigheid doen, hulle weiding vertrap of nooit hulle lande laat rus nie – net om meer geld en besittings te probeer kry.

**Eiesinnigheid** is ook 'n afgod (1 Samuel 15:23). Eiesinnigheid sê: Ek sal maak wat ek wil. Ek laat my deur niemand leer of voorskryf nie – nie eers deur God nie. Ek weet beter as Hy. Ek is die baas op my plaas! *Living and Farming God's Way* is net moontlik as jy bereid is om jou eie wil prys te gee en te doen wat God sê.

**Water- en voorvadergeeste** mag nie opgeroep en geraadpleeg word nie. Die Here God verbied jou om geeste of dooies te raadpleeg (Eksodus 20:1-6 en Deuteronomium 18:9-14). Dis onmoontlik vir dooies om met lewende mense te praat. Dié geeste is demone wat hulle as afgestorwenes voordoen. As jy raad en leiding in jou boerdery nodig het, vra vir God. Soek antwoorde in sy Woord. Jy kan ook ander landbouers se raad vra. Maar as dit in stryd met God se Woord is, mag jy dit nie volg nie. Indien jy dooies in belang van lewendes raadpleeg, vernietig jy jou eie toekoms en bring eindelose ellende oor jouself (Jesaja 8:19-22).

Dit kan gebeur dat jy God tweede stel omdat jy ***bang*** is (1 Samuel 15:24; Spreuke 29:25 en Openbaring 21:8). As dit gebeur, beteken dit dat **die ding**

**wat jy vrees,** jou lewe beheer en só God se plek in jou lewe inneem. Baie mense se lewe word beheer deur hulle vrees dat iemand hulle gaan toor, rampe oor hulle gaan stuur óf hulle gaan verwerp.

Wanneer jy **kwaad bly en bitter raak** teenoor iemand wat jou te nagekom of seergemaak het, gee jy die beheer oor jou lewe aan dié persoon oor. Jy maak hom/haar jou (af)god. Kom ek verduidelik. Skryf die volgende op 'n stukkie papier: *Ek haat jou en sal jou nooit vergewe nie!* Druk dit nou teen iemand se rug vas en hou dit téén hom. Dié persoon teen wie jy die papiertjie hou, is steeds vry om te kom en gaan soos hy wil. Maar jy het jou vryheid verloor. Jy moet nou loop waar hy loop omdat jy hom nie wil vergewe en vryspreek nie. Hy bepaal nou waar jy loop en hoe jy dink, asook wat jy besluit en doen. Hy is nou jou god, want hy beheer jou lewe. As jy bitter is, is *Living and Farming God's Way* onmoontlik, want dan beheer God nie jou lewe nie.

As **tradisies, gewoontes en gebruike van jou voorouers** in stryd met die Woord en wil van God is, mag jy nie daaraan vashou nie. As jy dit doen, is dié tradisies en oorleweringe vir jou belangriker as God (vgl. Markus 7:8-9). Dan is dit afgode. Hou op om dié gewoontes en gebruike te volg. *"The **Word**, the **Will**, the **Way** and the **Worship** of God"* moet vir jou altyd die belangrikste bly. Dít moet jou lewe bepaal. Die Here alleen is God. Niks en niemand mag vir jou net so belangrik, of belangriker as Hy wees nie.

***Living and Farming God's Way*** **is die enigste manier om te leef en te boer, want God verbied ons om naas Hom enige ander gode te hê of te gehoorsaam. Afgode is alle mense, geeste of dinge wat 'n groter invloed op ons lewe het as die God van die Bybel. Hy is die enigste ware God.**

**Leuen:** *Net beelde wat mense maak en waarvoor hulle dan buig, is afgode. Dis net dié beelde wat God verbied.* **Dis 'n leuen!** Die meeste afgode is nie beelde nie, maar allerhande ander goed wat vir mense belangriker as God is.

**Onthou:** Streef na *Living and Farming God's Way.* As jy op enige ander manier leef en boer, is jy besig met afgodery, want dan is iets of iemand anders vir jou belangriker as God en sy Woord.

**Opdrag:** Memoriseer Deuteronomium 5:7-9a.

**Gebed:** † Reageer in gebed op God se Woord.

- † Bid dat alle landbouers voor die Drie-enige God sal buig en Hom alleen sal aanbid en gehoorsaam.
- † Bid teen alle afgodery. Bely die afgode in jou eie lewe, asook in die lewe van jou familie, voorouers en volk.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Zimbabwe.

## Dag 8
## *Living and Farming God's Way…*
## Só maak ons dissipels.

**Lees:** Matteus 28:18-20

**Samevatting:** *Jesus het ons beveel om alle nasies dissipels te maak. Hy het gesê ons moet hulle leer om alles te dóén wat Hy ons beveel het. Daarom moet jy landbouers leer wat Living and Farming God's Way beteken. Terselfdertyd moet jy hulle afrig om Living and Farming God's Way elke dag prakties uit te leef.*

In AMOS definieer ons dissipelskap as **Oorgee, Omgee en Aangee.** Jesus en die dissipels se lewe is deur *oorgee, omgee* en *aangee* gekenmerk. Hulle het hul hele lewe *aan God oorgegee*. In alles het hulle God se wil gehoorsaam. Hulle het vir mense *omgegee* - vir mekaar en vir ander. Hulle het *omgegee* vir mense se fisiese en geestelike nood. Hulle het ook die goeie nuus, die *evangelie van Jesus Christus, vir mense aangegee.*

Wanneer ons mense dissipels maak, moet ons hulle leer om *oor te gee* aan *Jesus die Verlosser* én *Jesus die Koning.*

- Ons verkondig **Jesus as Verlosser** aan mense sodat hulle volkome op Hom kan vertrou en nie langer probeer om hulleself te red nie. Hulle moet Hom persoonlik leer ken. Hulle moet glo dat Hy die volle en finale prys vir al hulle sonde betaal het. Hulle moet aanvaar dat Hy hulle deur sy dood en opstanding met God die Vader versoen het. Hulle moet seker wees dat hulle kinders van God is en die ewige lewe het (Johannes 1:12 en 1 Johannes 5:12-13).
- Maar ons verkondig ook aan mense dat **Jesus die Koning** is en daarom moet sy wil gehoorsaam word. Hy het gesê: *Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het!* *Oorgee* beteken: *Buig voor die Koning en doen wat Hy sê* (Lukas 6:46).

Om *Living and Farming God's Way* te bevorder moet ek en jy dissipels maak. Ons moet daarna streef om aan elke persoon in Afrika, wat deel van die landelike en boerderygemeenskap is, die geleentheid te bied om 'n persoonlike verhouding met Christus te hê. Daarna moet ons hulle met kennis en vaardighede toerus om die wil van die Koning te doen. *Living and Farming God's Way* is 'n 24/7-leefwyse.

As jy mense nét leer hoe om eendag in die hemel te kom, het jy hulle nog nie dissipels van Jesus gemaak nie. Jy het eers Jesus se opdrag uitgevoer as jy mense geleer het hoe om elke dag van die week kerk van Christus te wees. Nie net hoe om op 'n Sondag kerk toe te gaan nie. Ek en jy het eers Jesus se opdrag gehoorsaam as ons landbouers geleer het om God se geld, grond en goed volgens sy begeerte te bestuur. Ons moet hulle leer om volgens die wil van die Koning met hulle arbeiders te werk óf teenoor hulle werkgewers op te tree. Ons moet hulle leer hoe om hulle kinders *God's Way* groot te maak en hulle boerdery *God's Way* te bestuur. Om dissipels te maak is dus om jou mede-landbouers (werkgewers en werknemers) af te rig (soos wat 'n sportspan afgerig word) om op God se manier te leef en te boer. Jy moet hulle help om dit wat hulle weet, te doen. Anders het jy hulle nog niks geleer nie.

**Jesus het ons beveel om alle nasies dissipels te maak. Hy het gesê ons moet hulle leer om alles te dóén wat Hy ons beveel het. Daarom moet jy landbouers leer wat *Living and Farming God's Way* beteken. Terselfdertyd moet jy hulle afrig om *Living and Farming God's Way* elke dag prakties uit te leef.**

**Leuen:** *Solank mense "Living and Farming God's Way" as 'n slagspreuk aanvaar, is dit genoeg. Hulle hoef nie regtig daarvolgens te leef en boer nie.* **Dis 'n leuen.**

**Onthou:** Ons moet doen wat die Koning sê (Lukas 6:44).

**Opdrag:** Memoriseer Matteus 28:18-20.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat die Here jou sal help om die landelike en boerderygemeenskap te dissipel.
- † Bid dat álle landbouers (kommersiële en bestaansboere; werkgewers en werknemers) Jesus as **Verlosser** sal aanneem, maar ook as **Koning** sal gehoorsaam.
- † Bid dat landbouleiers ook dissipels van Jesus sal word en dissipels vir Jesus sal maak.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Mosambiek</u>.

# Dag 9
## *Living and Farming God's Way*...
## Samevatting

**Lees:** Handelinge 26:20

Christene moet deur hulle dade bewys dat hulle tot bekering gekom het en aan God behoort. Daarom vra ek:

Het jy 'n **nuwe hart?** Esegiël 36:26-27
Ja…… óf Nee……
*Ja?* Wys dit dan deur *Living and Farming God's Way!*

Is jy **dankbaar** dat Jesus Christus jou verlos het? Hebreërs 12:28

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Nee |

Wys dit dan deur *Living and Farming God's Way!*

Glo jy dat God jou na **sy beeld** geskep het om as **sý verteenwoordiger** oor die aarde te heers en dit op te pas? Genesis 1:26-28 en 2:15
Ja…… óf Nee……
*Ja?* Wys dit dan deur *Living and Farming God's Way!*

Het jy die Here jou God **lief** met jou hele hart, jou hele siel, al jou krag en jou hele verstand? Lukas 10:27

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Nee |

Wys dit dan deur *Living and Farming God's Way!*

Wil jy 24 uur van elke dag alles tot **eer van God** doen – ongeag wat jy doen? 1 Korintiërs 10:31

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Nee |

Wys dit dan deur *Living and Farming God's Way!*

Is dit jou begeerte en gebed dat die **Koninkryk van God** op aarde én in die landbou moet kom? Matteus 6:9 en 33
Ja…… óf Nee……
*Ja?* Wys dit dan deur *Living and Farming God's Way!*

Bely jy dat die HERE jou God wat jou uit die sonde en dood verlos het, die **enigste ware God** is? **Verwerp jy alle afgode** en weier jy om hulle te vereer, te dien of te gehoorsaam? Deuteronomium 5:6-10
Ja…… óf Nee……
*Ja?* Wys dit dan deur *Living and Farming God's Way!*

Wil jy gehoorsaam wees aan Jesus se opdrag om na alle nasies toe te gaan en mense sy **dissipels te maak?** Wil jy hulle leer om alles te doen wat Jesus ons beveel het? Matteus 28:18-20

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja, | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Nee |

Rig hulle dan af en leer hulle *Living and Farming God's Way.*

**Opdrag:** Doen hersiening. Kyk hoeveel teksverse kan jy onthou.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat Christen-landbouers se dade die egtheid van hulle bekering sal bewys. Bid dat *Living and Farming God's Way* hulle lewenstyl sal wees.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Zambië.

**Verbintenis:** Here, op grond van bogenoemde agt redes verbind ek my tot *Living and Farming God's Way.* Help my asseblief deur u Gees om dit my leefstyl te maak en nie net as 'n mooi slagspreuk te gebruik nie.

……………………… ………………………

Naam Datum

## OPDRAG

1. Verduidelik in jou eie woorde aan 'n vriend waarom jy jou tot *Living and Farming God's Way* verbind het. Skryf dit hier neer.

…………………………………………………………………………………..

...……………………………………………………………………………….

…...…………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………….....

…………………………………………………………………………….....

**2.** Identifiseer iemand wat godsdienstig is en gereeld kerk toe gaan, maar wat gedurende die week meestal nie soos 'n Christen lewe nie. Bid en vra dat die Here jou die geleentheid sal gee om jou antwoord by nommer 1 met dié persoon te deel. Moenie probeer om hom of haar te oortuig nie. Vertel net waarom jy jou tot *Living and Farming God's Way* verbind het. Bid dat die Heilige Gees jou getuienis sal gebruik om jou vriend se lewe te verander.

# DEEL 2
## *God's way - Ons DNA*

**<u>God's Way</u>:** Die *AMOS*-visie is: *Living and Farming God's Way.* Ons verstaan *Living* and *Farming*, maar wat bedoel ons met ***God's Way?*** Ons moet tog verstaan wat ons visie beteken en hoe dit ons lewe en boerdery moet beïnvloed. ***God's Way* dui op die manier waarop God dinge doen.** Sy manier van doen behoort op een of ander wyse sigbaar te word in ons manier van doen, net soos kinders die gedrag van hul ouers reflekteer. Dink aan die Afrikaanse idioom: *Die appel val nie ver van die boom af nie.* Dit beteken die kind is baie soos sy ouers. Dit behoort waar te wees van elke Christen. Ons behoort baie soos ons Vader te wees (Matteus 5:48 en 1 Petrus 1:16). Ons is immers uit Hom gebore.

**DNA:** Google self die definisie van DNA. **DNA onderskei identiteit.** Dit dui aan dat ons mense is; dat ons elkeen uniek is; en dat ons van iemand afstam. Ons behoort ook 'n geestelike DNA te vertoon wat wys dat:

- ✓ ons kinders van God is (Johannes 1:12 en 1 Johannes 3:1-2);
- ✓ dat ons uit God gebore is (Johannes 1:13 en Hebreërs 2:11);
- ✓ en dat ons van Hom afstam (Handelinge 17:27-29).

Almal wat die *AMOS*-visie najaag, moet dieselfde DNA hê. Dis veral belangrik wanneer ons nuwe GF4GF Centres plant (GF4GF = Good Foundations for Good Fruit). Almal móét dieselfde DNA hê, anders gaan die GF4GF-netwerk uitmekaarspat. Wanneer ons dieselfde DNA het, werk alles makliker:

1. **Eenheid en samewerking is makliker**, want ons het dieselfde waardes. Dieselfde dinge bepaal ons denke, redenasies en besluite.
2. **Minder reëls is nodig.** Dis amper soos die Heilige Gees wat die geskrewe wet vervang deur ons persoonlik te lei. Die leiding van die Gees is meer dinamies, spesifiek en toepaslik in elke nuwe situasie. Soos die Gees bring DNA ook vryheid. Dit bied 'n raamwerk waarbinne besluite geneem en standpunte getoets kan word. Geen besluit wat 'n streep deur ons DNA trek, mag ooit geneem word nie.
3. **Ons kan mekaar makliker vertrou.** Dis nie nodig om mekaar gedurig te probeer manipuleer, domineer en kontroleer nie. Omdat ek weet hoe my medewerker/broer en suster dink en redeneer, is ek seker dat hy/sy 'n verantwoordelike *God's Way*-besluit in elke situasie sal neem.

## Dag 10
## Wat is kenmerkend van God's Way?
## *God's Way* is deur die Heilige Gees.

(1ste kenmerk - deel 1)

**Lees:** Genesis 1:2; Sagaria 4:6; Johannes 3:34

Die Woord sê dat die aarde aan die begin *onbewoonbaar* was. Die Hebreeuse woord *(tohuw)* toon aan dat die aarde leweloos en steriel was. Maar die Gees van God het oor die waters gesweef *(rachaph)*. Letterlik vertaal beteken dit *broei*, of *geboorte gee*. (Dis 'n woord wat reproduksie kan aandui en selfs gebruik kan word vir 'n man wat oor sy bruid *sweef*. Dit kan dus ook met *"bevrug"* vertaal word.)[2] ***Deur die Heilige Gees*** is lewe en geboorte gegee aan dit wat Jesus gesê het (Johannes 1:1-3). Psalm 90:2 bevestig dat ons wel kan praat van die geboorte van die skepping: *Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!*

Abraham en Sara se omstandighede was soortgelyk. Abraham se liggaam was al gedaan en Sara reeds te oud om kinders te baar (Romeine 4:18-19; Genesis 12 en 17). Ons kan aanvaar dat dit ***deur die Gees*** was dat Abraham en Sara krag ontvang het om aan Isak geboorte te gee (Hebreërs 11:11).

Telkens wanneer God in die Ou Testament 'n leier geroep het vir 'n belangrike taak, was vrees hulle eerste reaksie. Dan het God hom gerusgestel met die woorde: ***Ek is met jou!*** (Moses in Eksodus 3:12; Josua in Josua 1:5 en 9; Gideon in Rigters 6:12 en 16; Jeremia in Jeremia 1:8 en 19, en later ook die dissipels in Matteus 28:18-20). ***Deur sy Gees*** was en is God by sy kinders teenwoordig wanneer hulle sý opdrag moet uitvoer en hulle roeping vervul.

God het Moses ***deur sy Gees*** toegerus om die volk uit Egipte te lei. Toe Moses hulp vra, het God van die Gees wat Hy op Moses laat rus het, geneem en dit op 70 leiers geplaas (Numeri 11:17 en 25).

Aan die begin van die Ou Testament lees ons dat die Here Besaleël ***deur sy Gees*** toegerus het, sodat hy met vaardigheid, insig en verstand alle werk van 'n vakman kon doen. Hy kon selfs ander as vakmanne oplei (Eksodus 31:1-6 en 35:30 - 36:1).

---

[2] Dutch Sheets: Die krag van intredende gebed Bl.130-131

***Deur sy Gees*** het die Here die rigters gelei en sterk gemaak om die vyand te oorwin en God se volk te lei (vgl. Rigters 13:25; 14:19 en 15:14).

Toe die tyd van die konings aanbreek, het God hulle ***deur sy Gees*** toegerus vir hulle taak. Die Gees het aanvanklik kragtig in Saul gewerk (1 Samuel 10:6 en 10; 11:6). Maar toe hy deur Dawid as koning vervang is, het die Gees hom verlaat en kragtig in Dawid gewerk (1 Samuel 16:13-14).

Die profete is ook ***deur die Gees*** van God gelei en geïnspireer. Dit is opvallend hoe Esegiël ***deur die mag van die Here*** in besit geneem is en ***deur die Gees*** beweeg is (Esegiël 1:3; 2:2; 3:12, 14 en 24; 37:1).

Toe Jesaja die koms van Jesus voorspel, het hy gesê:

> ***Die Gees*** *van die Here sal op Hom rus:*
> ***die Gees*** *wat wysheid en insig gee,*
> ***die Gees*** *wat raad en sterkte gee,*
> ***die Gees*** *wat kennis verleen en eerbied vir die Here*
> (Jesaja 11:2).

Die profeet Joël het voorspel:

> *Wanneer dit alles gebeur het,*
> ***sal Ek my Gees*** *laat kom op al die mense,*
> *julle seuns en julle dogters sal as profete optree,*
> *julle oumense sal drome droom,*
> *julle jong mans sal visioene sien.*
> *In daardie tyd* ***sal Ek my Gees*** *laat kom*
> *selfs op dié wat nie in aansien is nie* (Joël 2:28-29).

Miga het geweet dat hy slegs **deur die Gees van die Here** as profeet kon optree:

> *Ek, daarenteen, het baie krag, ek het die Gees van die Here, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding* (Miga 3:8).

In Sagaria 4:6 het die Here aan Serubbabel gesê:

> *... Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar* ***deur my Gees****, sê die Here die Almagtige."*

Die profesie van Jesaja is in Jesus Christus vervul. In Lukas 1:35-37 het die engel Maria verseker: ***Die Heilige Gees sal oor jou kom, en***

***die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek*** (letterlik: die krag van die Allerhoogste sal jou ***soos 'n skaduwee bedek.*** *Dit laat my weer dink aan "rachaph", die broei of sweef van die* Heilige Gees in Genesis 1:2). *Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. Niks is vir God onmoontlik nie.*

Maar Jesus is nie net ***deur die Heilige Gees*** verwek nie, Hy is ***deur die Gees*** toegerus vir sy roeping en taak (Matteus 1:18 en 20; 3:16; Lukas 4:14 en 18). Johannes getuig dat Jesus God se woorde spreek omdat God sy Gees sonder enige beperking vir Hom gegee het (3:34 - letterlik vertaal: *sonder om die Gees af te meet.* Lees ook Kolossense 1:19).

<u>Die profesie van Joël is op Pinksterdag vervul</u>. Die Heilige Gees het op almal gekom en Petrus en die ander apostels het onder leiding van die Gees begin praat (Handelinge 2:1-4 en 14). Só is Jesus se belofte vervul: *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld* (Handelinge 1:8).

Die boodskap van die Ou Testament is duidelik: Wanneer God lewe wil bring; wanneer Hy iets nuuts wil doen; wanneer Hy die lot van sy volk wil verander; wanneer Hy leiers en konings wil toerus vir hulle taak; wanneer Hy sy wil deur profete aan sy volk bekend maak; wanneer Hy 'n prentjie van die toekoms vir hulle teken om hulle hoop te gee, ***doen Hy dit alles deur die Heilige Gees.***

Al hierdie dinge wil, kan en sal God vandag nog ***deur sy Gees*** vir ons doen. Dis *God's Way:* ***Deur die Gees!***

**Vraag:** Landbouers en landbou móét verander. Deur wie gaan God dit doen? Hoe gaan God dit doen?

**Opdrag:** Dank die Heilige Gees vir wie Hy is en wat Hy doen!

**Gebed:**
† Reageer in gebed op God se Woord.
† Vra dat die Heilige Gees geboorte sal gee aan God se plan vir die platteland en die landbou.
† Bid nou reeds die *barensnood-gebed* aan die einde van die volgende hoofstuk.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Malawi</u>.

# Dag 11
# Wat is kenmerkend van God's Way?
# *God's Way* is deur die Heilige Gees.

(1ste kenmerk - deel 2)

**Lees:** Romeine 8:14-16

Toe God sy Seun as mens na die aarde gestuur het om alles in die hemel en op die aarde met Homself te versoen (Kolossense 1:19-20), is Jesus ***deur die Heilige Gees*** verwek en toegerus. Nadat sy werk op aarde voltooi is en Hy teruggekeer het na sy Vader, het Hy en die Vader die Heilige Gees in sy plek gestuur (Johannes 14:15-26 en 16:1-24).

***Deur die Gees*** word ons weer (letterlik: van bo af = uit God) gebore en kry ons nuwe lewe (Johannes 1:12-13; 3:3-8; 6:63; 2 Korintiërs 5:17-18a).

***Deur die Gees*** word ons as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees wat in ons woon is die waarborg van wat ons nog alles sal ontvang (2 Korintiërs 1:22; Efesiërs 1:13 en 4:30).

***Deur die Gees*** word ons verseker dat ons God se kinders is. Hy gee ons die vrymoedigheid om God as *Abba* Vader aan te spreek. In Romeine 8:14-16 staan: *Almal wat hulle **deur die Gees** van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.*

Ons word ***deur die Gees*** geleer en herinner aan alles wat Jesus gesê het. Die Gees lei ons in die volle waarheid (Johannes 14:26 en 16:13);

***Deur die Gees*** word ons voortdurend verander om aan die beeld van Christus gelyk te word (2 Korintiërs 3:18).

Jesus het, toegerus ***deur die Gees,*** die waarheid van die Koninkryk verkondig én die krag daarvan demonstreer (Matteus 4:17 en 23). Ons word ook ***deur die Gees*** van Christus toegerus om Jesus se woord- én daad-bediening voort te sit. Ons kry die gawes en die vrug van die Gees (Lukas 9:1-2; Handelinge 1:8; 1 Korintiërs 12 tot 14; Galasiërs 5:22-23). ***Deur die Gees*** word ons uitgestuur (Handelinge 13:4a).

***Deur die Gees*** openbaar God aan ons hoe onbeskryflik wonderlik sy bedoeling mét, en sy erfenis vír ons is: *Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet. Aan ons dan het God dit **deur die Gees** bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God. Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God. Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het* (Jesaja 64:4 en 52:15; 1 Korintiërs 2:9-12).

***Deur die Gees*** sal ons sterflike liggame eendag lewend gemaak word: *Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak **deur sy Gees** wat in julle woon* (Romeine 8:11). Romeine 8 kan in drie woorde opgesom word: ***Deur die Gees!***

***Alles deur die Gees!*** Daarom is ***deur die Gees*** beslis die eerste en belangrikste kenmerk van *God's Way.* Dit is slegs ***deur die Heilige Gees*** dat *Living and Farming God's Way* moontlik is.

**Vraag:** Waardeer jy die Persoon en werk van die Heilige Gees, sóós jy die Vader en die Seun waardeer?

**Opdrag:** Moenie die Heilige Gees bedroef (Efesiërs 4:30) deur steeds soos die *ou mens* te leef nie (Efesiërs 4:17-24). Hy het jou mos 'n *nuwe mens* gemaak.

**Onthou:** Die **windpomp is 100% afhanklik van die wind.** Sonder die wind is selfs die beste windpomp nutteloos. Net só is ons volkome afhanklik van die werk van die Heilige Gees om landbou te transformeer.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat Amos Agrimin 'n bediening van die Gees sal wees. Bid dat *AMOS* in die warrelstroom (*"slipstream"*) van die Heilige Gees sal beweeg en oorwin. *"Wanneer jy 'n geritsel in die toppe van die melkbosse hoor, moet jy* (blitsvinnig - 2 Samuel 5:24)

*aanval, want dan trek die Here voor jou uit om die leër van die Filistyne te verslaan"* (1 Kronieke 14:15).

† *"As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink. Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang..."* (Johannes 7:37b-39a). Bid dat die Gees uit jou sal stroom en deur jou gebede, getuienis en werk, die lewe op die platteland na *Living and Farming God's Way* sal transformeer.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Tanzanië.

**GOD'S WAY** is deur die Heilige Gees.

**Ons DNA:** Ons is die tempel van die Heilige Gees. Hy woon in ons (1 Korintiërs 3:16 en 6:19). Hy het in ons kom woon omdat ons die Evangelie glo – nie omdat ons die wet onderhou nie (Galasiërs 3:2, 5 en 14). Ons, die liggaam van Christus, is almal met een Gees gedoop. Ons is almal met een Gees deurdrenk (1 Korintiërs 12:13). Alles wat God <u>ín</u> ons wil doen, doen Hy ***deur die Gees.*** Hy maak ons ook bekwaam ***deur die Gees*** van Christus vir alles wat Hy <u>déúr</u> ons wil doen.

- ✓ Ons aanbid die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun as die Drie-enige God;
- ✓ Ons eer, respekteer en waardeer die mooi werk van die Heilige Gees in ons lewe;
- ✓ Ons is hartseer wanneer ons die Heilige Gees bedroef (Efesiërs 4:30) en wil dit nooit doen nie;
- ✓ Ons begeer om voortdurend deur die Gees verander en vernuwe te word na die beeld van Christus en meer onder sy beheer te leef;
- ✓ Ons wil al die vrug van die Gees dra;
- ✓ Ons dank God vir die verskeidenheid gawes van die Gees waarmee Hy ons toerus om sý werk voort te sit.
- ✓ Nog toepassings:

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

# Barensnood-gebed vir die landbou

Heilige Gees, ek aanbid U saam met die Vader en die Seun as die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid (Matteus 28:19; 2 Korintiërs 13:13). U is die Gees van God en van Christus (Joël 2:28-29; 1 Korintiërs 3:16 en Romeine 8:9). Ek aanbid U as die Een wat aan my wedergeboorte en nuwe lewe gegee het. Dankie dat U in my woon en vir altyd die waarborg is dat ek alles sal ontvang wat God belowe het. Ek aanbid U as die Een wat my leer en onderrig in die waarheid van Jesus Christus. Ek aanbid U as die Een wat dit wat Christus op Golgota bewerkstellig het, in my lewe ’n werklikheid maak. Ek aanbid U as die Een wat my dag vir dag verander om meer aan die beeld van Christus gelyk te word.

Heilige Gees, ek is in barensnood oor die landbou totdat Christus in elke landbouer gestalte kry en die Koninkryk van Christus in die landbou sigbaar word. Daarom vra ek, Gees van God, kom wek nuwe lewe in die landbougemeenskap en skenk op groot skaal wedergeboorte aan landbouers. Kom sweef oor die grondgebied van Afrika en gee geboorte aan God se plan vir landbou in Afrika; aan dit wat U sal verheerlik en maak dat mense U loof; aan dit wat reg is teenoor almal; dit wat mooi en goed is vir almal; dit wat sal maak dat almal u goedheid proe. Gee geboorte aan dit wat ’n getuienis teenoor die ganse wêreld sal wees; dit wat ons almal se probleme minder en ons lewe beter sal maak. Kom skep nuwe lewe en buitengewone vrugbaarheid in die grond.

Gees van God, kom openbaar aan ons God se wil vir die landbou in die 21ste eeu. Kom wys vir ons ’n prentjie van hoe God wil hê dit moet lyk. Rig dan vir ons landbouleiers op wat hierdie prentjie sien en deur U gewillig en bekwaam gemaak word om ons na *Living and Farming God’s Way* te lei. Kom leer ons stap vir stap wat *God’s Way* werklik beteken. Laat *God’s Way* nie afgewater word tot ’n slagspreuk nie, maar wek in ons die begeerte om só te leef en te boer! Kom maak alles nuut!

Laat die grond van Afrika God uitbundig prys omdat die boere dit met soveel liefde versorg en met verantwoordelikheid gebruik. Laat die grond sy dankbaarheid wys deur oorvloed te produseer en mag elkeen wat daarvan eet God se goedheid proe. Laat elke land U prys vir kos uit Afrika!

Gees van God, gee asseblief nou geboorte aan die volle betekenis van ***Living and Farming God’s Way.*** Maak dit ’n werklikheid.

**Amen. Só sal dit wees! Ons glo dit!**

# Dag 12
# Wat is kenmerkend van *God's Way*?
# Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.

(2$^{de}$ kenmerk - deel 1)

**Lees:** Genesis 17:1-6 en 17-19, asook 18:11-12; Romeine 4:18-21

Ek onthou nog die oggend in November, jare gelede op Verlateput, toe ek in my gees gehoor het dat die Here vir my sê: *Hennie, jou probleem is dat jy weier om "nonsens" te glo.* In sy groot liefde het Hy sy Woord vir my begin oopbreek en my stap vir stap begin leer om *"nonsens"* te glo. Dié reis gaan steeds voort en ek word voortdurend uitgedaag om God toe te laat om my denke hieroor te vernuwe. Ek móét leer dat God is wie Hy sê Hy is. Dat Hy steeds kan doen wat die Bybel sê Hy al gedoen het. Ek moet glo dat Hy al sy beloftes wil, kan en sal nakom. Kom stap dié pad saam met my.

*******

Wat doen ek as ek 'n kudde wil bou? Ek doen die *logiese*. Ek koop goeie, prestasie-getoetste ramme en sit hulle by my beste en vrugbaarste ooie. Maar wat doen die Here as Hy 'n hele volk, wat meer is as die sand van die see, wil bou? Hy doen iets **radikaal anders**. Hy kies 'n "dubbeld-onvrugbare" vrou en 'n baie ou man wie se liggaam al gedaan was (Romeine 4:18-21). Sara was haar lewe lank onvrugbaar. Wat was die kans dat sy op negentig 'n kind in die wêreld kon bring, en dit van 'n man wat reeds 100 was (Genesis 17:17)? Selfs vrugbare vrouens kraam nie meer op negentig nie! As jy vandag 'n soortgelyke storie vir iemand vertel, sal die persoon sê: *Belaglik! Nonsens! Onmoontlik!* Dit was ook Abraham en Sara se eerste reaksie (Genesis 17:17 en 18:12).

Maar hierdie verhaal is nie die uitsondering nie. Deur die geskiedenis het God dikwels magtige dinge gedoen deur die seuns wat Hy aan onvrugbare vroue gegee het. **Isak** is uit Sara gebore (Genesis 21); **Josef** is uit Ragel gebore (Genesis 30:1 en 22-24); **Simson** is uit die onvrugbare vrou van Manoag gebore (Rigters 13:2ev); Rut het **Obed** in die lewe gebring (sy was kinderloos toe sy met Boas getrou het – Rut 4:13ev); Hanna het vir **Samuel** in die wêreld gebring (1 Samuel 1:2) en **Johannes die Doper** se ma was die onvrugbare en bejaarde Elisabet (Lukas 1:18 en 36). Jy sien, God werk anders! Na jare se gemeenskap met hulle mans, gee Hy aan onvrugbare en bejaarde vrouens kinders. Maar Hy gee ook vóór enige gemeenskap met 'n man, aan die maagd Maria 'n **Kind** (Lukas 1:34-38). Medies gesproke sit ons hier met sewe

"nonsens-verhale". *God's Way* is só radikaal anders, dit klink na nonsens. Dit maak nie sin nie! Maar dis hoe God werk! Niks is vir Hom onmoontlik nie (Lukas 1:37; lees ook vers 34-38).

Dit behoort nou al vir jou duidelik te wees dat *Living and Farming God's Way* op baie punte radikaal anders gaan wees. Dit vra van jou en my om te glo dat niks vir God onmoontlik is nie. Ons móét glo dat tekens en wonders dikwels die manier is waarop God dinge doen. Wanneer Hy iets op sý manier doen *(God's Way)*, word sý krag openbaar en ontvang Hy lof en eer.

**Vraag:** Glo jy die wonderwerke waarvan ons in die Bybel lees? Glo jy dat God vandag steeds sulke wonders doen?

**Opdrag:** Glo "*nonsens"*, want niks is vir God onmoontlik nie!

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Vra dat die Here jou sal help om te glo dat Hy vandag steeds al die wonders waarvan ons in die Bybel lees, wil en kan doen!

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Angola.

## Dag 13
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.

(2de kenmerk - deel 2)

**Lees:** 1 Korintiërs 1:18-32

*God's Way* is só radikaal anders, dit klink na nonsens. Daar is talle verhale in die Bybel wat nie vir ons sin maak nie. Dink maar aan Gideon. Hy is die mees onwaarskynlike persoon om Israel uit die mag van die Midianiete te verlos. Hy is bang en kruip weg. Hy kom uit die armste familie in die hele Manasse. Van sy pa se kinders het hy die minste aansien (Rigters 6:14-15 – lees asseblief die hele hoofstuk 6, tot en met 7:7). Nogtans besluit die Here om hom te gebruik. Maar dis nie al nie. Gideon het nie 'n goeie kans teen die ontelbare Midianiete gestaan nie. Nogtans verwag die Here dat hy sy manne van 32 000 tot 10 000, en toe tot 300 verminder. Dis nie logies nie. Dit maak nie sin nie. Maar dit is *God's Way!* Só openbaar God sy mag en maak seker dat Hy alleen die lof en eer kry (Rigters 7:2).

Daar is baie voorbeelde waar God bo-menslike en bo-natuurlike dinge gedoen het. Dink aan Josafat wat 'n klinkende oorwinning oor die magtige Moabiete behaal het deur die koor eerste die geveg in te stuur (2 Kronieke 20, veral vers 21). ***God's Way*** is radikaal anders, dit klink na nonsens. Dink aan dié grootste natuurwonder ooit in die geskiedenis: God luister na Josua en laat die son en die maan byna 'n volle dag stilstaan om God se volk die geleentheid te gee om die oorwinning oor hulle vyande te behaal (Josua 10:12-14. So terloops, dit word deur moderne wetenskap bevestig dat dit wel gebeur het.). ***God's Way*** is radikaal anders. Dit klink na nonsens. Daar is nog baie ander tekens en wonders in die Bybel, byvoorbeeld in 1 Konings 1 tot 7. Nie een kan logies verklaar word nie.

***God's Way*** is so radikaal anders, dit klink na nonsens. **Dit is veral waar van die kern van die Evangelie.** Die verhaal van Jesus maak nie sin vir dié wat verslaaf is aan logika en sogenaamde wetenskaplik-bewysbare en konkrete feite nie. Dit is nonsens. Die maagdelike geboorte: *Nonsens!* Jou gesonde verstand sê mos vir jou dis onmoontlik. Die opstanding uit die dood en die hemelvaart: *Nonsens!* En tussen die maagdelike geboorte en die hemelvaart lê die *nonsens*-verhaal van die kruis, van verlossing van die bose en versoening met God (1 Korintiërs 1:18-32)! Dank die Here die kruis is net onsin *(nonsens)* vir die wêreld, vir dié wat verlore gaan. Vir ons is dit die openbaring van die reddende krag van God (vgl. Romeine 1:16).

Dit wat God in die verlede gedoen het, maak nie altyd sin nie. Daarom sal dit wat Hy vandag doen ook nie altyd sin maak nie. Wanneer God iets op sy manier doen (*God's Way*), word sý krag openbaar. Dan ontvang Hy lof en eer. Ons moet glo dat God dikwels tekens en wonders gebruik om dinge doen.

**Vraag:** Is jy bereid om die hele Bybel te glo? Aanvaar jy dit as die Woord van God? Of aanvaar jy net dit wat vir jou sin maak?

**Opdrag:** Moenie verbaas wees as mense nie die Evangelie wil glo nie. Onthou, dit maak nie vir hulle sin nie. Bid dat die Here die sluier oor hulle verstand sal wegneem (2 Korintiërs 4:3-4).

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord.

† Bid dat die Here Homself op 'n bonatuurlike manier aan die landelike en boerderygemeenskap sal openbaar en dat hulle ontvanklik vir die Evangelie sal wees.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in die DRK.

# Dag 14
# Wat is kenmerkend van *God's Way*?
# Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.

(2de kenmerk - deel 3)

**Lees:** Jesaja 55:8-11 en Lukas 1:26-39

God dink en doen anders as mense. Daarom kan ons nie met logiese denke en redenasies by God se planne uitkom nie. God se planne moet openbaar word. Maar daar is dinge wat maak dat ons nie altyd hoor wat God sê nie. *Eerstens* verwag ons dat God in 'n fisies hoorbare stem met ons moet praat. Dit gebeur feitlik nooit. Daarom mis ons meestal wat God sê. Ons dink nie dis Hy wat praat nie. Ons besef nie dat Hy op verskillende maniere praat nie. Dikwels praat Hy deur sy Woord of net met die sagte stem van sy Gees in ons gedagtes. *Tweedens* hoor ons nie wat God sê nie, omdat ons verwag dat dit wat Hy sê, logies moet wees. Ons dink mos as iets nie sin maak nie, is dit nie van God nie.

Dit gaan oor **God se rhēma-woord.**[3] Wanneer God iets sê wat menslik onmoontlik klink, mag ons nie sê: *Dis onmoontlik!* nie. Ons moet soos Maria in Lukas 1:37-39 reageer en sê: *"Laat dit met my gaan volgens u Woord"* (1953-Vertaling). Dan moet ons soos Maria sonder versuim op God se woord begin handel! ***Niks wat God sê is onuitvoerbaar nie!***

Een van my persoonlike slagspreuke na aanleiding van Efesiërs 3:20 is: ***Moenie dink aan dit wat jy vir God kan doen nie. Dink aan dit wat Hy deur jou kan doen.*** Hy kan veel méér doen as wat ons bid of dink. Hy kan die see oopkloof as jy jou kierie in geloof en gehoorsaamheid oplig en jou hand oor die see uitsteek (Eksodus 14:11-16).

**Daarom:**

- Gehoorsaam God se opdragte, al maak dit vir jou nie sin nie. Maak net seker dat jy Hom reg hoor. Praat ook met medegelowiges wat hierdie *God's Way*-beginsel verstaan.
- Moenie verbaas wees as baie van God se opdragte jou in 'n geloofskrisis dompel omdat dit onuitvoerbaar lyk nie. Jy moet glo en gehoorsaam al lyk dit onlogies en onmoontlik. God het in die tyd van die Bybel so gewerk. Hy werk vandag nog so. (In Handelinge 9:10-13 lees ons bv. van die geloofskrisis waarin God se opdrag Ananias gedompel het.)

---

[3] **Rhēma** verwys na 'n spesifieke woord van God aan 'n individu of groep wat van toepassing is binne 'n bepaalde situasie.

- Verwag dat God jou gaan gebruik vir take waarvoor jy nie kans sien nie. Baie mense in die Bybel het eers beswaar gemaak toe die Here hulle 'n opdrag gegee het, byvoorbeeld Moses (Eksodus 3:11 tot 17), Gideon (Rigters 6:11-40) en Jeremia (Jeremia 1:4-10).
- Vra dat God wonders sal doen om jou te help en om jou in staat te stel om sy opdragte uit te voer. Verwag en glo dat Hy dit sál doen.
- Verwag dat *Living and Farming God's Way* jou voor nuwe geloofs-uitdagings sal stel, want *God's Way* is só radikaal anders. Dit klink dikwels na nonsens. *Living and Farming God's Way* daag jou uit om die onmoontlike te glo.
- Wees bereid om anders te wees en dinge anders te doen as die wêreld – anders as almal wat nie in die HERE ons God glo nie.

**Vraag:** Het jy 'n duidelike *rhēma*-woord van God oor 'n spesifieke saak? Is jy bereid om op grond daarvan iets *simpel* te doen?

**Opdrag:** Indien jy nie nou aan 'n *rhēma*-woord kan dink nie, moenie bekommerd wees nie. Vra dan net dat die Here op sy tyd vir jou 'n woord sal gee wat op sy hart vir jou is!

**Gebed:**
† Reageer in gebed op God se Woord.
† Bid dat ons ook gewone opdragte van die Here wat nie vir ons sin maak nie, sal gehoorsaam. Dink aan die opdragte in Lukas 6:27 en verder. Om jou vyande lief te hê en om goed te doen aan dié wat jou kwaad aandoen, maak mos nie sin nie.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in die Kongo.

## Dag 15
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens.

(2de kenmerk - deel 4)

**Lees:** 2 Konings 4:42-44 en Hebreërs 11:6

Dis altyd moeilik om vir ander te verduidelik hoe jy weet dat dit God is wat met jou praat. Dis veral moeilik as dit wat Hy sê so radikaal anders is dat dit na nonsens klink. Om dit maklik te maak, sê ek liewer: *"Ek het gehoor, en ek glo dis God wat met my gepraat het."* As dit wat ek

"gehoor" het dus nie van God kom nie, lê die fout by my en nie by God nie.

Sedert 2002 het ek *gehoor* dat God sê ons sal met grondhervorming in Suid-Afrika slaag. Omdat God my vir die landbou geroep het, was my reaksie op wat ek gehoor het: *Here, wat U ook al wil doen, ek is tot U beskikking.*

Die Heilige Gees het ons as familie algaande oortuig om van ons personeel 'n aandeel in ons boerdery te gee. Dít het logies nie sin gemaak nie, want ons boerdery was nie eens 'n ekonomiese eenheid volgens huidige maatstawwe nie. Daarom het ek letterlik by die Here beswaar gemaak en gesê: *Dit is onmoontlik.* Op 15 Januarie 2006 het ek oor die saak gevas en gebid. Toe het die Here duidelik geantwoord: **2 Konings 4:42-44!** Die opdrag van die Here het ons geloof tot die uiterste toe getoets. Eers was ek bang om te glo. Toe word ek banger om *nie* te glo nie. Soos in die geval van Gideon het Hy alles waarop ons kon reken van ons weggevat – Hy het ons 32 000 man tot 10 000 en toe tot 300 verminder sodat Hý alleen die erkenning en lof vir alle sukses kon kry (Rigters 7:2-7). Ons moes leer om teen alle logika in gehoorsaam te wees. Dit sou 'n lang pad wees.

Aan die begin van 2008 het die Here met my begin praat oor profetiese proklamasies en aksies. Aanvanklik was alles vir my baie vreemd, maar algaande het dit duideliker geword. Die boek van Dutch Sheets, *"Intercessory Prayer"* het my baie gehelp om te verstaan waarmee die Here in my lewe besig was. Wat ek en/of Janetta gehoor het, kan soos volg saamgevat word:

1. *Daar heers 'n "spirit of land grabbing".* Dit kom oor baie jare. Ons sien dit al in kolonialisme, "tribalism" in Afrika, apartheid in Suid-Afrika, die optrede van Mugabe in Zimbabwe, ensovoorts. Dit klink na nonsens, nie waar nie?

2. *Die gees van "land grabbing" kan net gebreek word as ons in die teenoorgestelde gees optree.* ***Gee*** in plaas van ***gryp***. Ons moes op 13 Augustus 2008 gee en dit moes gepaard gaan met 'n profetiese proklamasie en aksie. Dit klink na nonsens, nie waar nie? Watter verskil kan die gee van 20% van 'n klein stukkie grond tog maak?

3. Die proklamasie kom daarop neer dat ons *in die Naam van Jesus verklaar het dat ons met grondhervorming in Suid-Afrika sal slaag.* By God is dit moontlik, aangesien

✓ alle grond aan Hom behoort
(Levitikus 25:23; Psalm 24:1; Jesaja 62:4);
✓ Hy ook grond in en deur Christus met Homself versoen het
(Kolossense 1:15-23);
✓ Hy die seggenskap het op en oor alle grond
(Matteus 28:18 en Efesiërs 1:15-23).

4. Janetta het gehoor wat die profetiese aksie moes wees: *Kap 'n tentpen in die grond op Verlateput* (teen die agtergrond van Rigters 4 en 5). Die tentpen in Rigters 4:21-24 was die beslissende draaipunt in die oorlog, nie die einde van die oorlog nie. Dat die inkap van 'n tentpen grondhervorming kan beïnvloed - jò! Dít klink nou regtig na *nonsens*, nie waar nie?

5. In die teenwoordigheid van ongeveer 30 mense, is die pen ingekap en die sjofar van oorwinning geblaas. 13 Augustus 2008 sou die draaipunt in die grond-stryd wees, nog nie die einde nie. Dit klink weereens na nonsens, nie waar nie?

Wel, dis nou bykans 10 jaar later en reeds duidelik (vir die wat glo) dat 13 Augustus 2008 wel die draaipunt was. ***Die nonsens was toe nooit nonsens nie. Dit was God's Way wat so radikaal anders was dat dit na nonsens geklink het. Só radikaal anders dat nét Hy die lof en eer vir suksesvolle grondhervorming kan ontvang! Prys die Here!***

Ek beweer nie dat die draaipunt nét aan die "pen" gekoppel moet word nie. Dit sou verwaand wees. Derduisende mense - grondeienaars sowel as grondlose mense - bid alreeds oor baie jare vir grondhervorming in SA. Ander boere en grondeienaars het moontlik al veel meer as ons gedoen. Ons is net nie van almal bewus nie. Dis soos die val van die Berlynse muur in 1989. Miljoene mense het oor jare daarvoor gebid. Tog het God op 'n dag aan Dick Eastman (Voorsitter van Every Home for Christ) die opdrag gegee om na Duitsland te gaan, sy hand op die muur te lê en te sê: *"In die Naam van Jesus , verkrummel."*[4] Dié profetiese aksie en profetiese verklaring was noodsaaklik omdat God só gesê het. Maar die muur het **óók** geval in antwoord op die gebede van miljoene Christene. Daarom is dit belangrik dat elkeen aan wie God 'n opdrag gee, gehoorsaam moet wees en sy of haar stukkie *"nonsens"* moet doen. Wanneer God dan, in antwoord op ons gehoorsaamheid, die menslik-onmoontlike doen, móét Hý alle erkenning kry.

---

[4] [Dutch Sheets: Die krag van intredende gebed. Bl. 243 Die Afrikaanse vertaling is uitgegee deur CUM (Engels: Intercessory Prayer)]

Terug by 13 Augustus 2008: Binne ’n week is die omstrede wetsontwerp rakende grondhervorming wat reeds op die drumpel was om voor die parlement te dien, teruggetrek. Die meeste blanke boere se gesindheid rakende grondhervorming het begin verander. Al meer het konstruktief by die gesprek en die proses betrokke geraak. Die eerste berigte van ongeldige grondeise wat uitgegooi is, het in die Landbouweekblad begin verskyn. Die druk om 30% grond teen 2014 oor te dra, het begin afneem. Die regering het begin erken dat baie van hul grondhervormingsprojekte misluk het. Landbouers is gevra om met planne en voorstelle na die tafel te kom. Wat ’n geleentheid! Wat ’n verantwoordelikheid! Baie meer privaat inisiatiewe het na vore begin kom. Na die bewindsoorname in Zimbabwe, is die eerste boer gedurende Desember 2017 terug verwelkom op sy plaas in Zimbabwe.

Dit alles beteken nie dat grondhervorming nie moet plaasvind nie. Allermins! Elke Christen-boer móét met die Here oor hierdie brandend-aktuele saak praat. Elkeen moet in gehoorsaamheid sê: *Here, ek is beskikbaar vir wat U ook al deur my wil doen, selfs al klink dit na nonsens.* **Boere** (en alle ander rolspelers) **moet gehoorsaam raak ten opsigte van die grondkwessie. Hulle moenie selfversekerd óf vreesbevange wees nie.** Dit gaan slaag! Die Here gaan die wysheid en insig gee hoe om dit te doen. Hy alleen moet die lof en eer ontvang.

As ek sê ons gaan met grondhervorming slaag, beteken dit nie dat elkeen die uitkoms gaan kry wat hý wil hê nie. **Dit beteken wel dat, as ons God gehoorsaam, die uitkoms Hóm gaan verheerlik. Dit gaan ’n *God’s Way*-oplossing wees! Iets méér van die hemel gaan op die aarde sigbaar word.** Sy kinders gaan Hom loof, eer en dank vir wat Hy deur hulle gedoen het.

**Vraag:** Het die Here jou al ’n opdrag gegee waarvoor jy nie kans gesien het nie? Wees gehoorsaam. Hy maak dit altyd vir sy kinders moontlik om sy opdragte uit te voer.

**Onthou:** *Living and Farming God’s Way* is slegs moontlik vir dié wat glo. *As ’n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil…* (Hebreërs 11:6).

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat Christene opnuut sal leer om die stem van die Here te hoor.
- † Bid dat Christene God se opdragte sal gehoorsaam al maak dit nie altyd vir hulle sin nie, of al voel hulle onbevoeg.

† *Boer voor die Troon* in belang van 'n Goddelike oplossing vir die grond-vraagstuk in Suid-Afrika en Afrika.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Rwanda.

**GOD'S WAY** is só radikaal anders, dit klink na nonsens.

**Ons DNA:** **Ons is anders.** Ons is uit God gebore! Van bo af gebore! Weergebore! Nikodemus het dit nie verstaan nie. Vir hom het dit onmoontlik geklink (Johannes 1:13 en 3:1-12). Omdat ons deur die Gees, uit God, van bo-af gebore is, is ons vreemdelinge hier op aarde (1 Petrus 1:1). Ons is burgers van die hemel (Filippense 3:20) wat reeds saam met Christus in die hemel sit (Efesiërs 2:6). Ons kyk vanuit 'n ander perspektief na dinge en in die oë van die wêreld doen ons vreemde, onverstaanbare goed (vgl. Spreuke 29:7):

- ✓ Ons glo die logies onverklaarbare;
- ✓ Ons verwag die menslik onmoontlike;
- ✓ Ons gehoorsaam God se skynbaar onuitvoerbare opdragte;
- ✓ Ons fokus nie op dit wat ons vir God kan doen nie, maar op dit wat Hy deur ons kan doen (vgl. Efesiërs 3:20). Daarom stel ons onsself voortdurend tot God se beskikking sodat Hy die menslik onmoontlike deur ons kan doen.
- ✓ Ons doel is om die Koninkryk van die hemel altyd op aarde sigbaar te maak en dit permanent hier te vestig (Matteus 6:10).
- ✓ Nog toepassings:

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

## Dag 16
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## God werk deur mense.

(3de kenmerk - deel 1)

**Lees:** Genesis 1:26-28

Die verskillende *God's Way*-kenmerke sluit nou by mekaar aan. Veral die tweede en derde kenmerk, nl. *God werk deur mense* en *God werk in antwoord op die gebede van sy kinders*. Maar ek hanteer dit afsonderlik.

Mense sê dikwels: *God is in beheer, wat moet gebeur sal gebeur.* Dit klink só vroom en reg! Maar ís dit 'n bewys van geloof? Of is dit die ontduiking van verantwoordelikheid?

Dit laat die volgende vrae ontstaan: ***Het God nodig dat ek en jy bid, of wil Hy net hê ons moet bid? Het God ons nodig om iets te doen, of wil Hy ons net gebruik om iets te doen?*** Baie mense redeneer dat 'n almagtige God niks nodig het nie - nie ons óf ons gebede nie. In 'n sekere sin is dit waar, want God is God. Ons is van Hom afhanklik, nie Hy van ons nie. Maar wat verstaan ons onder God se almag? Vir my beteken dit dat God alles wat Hy ***wil*** doen, ***kan*** doen. Wat God nie ***wil*** doen nie, ***kan*** Hy nie doen nie. Hy wil nie sonde doen nie, daarom kan Hy nie sonde doen nie (1 Johannes 1:5). Die werklike vraag is dus nie of God sonder ons en ons gebede steeds alles ***kan*** doen nie. Die vraag is of God sonder ons en ons gebede enigiets ***wil*** doen. As God sonder ons steeds alles doen wat Hy wil, waarom bid ons? Mors ons dan nie ons tyd nie? Beslis nie! God het uit vrye wil besluit om sý saak, sý wil en sý begeerte in die wêreld van mense se gebede afhanklik te maak. John Wesley, 'n bekende Godsman, het gesê: *God doen niks op die aarde nie, behalwe in antwoord op gelowige gebed.*

God het die skepping volledig aan Adam (verteenwoordigend van die hele mensdom) toevertrou. Hy het hom daarvoor verantwoordelik gemaak. Dit is duidelik uit die posisie waarin God vir Adam geplaas het. Dis ook duidelik uit die taak en verantwoordelikheid wat Hy aan hom gegee het. Die mens se opdrag was om as God se verteenwoordiger, namens Hom die skepping te bestuur en op te pas. God het dus die mens tussen Homself en die res van die skepping geplaas. Wat van die skepping sou word, het God in die hande van die mens geplaas. Die aarde was die mens se verantwoordelikheid. Om sy opdrag te kon uitvoer, het God die mens na sy beeld geskep.

God het uit vrye wil besluit om sy saak en die mate waarin sy wil op aarde geskied van die mens afhanklik te maak. Die volgende bevestig hierdie waarheid:

**1** **God het die aarde só volledig aan Adam toevertrou, dat Adam daarmee kon doen wat hý wou.** Toe Satan die Here Jesus versoek het, het hy Hom volgens Lukas 4:5-7 al die koninkryke van die wêreld gewys en gesê: *Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid.* Jesus het nie Satan se aanspraak ontken nie. Hy het geweet dat Adam dit wat God aan hom toevertrou het, aan Satan oorgegee het.

2. God het die aarde aan Adam toevertrou. Wat van die aarde en al sy inwoners sou word, goed of sleg, het God in Adam en sy nageslag se hande geplaas. **So volledig en finaal was hierdie besluit van God dat Hy self mens moes word om dit wat Adam verbrou het, reg te maak.** In Christus moes God mens word (die laaste Adam - 1 Korintiërs 15:45). Alleen as M**ens** kon God die lot en bestemming van dit wat Hy aan die mens toevertrou het, verander (Romeine 5:12-19).

3. Dit verklaar waarom God nie engele gebruik om **die Evangelie te verkondig** nie. Hy het hierdie verantwoordelikheid ook aan mense toevertrou (Matteus 28:18-20). Al wil God hoe graag mense red, stuur Hy nie arbeiders om die oes in te samel sonder dat sy kinders Hom in gebed vra om dit te doen nie (Matteus 9:35-38). Dink aan Paulus: God het hom gekies as sy werktuig om sy Naam uit te dra onder die heidennasies, hulle konings, en ook onder Israel (Handelinge 9:15). Tog is Paulus en Barnabas eers uitgestuur in antwoord op die gemeente se gebede (Handelinge 13:2-3).

**4.** **Die Bybel leer dat die mense wat gered is, saam met die Mens** (Jesus) **wat hulle gered het, vir ewig oor die aarde gaan regeer** (2 Timoteus 2:12; Openbaring 22:5). In Christus word ons heerskappy nie opgehef nie, maar vir ewig bevestig! In Christus is ons nie van ons taak onthef nie. Nee, in en deur Hom het God ons kom bevry van die Bose. In Hom het Hy ons bemagtig om wéér gehoorsaam te wees aan ons oorspronklike roeping, naamlik om as God se verteenwoordigers namens Hom oor die aarde te heers en dit op te pas.

Omdat God uit vrye wil besluit het om dit wat Hy op aarde wil doen deur mense te doen, het Hy die gelowige gebede van sy kinders nodig en werk Hy deur hulle. Hulle is sy liggaam op aarde. Om dus nie te bid nie en te redeneer: *wat moet gebeur, sal gebeur, omdat God almagtig is,* is niks anders as onverskilligheid, valse vroomheid en blatante ongehoorsaamheid nie.

***Living and Farming God's Way* ís God se wil en begeerte, maar dit gebeur nie vanself nie. Dis my en jou verantwoordelikheid om voortdurend daarvoor te bid en te doen wat God ons beveel. Dit hang van my en jou af of *Living and Farming God's Way* 'n werklikheid in Afrika gaan word.** Dit hang van óns gebede en óns gehoorsaamheid af.

**Vraag:** Glo jy dat God uit vrye wil besluit het om op aarde niks sonder die mens te doen nie? As jy dit glo, hoe gaan dit jou lewe verander?

**Opdrag:** Stel jouself tot beskikking van God. Hy werk deur mense. Wat dink jy wil Hy deur jou doen?

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Dank die Here dat Hy ook deur jou wil werk.
- † Bid dat Christene in landelike en boerderygemeenskappe sal besef dat *Living and Farming God's Way* van hulle afhanklik is. God wil dit deur hulle doen.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Burundi</u>.

In hoofstuk twee van sy boek *Intercessory Prayer*, bespreek Dutch Sheets dié baie belangrike vraag: *Does God <u>need</u> me to pray or does He just <u>want</u> me to pray?* Die titel van die Afrikaanse vertaling deur Gert Bester is: *Die krag van Intredende Gebed* - uitgegee deur CUM.

# Dag 17

## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## God werk deur mense.

(3de kenmerk - deel 2)

**Lees:** 1 Konings 18:1 en 18:41-46, asook Jakobus 5:17-18

1 Konings 18:1 maak dit duidelik dat dit God is wat dit weer in die land wou laat reën. Dit was sý tyd en sý wil. Hý het die inisiatief geneem en vir Elia gesê wat Hý wil doen. Waarom was dit dan nodig vir Elia om sewe keer te bid voordat God die reën gestuur het? Omdat God deur mense werk! Wat God wil en wat Hy begeer, doen Hy net as gewone mense soos ek en jy gelowig bid. Nog 'n voorbeeld is die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 1-2). Jesus het belowe dat die Gees sou kom. Dit was God se wil en begeerte om die Gees aan sy dissipels te gee (Johannes 14:15-17 en 26; 16:5-15). Nogtans moes hulle tien dae lank bid voordat dit gebeur het! In Jesaja 62:6-7 beveel die Here ons om Hom dag en nag aan sy beloftes te herinner. God se beloftes word vervul in antwoord op ons gebede.

**Dit wat die Here in jou lewe en in jou boerdery wil doen, sal Hy nie doen as jy nie in geloof bid en dit van Hom vra nie. Dit wat die Here in die landbou wil doen, sal Hy beslis nie doen as ons nie bid nie.** God het die verantwoordelikheid om die *Ons Vader*-gebed elke dag vir die landbou te bid, op ons skouers geplaas. Daarom is ek en jy verantwoordelik vir wat in die landbou gebeur!

God se wil word 'n werklikheid wanneer ek en jy gelowig bid en doen wat God sê. Maar as niemand bid nie, gebeur dinge wat nie God se begeerte is nie. In Esegiël 22:29-31 lees ons van die liefdelose optrede van die burgers van die land. God wou graag die sonde van die land vergewe. Hy het *'n man gesoek* wat bereid was om vir die stad in die bres te tree. Maar toe Hy niemand kry nie, kon Hy die stad nie red nie. Dit klink vir my te erg om waar te wees - dit grens aan nonsens. *God word verhinder om te doen wat Hy graag wil omdat 'n mens nie gebid het nie.* Dit laat Hom geen ander keuse nie as om die stad te straf. Dis wat die stad verdien, maar dis nie wat God wou doen nie.

Dit hang van my en jou af of *Living and Farming God's Way* 'n werklikheid gaan word. God werk deur mense wat aan Hom gehoorsaam is. Hy werk in antwoord op die gelowige gebede van sy kinders (vgl. 2 Korintiërs 1:9-11). Daarom moet jy uitvind wat God se wil is. Lees en bestudeer sy Woord. Sonder jouself gereeld af om te bid en te

vas. Gaan sit by die Here se voete en luister na Hom. Vra na sy wil vir jou en ook vir landbou in Suid-Afrika en Afrika. Wanneer jy weet wat dit is, moet jy tyd maak om gelowig en volhardend te bid ***totdat*** God se wil 'n werklikheid word. Ons is geneig om te hoop dat dinge wat ons graag wil hê, sal gebeur sonder dat ons onsself tot beskikking van God stel. Selfs wanneer God bo-natuurlike dinge doen, skakel Hy steeds die mens op een of ander wyse in. Anders gestel: **God doen dit wat menslik onmoontlik is, steeds deur mense.**

God wil hemel aarde toe bring (Matteus 6:10). Wat wil Hy deur jóú doen? Is jy beskikbaar om mense te lei? Om 'n bydrae tot grondhervorming te maak? Om die volgende geslag landbouers te bemagtig? Wat van die finansiering van een of ander projek of bediening, óf die bewaring van die natuur, óf selfs om 'n vader vir die vaderlose te wees? Is jy beskikbaar vir landbou-navorsing óf 'n groot tegnologiese deurbraak? God wil nuwe dinge openbaar, maar wie gaan in biddende afhanklikheid van Hom die navorsing doen? God wil vakmanne met sy Gees toerus om kreatief te wees en nuwe implemente en instrumente te bou (Eksodus 35:30 tot 36:1). Hy wil dat mense Hom leer ken as die God wat voorsien. Daarom soek Hy landbouers om genoeg gesonde en voedsame kos te voorsien sodat mense sý goedheid kan proe. God wil mense soos ek en jy gebruik. Hy wil ook plattelandse gelowiges deur die vyf-voudige bediening toerus vir hulle dienswerk (Efesiërs 4:7-16). Wie is beskikbaar vir *"marketplace ministry"* - om die Woord in die werkplek te verkondig? Wie is beskikbaar om waardes-programme by skole of na-ure vir skoolkinders aan te bied? Óns plaaskinders wat op die dorp skoolgaan moet immers ook bedien word. **Alles wat God wil doen om hemel aarde toe te bring, gaan Hy in antwoord op mense se gebede en deur mense doen! Hemel op aarde is die gevolg van gelowige gebed en volkome gehoorsaamheid.**

**Vraag:** Is jy beskikbaar vir die uitvoering van God se planne? Praat jy gereeld met Hom oor wat Hy deur jou wil doen?

**Onthou:** In die Bybel lees ons wat God se wil is. Ons "sien" ook God se wil in die hemel. Dit wat jy om jou in die landbou sien, is nié noodwendig God se wil nie. Hier op aarde moet ék en jý sý wil laat geskied deur dit gedurig in gebed te vra en gehoorsaam te doen wat Hy sê.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat alle landbouers sal besef dat hulle voltyds in diens van die Here is en daarom voortdurend tot sy beskikking moet wees.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Uganda</u>.

**GOD'S WAY** is deur mense.

**Ons DNA:** **Ons is <u>beskikbaar</u>.** Beskikbaar vir God se plan en God se werk. Ons weet God se werk is meer as kerk-werk. Hy wil die Koninkryk van die hemel op aarde vestig en ons is sy medewerkers. Daarom is ons beskikbaar om:

- ✓ te bid dat sy wil op aarde geskied soos in die hemel;
- ✓ die *"antwoord op ons eie gebede"* te wees en om die Koninkryk op elke gebied van die samelewing (ook die landbou) te vestig en sy wil 24/7 te doen;
- ✓ saam met ons Koning buite ons gemaksone te beweeg. Ons geniet die opwinding om nuwe dinge te doen of om ou dinge op 'n nuwe manier te doen.
- ✓ Nog toepassings:

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

## Dag 18
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## God antwoord gebed.

(4de kenmerk)

**Lees:** Josua 10:12-14 en 1 Johannes 5:14-15

Die vierde kenmerk van hoe God dinge doen, is: **Hy antwoord die gebede van sy kinders.** Dit sluit nou aan by die derde kenmerk. John Wesley, 'n bekende Godsman, het gesê: *God doen niks op die aarde nie, behalwe in antwoord op gelowige gebed.*

Dis een van die unieke kenmerke van ons God. Hy nooi sy kinders uit om met Hom te praat. Meer as dit! Hy was bereid om 'n baie duur prys te betaal om die voorhangsel te skeur en vir ons direkte toegang tot sy Troon te gee (Matteus 27:50-51 en Hebreërs 10:19-22). Lees weer Dag 1-5 en Dag 10 in ***Boer voor die Troon*** (40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2017).

Iemand het eendag vir 'n gelowige ou man gesê: *Dit het toevallig gebeur! Dit het niks met jou gebed te doen nie.* Toe antwoord die man glimlaggend: *Dit mag wees, maar ek weet hoe meer ek bid hoe meer dinge gebeur "toevallig".* Gebed maak nie vir ongelowiges sin nie, vir hulle is dit nonsens. Maar ons weet dat dit 'n groot verskil maak. God beveel ons om te bid en Hy gee nie sinlose bevele nie. Daarom bid ons met vrymoedigheid, want God verhoor ons wanneer ons volgens sy wil bid (1 Johannes 5:14-15) en iets vra wat help om die Koninkryk van die hemel op aarde te laat kom (Matteus 6:9).

Gebed is God se geskenk aan sy kinders. Dit is die kanaal waarlangs Hy sy onbeperkte hulp en seën deurlopend na sy kinders wil laat vloei. Gebed is deur God aan ons gegee sodat ons enige iets van Hom kan vra. Die doel van gebed is om te kry wat ons vra. God sê ons moet vra ***sodat*** Hy kan gee. ***Sodat*** Hy ons kan seën.

Die Bybel leer dat God deur mense werk. Hy antwoord die gebede van sy kinders. In 2 Korintiërs 1:8b-11 skryf Paulus: *Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe. Dit is Hy wat ons uit so 'n groot*

*doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red. Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en dan sal baie Hom vir ons dank.* Dit is duidelik: God red Paulus in antwoord op die gebed van gelowiges.

**Die sleutel tot Goddelike transformasie in die landbou is gebed. Dis die sleutel tot die oplossing van elke landbou-vraagstuk. Ek en jy moet *voor die troon boer. G*od sal niks herstel, verander of vernuwe as ons dit nie in gebed van Hom vra nie. Wat gedurende die volgende dekade of drie in die landbou gaan gebeur, hang van ons gebede af.**

**Vraag:** Volhard jy in gebed soos God ons in Romeine 12:12 beveel? Hoe lyk iemand wat in gebed volhard se gebedslewe?

**Onthou:** Boer voor die Troon! Dis die sleutel tot hemel-op-aarde-boerdery.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid vir 'n gebedsherlewing in die landelike en boerderygemeenskap. Dit is vir seker binne die wil van God.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Kenia</u>.

**GOD'S WAY** is om gebed te beantwoord.

**Ons DNA:** **Ons is <u>bidders</u>.** Ons bid nie net vir die werk nie. Gebed is deel van ons werk. Ons praat nie net oor gebed nie. Ons boer voor die Troon. Dis waarom stiltetyd, gebedsgeleenthede, gereelde bid-en-vas-tye en die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* vir ons só belangrik is. Andrew Murray het gesê: *"The man who mobilizes the Christian church to pray will make the greatest contribution to world evangelization in history."* As ons dit op onsself van toepassing maak, kan ons sê: *Wie daarin slaag om die landelike en boerderygemeenskap te leer en te mobiliseer om voor die Troon te boer, sal die grootste bydrae lewer om landbou na Living and Farming God's Way te transformeer.* Daarom:

- ✓ bid ons gedurig - ons **boer voor die Troon;**
- ✓ vas ons gereeld;
- ✓ leer ons mense om te bid en te vas;
- ✓ herinner ons God aan sy beloftes (Jesaja 62:6-7).
- ✓ Nog toepassings:

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

# Dag 19
# Wat is kenmerkend van *God's Way*?
# Eenheid en samewerking.

(5de kenmerk - deel 1)

**Lees:** Efesiërs 1:1-14

Daar is absolute eenheid en samewerking tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hulle het alles sáám geskep (Genesis 1:2 en Johannes 1:1-2). Hulle het ook sáám besluit om die mens te skep (Genesis 1:26). As jy die Johannes Evangelie lees, is die eenheid en samewerking tussen die **Vader en die Seun** baie opvallend (Johannes 1:18; 5:23 en 30; 10:30 en 38; 14:9-11 en 26-31; 15:10; 16:15-24 asook 17:21-23). Baie Skrifgedeeltes praat oor die eenheid en samewerking tussen die **Vader en die Gees** (Johannes 14:26 en Romeine 8:15). Ook die **Seun en die Gees** werk baie nou saam (Johannes 14:26 en Romeine 8:9). Die Vader rus die Seun met die Heilige Gees toe om sy opdrag uit te voer (Matteus 3:16-17). Ons verlossing is die resultaat van samewerking tussen die Vader, Seun en Heilige Gees (Efesiërs 1:1-14).

**Eenheid en samewerking is kenmerkend van die wese van God. Dis hoe God is en dis hoe Hy alles doen. *God's Way* is eenheid en samewerking!**

Omdat ons sy beeld is en Hom verteenwoordig, moet eenheid en samewerking ook ons lewe kenmerk. Vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, twis en tweedrag pas nie by mense wat hulle tot *Living and Farming God's Way* verbind het nie. Dit is gewoontes van ons ou sondige natuur. Ons moet dit uit ons lewe uitroei (Galasiërs 5:19-21).

**Vraag:** Is daar eenheid en samewerking in jou gemeenskap en/of op jou plaas? Hoe lyk dit in huwelike en gesinne? Is daar eenheid en samewerking tussen kerke en tussen werkgewers en werknemers? Is daar eenheid en samewerking tussen leiers en die gemeenskap?

**Onthou:** *God's Way* is eenheid en samewerking!

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid vir eenheid en samewerking in die landelike en boerderygemeenskap, veral tussen mense wat sê dat hulle Christene is.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Somalië.

# Dag 20
# Wat is kenmerkend van *God's Way*? Eenheid en samewerking.

($5^{de}$ kenmerk - deel 2)

**Lees:** Efesiërs 2:13-16 en Johannes 17:21-23

Ons weet reeds dat daar absolute eenheid en samewerking tussen die Vader, Seun en Heilige Gees is. Eenheid en samewerking is *God's Way*. Dié eenheid kring al wyer uit omdat Jesus versoening gebring het:

- God het ons een met Jesus Christus gemaak (2 Korintiërs 5:21 en Efesiërs 2:13).

  *Toe het Hy ons beveel om een met Hom te wees en in Hom te bly* (Johannes 15:4-10 en Kolossense 2:6-7).

- God het ook al sy kinders een gemaak deur hulle in een liggaam, die Kerk van Christus, saam te voeg (Efesiërs 2:14-16).

  *Toe het Hy sy kinders beveel om een te wees, selfs al praat hulle verskillende tale en al behoort hulle tot verskillende stamme, volke en nasies* (Efesiërs 2:13-19).

**God maak dit altyd vir ons moontlik om sy opdragte uit te voer.** Daarom máák Hy ons eers een, en dán beveel Hy ons om een te wees. Hy sê ons moet al hoe meer word wat ons reeds is, naamlik een! Anders gestel: Ons kan een wees omdat Hy ons reeds een gemaak het (Efesiërs 4:3)!

Herstelde verhoudings, versoening, eenheid en samewerking is alles belangrike kenmerke van *Living and Farming God's Way*. Ek en jy kan nie kies of ons dit wil doen of nie. Dis 'n opdrag van God en ons móét ons daarvoor beywer. Maar waar begin ons? By die kruis.

Die kruis van Christus het twee balke, 'n regop balk en 'n dwars balk. Die regop balk herinner ons daaraan dat Jesus mense met God versoen het. Die dwars balk sê Jesus het mense met mekaar versoen. Die regop balk dra die dwarsbalk. Werklike versoening tussen mense is die vrug en die gevolg van die versoening tussen God en mens. Daarom moet ons álles in ons vermoë doen om mense vir Christus te wen. Ons moet soos Paulus by mense **pleit:** *Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons* ***smeek*** *julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat*

*Hy bewerk het. Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees* (2 Korintiërs 5:20-21).

Beywer jou vir die herstel van die landelike en boerderygemeenskap se verhouding met God. Doen alles in jou vermoë om hulle vir Christus te wen (vgl. 1 Korintiërs 9:19-23). Leer dan dié wat vir Christus gewen is, om hulle vir onderlinge eenheid en samewerking te beywer (Johannes 17:21-23). In die volgende gedeelte leer ons hoe om dit te doen.

**Vraag:** Wat doen jy om landbouers (werkgewers en werknemers, insluitend hulle gesinne) vir Christus te wen?

**Onthou:** Om mense vir Christus te wen, is deel van *Living and Farming God's Way.* Hoe kan mense *God's Way* leef en boer as hulle Hom nie ken en liefhet nie? Hulle het immers éérs 'n nuwe hart nodig. (Lees weer Dag 1.)

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid vir die redding van landbouers en landbouleiers.
- † Bid dat alle Christene in die landelike en boerderygemeenskap spontaan oor Christus sal getuig en ander vir Hom sal wen.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Ethiopië.

# Dag 21

## Wat is kenmerkend van *God's Way*? Eenheid en samewerking.

(5de kenmerk - deel 3)

**Lees:** Johannes 16:13-15

Die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, is vir ons die volmaakte voorbeeld van eenheid en samewerking. God wys vir ons wat eenheid en samewerking tussen mense bevorder. Dit is dié dinge waarna ons in die landbou moet strewe:

1. **Goeie kommunikasie:** Daar is voortdurend gesprek tussen die Vader, die Seun en die Gees. Jesus het ure en nagte in gebed tot

die Vader deurgebring (Lukas 5:16). Hulle praat altyd uit een mond (Johannes 3:34; 12:49; 16:13-15).

* *Gee daarom baie aandag aan positiewe kommunikasie. Eenheid en samewerking is altyd makliker wanneer mense ingelig is en weet wat aangaan.*

2. **Gesamentlike besluite:** Die Drie-enige God het saam besluit om die mens te skep (Genesis 1:26). Jesus het ook nie op sy eie besluit wie die 12 dissipels moes wees nie. Hy het deur die nag gebid en eers sy Vader geraadpleeg (Lukas 6:12-13). Daar is nog baie voorbeelde.

   *Daarom is dit belangrik om mense te betrek wanneer besluite geneem word. Mense wat saam besluit, is meer gemotiveerd om saam te werk en dié besluite uit te voer. Die mees kreatiewe idees en beste oplossings kom dikwels van mense wat op grondvlak werk.*

3. **Dieselfde doel:** Die Vader, Seun en Gees het dieselfde doel voor oë gehad: Die verlossing van die hele skepping, en by name die mens.

   *'n Gedeelde visie waarin elkeen op die plaas sy rol en bydrae verstaan, is belangrik vir eenheid en spanwerk. Dit laat mense deel van die span voel en motiveer hulle om hulle beste te gee.*

4. **Verheerlik mekaar:** Die Vader, Seun en Heilige Gees verheerlik mekaar: Hulle gee aan mekaar erkenning (Johannes 17:4-5).

   *Dit is belangrik om erkenning aan mekaar te gee. Mense floreer op positiewe erkenning. "Catching your people doing things right" is 'n baie goeie benadering. Moenie net kritiseer nie. Sê dankie en spreek gereeld waardering uit vir elkeen se bydrae, al is dit hoe gering. Eer en komplimenteer mekaar.*

5. **Liefde is meer as woorde:** Jesus het deur sy gehoorsaamheid gewys dat Hy die Vader liefhet (Johannes 14:31; 1 Johannes 3:16-18).

   *Moenie net sê jy is lief vir ander nie. Maak soos Jesus: bewys jou liefde deur na ander se behoeftes en belange om te sien. Luister na hulle drome, ideale en wense, en waar moontlik, help hulle om dit te verwesenlik* (Filippense 2:2-5).

**Vraag:** Hoe vaar jy ten opsigte van bogenoemde vyf sake? Wat doen jy nóg om goeie verhoudings te bou?

**Onthou:** Eenheid en samewerking is beslis 'n belangrike aspek van *Living and Farming God's Way.* Goeie verhoudings móét altyd vir jou belangrik wees.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bely swak kommunikasie.
- † Bely jou geneigdheid om *vír* mense te besluit sonder om hulle insette te vra.
- † Bely alle selfsugtige drome en ideale.
- † Bely jou gebrek aan die uitspreek van dank en waardering.
- † Bely liefde wat net mooi woorde bly en nooit dade word nie.
- † Vra die Vader om die landelike en boerdery-gemeenskap met bogenoemde vyf praktiese dinge te help.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Soedan en Suid-Soedan.

**GOD'S WAY** is eenheid en samewerking.

**Ons DNA:** **Ons is een span, een familie. Ons werk saam.** Eiesinnigheid, dwarstrekkery, ek-doen-my-eie-ding, verdeeldheid, skeuring, afguns, verdagmakery, skinder en rassisme kan nie goedgepraat of geregverdig word nie. Dis nie wie ons is nie. Omdat God ons een gemaak het en dit Jesus se begeerte is dat ons een sal wees sodat die wêreld kan glo (Johannes 17:21-24), het ons geen keuse nie. Ons wil en sal een wees.

- ✓ Ons is bereid om aan onsself te sterf en ander hoër as onsself te ag.
- ✓ Selfverheffing lei altyd tot twis (Spreuke 13:10) en ondermyn eenheid en samewerking. Daarom kies ons om mekaar nederig te dien.
- ✓ Ons soek gedurig na meer maniere om ons eenheid vir die wêreld sigbaar te maak sodat hulle kan glo.
- ✓ Ons is 'n veelrassige bediening en sal altyd een bly (vgl. Paulus se verduideliking in Efesiërs 2:11-22).
- ✓ Die band van eenheid en samewerking tussen ons verskillende GF4GF-Centres (Good Foundations for Good Fruit) is nie onderhandelbaar nie. Ons is een. Ons wil een wees en ons sal saamwerk en prakties uitdrukking gee aan al die *mekaar*-opdragte in die Bybel.
- ✓ Nog toepassings:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

## Dag 22
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is oop hande.

(6de kenmerk - deel 1)

**Lees:** 2 Petrus 1:2-4

*Die appel val nie ver van die boom nie.* Dié idioom word gebruik om te sê dat 'n kind baie soos sy pa of sy ma is. Hierdie uitdrukking moet waar wees van elke Christen! Ons moet soos ons Vader wees – soos ons God! Ons is geroep om sy beeld te vertoon en Hom op aarde te verteenwoordig. Ons moet *God's Way* dink en leef. Dán sal mense iets van God in ons sien. Dit beteken dat ek en jy ook met oop hande moet leef, want ons God is 'n God met oop hande. **Alles wat God is en het, deel Hy met die mens.** Hy gee dit mildelik aan ons.

Volgens Genesis 1 deel God sy beeld, sy asem, sy skeppende vermoë en sy heerskappy oor die aarde met die mens. Ons sien in die Ou Testament dat God se hande nooit toegegaan het nie. Uit sy hande kom alles wat goed en mooi is. Hy gee sy raad en kennis aan mense (Jesaja 28:26 en 29) en Hy deel sy regspraak met regters (2 Kronieke 19:7).

Ons lees in die Nuwe Testament dat God sy enigste Seun aan ons gegee het (Johannes 3:16). Hy het ook sy Gees gestuur om in ons te kom woon (Handelinge 2:4 en Romeine 8:9). Só het Hy Homself aan ons **gegee.**

Christus het Homself aan ons **gegee** toe Hy met oop hande aan die kruis gehang het. Vanuit sy oop hande vloei 'n stroom gawes en seëninge na ons toe – te veel om op te noem. Hy **skenk** ons sy vryspraak, heiligheid en geregtigheid (1 Korintiërs 1:30). Hy **gee** aan ons die verlossing wat Hy bewerk het. Hy **deel** sy oorwinning met ons. Nou is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat in ons leef (Romeine 8:37). Hy **gee** aan ons 'n hele verskeidenheid gawes van die Gees (1 Korintiërs 12:4-11 en 27-28; Romeine 12:4-8). Hy **gee** aan ons die mag om siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf (Matteus 10:8; Lukas 10:1-3 en 17; asook Markus 16:16-18). Hy **deel** sy vrede, blydskap, liefde en wysheid met ons (Johannes 14:27 en 15:11; Romeine 5:5; 1 Korintiërs 1:30 en Jakobus 1:5). Hy **deel** sy Naam met ons. Ons word Christene genoem (Handelinge 11:26) en in sy Naam kan ons enige iets van die Vader vra (Johannes 14:13-14). Hy skeur die voorhangsel en **gee** ons deur sy bloed vrye toegang tot die Allerheiligste – die troon van God (Hebreërs 10:19). Hy **deel** sy erfenis met ons. Ons word sy mede-erfgename (Romeine 8:17). Hy **deel** sy reg om sonde te vergewe (Johannes 20:23) en Hy **deel** sy heerlikheid (Romeine 8:29-30). Hy **deel** selfs sy woonplek met ons. Hy

het gegaan om vir ons plek gereed te maak, sodat ons kan wees waar Hy is (Johannes 14:3). Wanneer Hy weer kom, sal Hy sy reg om oor die wêreld en hemelwesens te oordeel, met ons **deel** (1 Korintiërs 6:2-3).

Het ons nog meer bewyse nodig om ons te oortuig dat God oop hande het? Beslis nie! Kom ons roep saam met Petrus uit: *Sy Goddelike krag het ons **alles geskenk** wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien...* (2 Petrus 1:3-4).

God maak dit vir ons moontlik om sy opdragte uit te voer. Alles wat ons vir *Living and Farming God's Way* nodig het, het Hy reeds aan ons gegee. Ons kan ons roeping uitleef.

Omdat ons God oop hande het, kan ek en jy met oop hande leef en boer!

**Opdrag:** Dink goed na oor alles wat die Here vir jou gegee het. Tel jou seëninge, tel hul een vir een! Loof en Prys die Here!

**Onthou:** As jy 'n Christen is, is jy skatryk, al besit jy nie 'n sent nie.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Aanbid God. Hy het oop hande.
- † Dank die Here vir alles wat Hy reeds vir jou gegee het en wat Hy belowe om nog vir jou te gee.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in die <u>Sentraal-Afrikaanse Republiek</u>.

## Dag 23
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is oop hande.

(6de kenmerk - deel 2)

**Lees:** Romeine 12:1-2 en Lukas 1:38

Ek en jy moet met oop hande leef, want die HERE ons God het oop hande. *God's Way* is oop hande en *God's Way* is ons roeping! Wat beteken dit?

God het Homself in Christus aan ons gegee. Daarom moet ons **eerstens** onsself as lewende offers aan Hóm gee (Rom. 12:1-2). Dit sluit aan by ’n vorige *God’s Way*-kenmerk: *God werk deur mense.* Dit beteken ons moet volkome beskikbaar vir Hom wees, sodat Hy ons vir sý plan kan gebruik. Toe die engel vir Maria gesê het dat God haar wil gebruik om geboorte aan die Verlosser te skenk, het sy gesê: *Ek is tot beskikking van die HERE. Só* moet ons reageer op elke opdrag van die Here, selfs al voel ons, soos Maria, dat dit onmoontlik is. By God is alles moontlik.

Die gemeentes in Masedonië is ’n mooi voorbeeld. Hulle was baie arm en is deur ander verdruk. Nogtans het hulle daarop aangedring om ook by te dra om ander se nood te verlig. Hulle het selfs meer gegee as wat hulle eintlik kon bekostig. Hoe het hulle dit reggekry? Hulle het eers hulleself aan God gegee (2 Korintiërs 8:1-5)! Daarna was dit maklik om hulself aan ander te gee en vrygewig te wees.

**Vraag:** God het Homself aan jou gegee. Het jy jouself al aan Hom gegee?

**Opdrag:** Stel jou onvoorwaardelik tot beskikking van God. Sê vir Hom dat jy beskikbaar is vir enige iets wat Hy graag in jou gemeenskap of in die landbou wil doen. Vra Hom wat Hy deur jóú wil doen.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat Christene in die landelike en boerdery-gemeenskap hulleself aan God sal gee en beskikbaar sal wees vir sy landbouplan: *Living and Farming God’s Way*.
- † Bid vir mense wat godsdienstig is, maar hulself nog nooit aan God gegee het nie. Bid dat die Gees aan hulle die wedergeboorte sal gee.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Gaboen</u>.

## Dag 24
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is oop hande.

(6de kenmerk - deel 3)

**Lees:** 1 Johannes 3:16-18

Jy is nie besig met *Living and Farming God's Way* as jy leef en boer nét om jouself te verryk nie. *Living and Farming God's Way* gaan oor oop hande!

Alle Christene moet hulleself aan ander gee en bereid wees om hulle besittings met ander te deel (Handelinge 2:44-45 en 4:32). Almal moet die beeld van ons *oop-hand-God* vertoon. Almal moet demonstreer dat Hy 'n vrygewige God is. Daarom moet ons gehoorsaam wees aan die herhaalde opdragte in die Bybel om vrygewig en mededeelsaam te wees, ongeag hoeveel ons besit (Lukas 3:11 en 1 Timoteus 6:17-19). Dié opdrag is nie net aan ryk Christene gegee nie. Dit is vir alle Christene gegee (Hebreërs 13:16). Nie die oorvloed wat jy het nie, maar die vrygewige God uit wie jy gebore is, moet jou motiveer om met oop hande te leef en te boer. Hoe doen jy dit?

Eerstens moet jy hard werk sodat jy iets het om te kan gee (Efesiërs 4:28). Tweedens, moet jy nie probeer om uit alles geld te maak nie. Die profeet Amos veroordeel die ingesteldheid om gedurig, en uit alles te probeer geld maak, selfs uit koringkaf (Lees asseblief Amos 8:4-6)! Die Here beveel ons om iets te laat oorbly vir die armes (Levitikus 19:9-10 en Deuteronomium 24:19-22). Dit beteken ons moet 'n ruim hart en 'n oop hand vir armes hê. Ons moet omgee!

Iemand het eendag vir 'n vriend van my gevra of hy nie 'n klompie koeie by hom wil koop nie. Teen die prys wat die man wou hê, kon my vriend eintlik nie die aanbod van die hand wys nie. Maar hy het nie die beeste nodig gehad nie. Nadat hy daaroor gebid het, besluit hy toe om nie self die aanbod te aanvaar nie, maar sy werkers te help om die beeste te koop. Hy het hulle reeds vroeër gehelp om grond te koop en hulle het die vee en die geld baie meer nodig gehad as hy.

Jy hoef nie beswaard en bedruk te voel omdat die Here van jou verwag om met oop hande te leef en te boer nie (Deuteronomium 15:1-18). Hy belowe sy sorg en hulp aan almal wat vrylik uitdeel en hulle oor ander ontferm. Hy gee weer alles aan hulle terug en belowe aan hulle 'n mooi toekoms (Psalm 112; Spreuke 11:24-25; Spreuke 14:31 en 19:17; Jesaja 58:6-11;

Lukas 3:11 en 6:38; 1 Timoteus 6:17-18; Hebreërs 13:16). Jy kan gerus begin om ook die volgende aan tafel te bid: *Vader, dink aan almal wat minder bevoorreg is en in nood verkeer. Gee deur ons hand aan hulle, en sorg U dan weer vir ons.* Doen dan wat jy gebid het.

**Opdrag:** Memoriseer Handelinge 20:35.

**Onthou:** *Living and Farming God's Way* vra dat jy met oop hande sal leef en boer. Dit staan lynreg teenoor selfsug en gierigheid.

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord.

† Bid dat die Here sy kinders, jou ook, sal verlos van selfsug en gierigheid. Dit maak *Living and Farming God's Way* onmoontlik.

† Bid dat jy nooit uit vrees vir gebrek jou hande sal toemaak nie. Ons Vader belowe om te sorg vir almal wie se hande oop is vir ander.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Ekwatoriaal-Guinee.

**GOD'S WAY** is oop hande.

**Ons DNA:** **Ons is <u>mededeelsaam</u>.** Ons hande en ons beursies kan nooit toe wees nie. Dit maak ons gelukkiger om te gee as om te ontvang. Wat ons is en wat ons het, deel ons graag met ander – ook met mekaar. Dit gaan nie nét oor materiële goed nie, maar dit gaan beslis óók oor materiële goed. Dit is waarom ons GoodYear-studente by ons GF4GF Centres betaal en 'n beursfonds geskep het om hulle te help om te studeer.

- ✓ Ons deel graag die goeie nuus, die Evangelie, met almal;
- ✓ Ons sien onsself as 'n kanaal waardeur God sy seën na die wêreld kan laat vloei. Ons wil tot seën wees;
- ✓ Ons deel graag kennis, vaardighede en ervaring met mekaar en met ons gemeenskappe;
- ✓ Ons help mekaar finansieel met blymoedigheid;
- ✓ Ons seën en ondersteun ook ander bedieninge;
- ✓ Ons probeer nie uit alles geld maak nie en lewer baie dienste sonder enige vergoeding.
- ✓ Nog toepassings:

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

# Dag 25

## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is om te dien.

(7de kenmerk - deel 1)

**Lees:** Markus 10:45 en Filippense 2:5-8

Ware leiers streef nie daarna om helde te wees nie. Hulle passie is om van ander helde te maak. As hulle daarin slaag, word hulle self ook helde. Dink aan die afrigter van 'n nasionale sokkerspan. As die afrigter die span só afrig dat hulle die wêreldbeker wen, het hy die spelers helde gemaak. Deur hulle helde te maak, word hyself 'n held. Maar hy kan nie 'n held word as hy hulle nie éérs helde gemaak het nie. Dis 'n tydlose waarheid. Vra jouself af: *Hoe suksesvol is jy regtig as jy 'n goeie boer is, maar nie daarin slaag om ander te bemagtig dat hulle ook goeie, of selfs beter boere as jy word nie?*

Boet Pretorius, 'n boer van Zimbabwe wat in 2001 sy grond daar verloor het, het eenkeer aan 'n bestaansboer in Zambië gevra wat sy droom is. Die ambisieuse jongman het geantwoord: *Ek wil die beste boer in Zambië word.* Toe vra die Zambiër vir Boet: *Meneer, het jy nog enige drome oor na dít wat met jou gebeur het?* Boet het geantwoord: *Ja, my droom is om jou die beste boer in Zambië te maak.*

Dit is presies wat die Woord ons oor Christus leer! Hy het nie aan sy eie belange gedink nie. Hy het weggekyk van Homself en op ons gefokus. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Homself te gee (Mark. 10:45).

Jesus het ons kom dien om óns lot en óns bestemming permanent te verander! Ons was bestem vir die straf van God, die ewige dood (Efesiërs 2:3b). Ons was sonder God, sonder hoop en sonder toekoms. Nou is ons gered. Ons is op pad na Hom toe. Ons gaan deel in sy ewige heerlikheid. Om ons lot en bestemming só te verander, was Jesus volgens Filippense 2:5-8 bereid om:

- sy gelyke status met God prys te gee;
- afstand te doen van al sy regte en voorregte;
- mens te word - nie die rykste en belangrikste nie, maar 'n slaaf sonder enige aansien of regte;
- ter wille van ons aan God gehoorsaam te wees tot die dood, die aaklige vloek-dood aan die kruis (Galasiërs 3:13).

Deur ons te kom dien, het Jesus *God's Way* aan ons gedemonstreer. Sy voorbeeld maak dit duidelik dat daar in *Living and Farming God's Way* geen plek is vir selfsug, baasspelerigheid of hoogmoed nie. *God's Way* vra van jou om weg te kyk van jouself en ander te dien. Vra jouself gedurig vrae soos: Hoe kan ek meer werk skep? Hoe kan ek my werkers (óf my werkgewer) se belange voorop stel in plaas van my eie? Hoe kan ek my kind of 'n opkomende boer help om 'n beter boer as ek te word? Watter bydrae kan ek lewer om die groot landbouvraagstukke in Suid-Afrika en Afrika op te los - selfs al vra dit baie van my?

**Vraag:** Is jy bereid om *God's Way* aan ander te demonstreer soos wat Jesus dit aan ons gedemonstreer het? Hy het ons kom dien en Homself vir ons gegee!

**Opdrag:** Dink na oor die vrae in die laaste paragraaf. Praat met die Here daaroor. Hou aan totdat jy weet wat sý wil is.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat *God's Way* in landelike en boerdery-gemeenskappe gedemonstreer sal word. Bid dat gelowiges ander met die liefde van Jesus sal dien.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Kameroen</u>.

## Dag 26
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is om te dien.

(7de kenmerk - deel 2)

**Lees:** Markus 10:45

Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie. Die werklike uitdaging wat sy demonstrasie van *God's Way* aan jou en my stel, is die volgende:

1. God daag ons uit om ***afstand te doen*** van alles wat ons verhinder om ander te dien. Ons word uitgedaag om Jesus se voorbeeld te volg (Johannes 13:12-17 en Filippense 2:3-8). Ons moet afstand doen van ons status en posisie (meerderwaardige baas-houding). Ons moet ook afstand doen van baie regte en voorregte wat ons tot nou toe gehad het. Onthou waarvan Jesus afstand gedoen het (Filippense 2:5-8).

2. Om soos Jesus te dien, moet jy bereid wees om jou **volkome te identifiseer** met die mense wat jy moet dien (Hebreërs 2:11-18). God het jou in Afrika geplaas om Afrika te dien. Het jy jou al volledig met Afrika geïdentifiseer? Is Afrika se pyn jou pyn en sy nood jou nood? Lag en huil jy saam met Afrika? As jy dit oorweeg om ter wille van jouself Afrika te verruil vir 'n ander blyplek, móét jy seker maak dis wat die Here van jou verwag. As dit sý wil is, moet jy Hom gehoorsaam. Maar as jy in stryd met sy wil jou rug op Afrika draai, kan dít jou ondergang beteken.
   Lees Jeremia 41:17 tot 43:3.

3. Om te dien beteken jy moet bereid wees om 'n **duur prys** te betaal. Jy kan nie sê *tot hiertoe en nie vêrder nie*. Daar is nie 'n omdraaikans nie. Jesus daag jou uit om soos Hy te dien tot die dood toe! Teen elke prys! (Johannes 13:1 en 1 Johannes 3:16)! Jy kan nie ander dien sonder dat jou hande en jou knieë vuil word nie. As jou moed jou begewe, onthou dat God jou sal beloon vir "***dien***ste gelewer" (Filippense 2:9-11 en Hebreërs 12:1-3). Hou aan dien, al kry jy geen dank en waardering nie.

4. Bly gefokus op die **doel waarom ons dien.** Ons doel is nie om mense se lot tydelik te verlig en hulle in die proses van ons afhanklik te maak nie. As Dienskneg het Christus ons lot en bestemming permanent verander. Ek en jy is geroep om as medewerkers van Christus die lot en bestemming van die landelike en boerderygemeenskap permanent te verander. Ons is geroep om die koers en rigting van landbou in Afrika permanent te verander. Weg van konflik oor grond; weg van 'n totale ineenstorting van landbou; weg van hongersnood; weg van die vernietiging van natuurlike hulpbronne; weg van die uitwissing van die landelike gemeenskap deur MIV/Vigs; weg van vrees, die raadpleging van dooies, afgode, toordery en vernietigende tradisies (Deuteronomium 18:9-14; Jesaja 8:19-22 en Galasiërs 5:19-21) na *Living and Farming God's Way,* **sodat God die lof en eer kan kry!**

5. **Dien Afrika deur vir Afrika te bid.** In Jeremia 29:7 beveel die Here die ballinge om Babel se belange te bevorder deur vir Babel te bid. Dis ook in hulle belang dat dit met Babel goed gaan. Net so is dit elke Christen in Afrika se verantwoordelikheid om vir Afrika te bid! Ons moet Afrika se belange bevorder deur in Afrika se belang voor die Troon van God te boer.

6. Dis tyd vir Afrika om op te staan teen alles wat in stryd is met die *God's Way*-beginsel van diens: die misbruik en mishandeling van vroue en kinders; die misbruik van mag deur regeerders en regerings; die selfverryking deur enkelinge ten koste van die massas; die oorheersing van een groep deur 'n ander; die vernietiging van die natuur en van kosbare hulpbronne. **In Afrika moet ons leer om mekaar so te dien dat God deur ons die lot en bestemming van Afrika kan verander.**

**Vraag:** Is jy gereed vir hierdie ses uitdagings? Is jy bereid om dit daadwerklik aan te pak?

**Opdrag:** Praat met die Here oor die uitdaging waarvoor jy die minste kans sien. Vra Hy moet jou help. Niks is vir Hom onmoontlik nie.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat landbouers hierdie uitdagings sal aanvaar en só *God's Way* in die landelike en boerdery-gemeenskap demonstreer.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Nigerië</u>.

**GOD'S WAY** is om te dien.

**Ons DNA:** **Ons is <u>dienaars</u>.** Ons dien, al kos dit wat. Ons dink nie net aan onsself nie. Ons belang kom tweede.

- ✓ Ons soek gedurig mekaar se belang.
- ✓ Ons soek die belang van medegelowiges en die landelike en boerderygemeenskap vir wie God ons geroep het. Hulle nood is ons nood. Hulle voordeel is ons voordeel. Hulle geluk is ons geluk.
- ✓ Dis nie vir ons moeilik om te buk en ons hande vuil te mors nie. Geen werk is te gering of benede ons waardigheid nie.
- ✓ Daar is geen plek vir hoogmoed en die vasklou aan titels en posisies nie.
- ✓ Ons identifiseer ons met Afrika en boer voor die Troon (bid) in belang van Afrika.
- ✓ Nog toepassings:

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

.........................................................................

# Dag 27
# Wat is kenmerkend van *God's Way*?
# *God's Way* is prosesse.

(8ste kenmerk - deel 1)

**Lees:** Markus 4:30-32

Hoewel God spesifieke dinge op spesifieke *kairos*-oomblikke doen, word sy handelinge gekenmerk deur prosesse. Hy doen dinge oor tyd en Hy gebruik tyd om mense voor te berei vir sy diens. Dink aan: die skepping oor sewe dae; die 80 jaar voorbereiding van Moses (40 in Farao se paleis en 40 in die woestyn); die 10 plae om Israel uit Egipte te verlos; die proses om hulle in die Beloofde Land te vestig (vgl. Deuteronomium 7:17-22). Dink aan die proses waardeur God Dawid toegerus het om koning te word. Hy word as koning gesalf (1 Samuel 16:12), maar word eers ongeveer 10 jaar later koning in Hebron (2 Samuel 2:1-4) en nog sewe jare later koning in Jerusalem (2 Samuel 5:4-5). Dink aan die geslagte wat gekom en gegaan het voor die geheimenis van die Evangelie in Christus bekend gemaak is (Kolossense 1:26-27); Jesus wat eers op 30 sy bediening begin het (Lukas 3:23); die opleiding van dissipels wat ongeveer drie jaar geduur het; die Koninkryk wat soos 'n mosterdsaadjie klein begin het en steeds groei (Markus 4:30-32); die proses van verandering in Christene om meer en meer die beeld van Christus te vertoon (2 Korintiërs 3:18 en Kolossense 3:5-10); die tydsverloop tussen Christus se eerste en tweede koms; ensovoorts. Alles is prosesse, nie kits en losstaande gebeurtenisse nie.

Dink spesifiek aan Paulus se werk. Eers word Hy as fariseër opgelei om die Skrif te ken (Filippense 3:4-6). Hy leer om tente te maak sodat hy later vir homself en die mense saam met hom kon sorg (Handelinge 18:3 en 20:33-34). Dan kom hy radikaal tot bekering na 'n ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus (Handelinge 9:3-6). Daarna volg 'n periode van drie jaar in Arabië en Damaskus. Eers drie jaar later is hy na Jerusalem. Veertien jaar later is Paulus steeds bereid om reggehelp en geleer te word. Hy het die Evangelie wat hy verkondig aan die broers in Jerusalem voorgelê en met die leiers bespreek om seker te maak dat hy die waarheid verkondig (Galasiërs 2:1-2 en 6). Oor jare ontvang hy baie openbaringe en doen ervaring in die bediening op. Hy plant gemeentes, skryf briewe uit die tronk en lei 'n nuwe generasie op om na hom met die werk aan te gaan (2 Timoteus 2:2). Waarom? Omdat dit 'n proses is om die Evangelie na die uithoeke van die aarde te neem.

Ek het op 15 Mei 1972 tot bekering gekom. November 1976 het die Here my geroep vir sending. Daarna het agt jaar se teologiese

opleiding, twee jaar bediening in die Suid-Afrikaanse Weermag en ses jaar se gemeente-bediening in 'n klein boerderygemeenskap in Memel gevolg. Eers in 1993, 17 jaar na my sending-roeping, het ek en Janetta met die Amos-bediening begin. Daar was soveel voorbereiding wat die Here eers in ons lewe moes doen. Aan die begin van 2011 was die tyd ryp om met die eerste GF4GF sentrum te begin (GF4GF = Good Foundations for Good Fruit). Die sentrums was al deel van die visie en roeping wat ons in 1993 ontvang het, maar dit het ook 17 jaar geneem om te realiseer. **Tydsverloop is nie vir die Here 'n probleem nie, solank die proses doelgerig in gehoorsaamheid aan Hom voortgaan.**

Soos jy sien, is daar dikwels twee prosesse: God werk eers ***in mense*** (proses van voorbereiding) en dan werk Hy ***deur mense*** (proses van implementering). Dikwels loop die twee prosesse hand aan hand.

**Vraag:** Met watter proses is God in jou lewe besig? Is jy aktief in gesprek met God oor die proses?

**Opdrag:** Wees geduldig, maar ook aktief gehoorsaam!

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat God die proses wat Hy in en/of deur jou begin het, enduit sal neem, al neem dit tyd en is dit moeilik.
- † Bid vir die volgende prosesse in jou lewe:

  *Here, wys my wat ek moet sien;*
  *Leer my wat ek moet weet;*
  *Sê vir my wat ek moet doen;*
  *Maak my wat ek moet wees: U Beeld.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Ghana.

## Dag 28
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is prosesse.

(8ste kenmerk - deel 2)

**Lees:** Genesis 1:28; Matteus 28:18-20 en 2 Timoteus 2:2

God het net twee mense geskep. Hulle moes vermeerder om uiteindelik die aarde te vul. Jesus het enkele mense sy dissipels gemaak. Hulle

moes gaan en dissipels van al die nasies maak. Mense moes mense leer om weer ander mense te gaan leer. Dit alles is prosesse. Dis hoe God werk. *God's Way* is prosesmatig!

Dit maak my baie nederig. God se werk het nie met *"my koms"* begin en gaan ook nie met *"my vertrek"* eindig nie. Ek is net vir 'n oomblik hier op aarde, al is dié oomblik hoe belangrik. God se pad met die wêreld het eeue gelede begin en sal waarskynlik lank na my dood voortgaan. Daar is selfs 'n moontlikheid dat die grasperk voor my huis my gaan oorleef (Psalm 103:15-16). Dit maak my baie nederig.

Absalom het nie seuns gehad om sy naam in gedagtenis te hou nie. Daarom het hy 'n dooie gedenkteken opgerig en dít na homself vernoem (2 Samuel 18:18). As jy méér as iets leweloos wil nalaat, moet jy dissipels maak. As ek wil hê die droom waarvoor ek leef, moet na my dood voortleef, moet ek vir 'n geestelike nageslag sorg. Ek móét dissipels maak. As ek reg onthou, is dit Henry en Richard Blackaby wat in hulle boek *Geestelike Leierskap* skryf dat niks tot stand kom sonder individue nie, maar dat niks ook standhou sonder organisasies nie. Organisasies is soos sport. Die spel is groter as die spelers. Sokker word steeds gespeel al het hoeveel briljante spelers al uitgetree.

Tans verstaan ek my lewensdoel as volg: *"To build an ever increasing* ***momentum*** *towards Living and Farming God's Way amongst the Agricultural and Rural Communities of Africa that will last for generations to come."* Dit het baie druk van my afgehaal. Ek hoef nie alles te doen of alles te voltooi nie. Daar is dinge wat ek moet afhandel. Maar daar is ander prosesse waarin ek net my deeltjie moet doen. Dink maar aan Jesus se bediening. Hy het eens en vir altyd aan die kruis vir ons gesterf en ons versoening met God finaal afgehandel (Hebreërs 10:11-18). Dááraan hoef en kan ons niks toevoeg nie. Tog het Hy nie alles só finaal afgehandel nie. Hy het die proses van dissipelskap slegs begin en my en jou toe beveel om daarmee aan te gaan.

Ek kan my lewensdoel nét bereik deur dissipels te maak: geestelike dissipels, maar ook dissipels op elke ander terrein van die lewe. Wie neem die boerdery oor? Wie neem die skryfwerk oor? Wie gaan nog GF4GF sentrums plant? Wie neem die leisels (leierskap) oor? Omdat *God's Way* prosesse is, móét ek en jy op die volgende geslag fokus. Ons móét jongmense bemagtig. Ons móét die stokkie aangee.

**Vraag:** Is jy besig om dissipels te maak? Berei jy ander voor om by jou oor te neem? Werk en bou jy aan iets meer as 'n dooie standbeeld wat mense aan jou sal herinner, maar geen invloed op die koms van die Koninkryk in Afrika het nie?

**Opdrag:** Wees nederig! Maak dissipels! Seën die volgende geslag met 'n nalatenskap, en nie net 'n standbeeld of fisiese goed soos geld en grond nie.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid vir die maak van dissipels, die ontwikkeling van nuwe leiers en die opbou van momentum in die koms van die Koninkryk.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in die Ivoorkus.

**GOD'S WAY** is prosesse.

**Ons DNA:** **Ons glo in <u>langtermyn-prosesse</u>.** Daarom sê ons: *Less is more and slow is fast. Go slow, but go deep!* Begin klein en groei groot! Die maak van dissipels; die oplei van leiers om ná ons met die werk voort te gaan; die transformasie van die landelike en boerdery-gemeenskap; die vestiging van GF4GF Centres; die koms van die Koninkryk in Afrika - dit is alles prosesse. Dit gebeur nie oornag nie. Ons leef wel in 'n *alles-gebeur-in-'n-kits era,* maar ons hoef onsself nie aan dié maatstaf van die wêreld te meet nie (1 Korintiërs 4:1-5). Ons werk gedurig daaraan om **geduldig** te wees en nie moedeloos te word nie. Prosesse duur meestal baie lank. Daarom:

- ✓ is ons geduldig - met onsself, nuwe bekeerlinge, ander mense, en die werk;
- ✓ volhard ons en word nie moedeloos met elke teleurstelling of terugslag nie;
- ✓ fokus ons op jongmense en op hulle bemagtiging en leierskap om die visie verder te vat;
- ✓ is ons nie oorhaastig en ongeduldig nie. *"Hy wat glo sal nie haastig wees nie."* (Jesaja 28:16. 1953-Vertaling). *"Whoever believes will not act hastily"* (Isaiah 28:16. New King James Version).
- ✓ minag ons nie die dag waar iets klein begin nie (vgl. Sagaria 4:10).
- ✓ Nog toepassings:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

# Dag 29

## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is om die wortel van 'n probleem aan te spreek.

(9de kenmerk)

**Lees:** Romeine 5:12-21

God leer ons dat die beste oplossing van 'n probleem by die wortel van die probleem lê. Die wortel van die wêreld se probleem is dat Adam ongehoorsaam aan God was. Deur sy ongehoorsaamheid het die sonde en die dood in die wêreld gekom (Romeine 5:12). Toe het alle mense begin sondig en die wêreld het boos en sleg geword (Romeine 5:19). Dit is hoe probleme en swaarkry in die wêreld ingekom het. Die beste oplossing vir dié problem (Adam se ongehoorsaamheid), sou wees dat iemand anders volkome gehoorsaam aan God moes wees. Daarom het God vir Jesus as mens gestuur. Deur ***Jesus se volkome gehoorsaamheid*** aan God (Filippense 2:8; Romeine 5:18-19), het Hy die probleem in sy wortel kom oplos. God het dus die eerste Adam wat ongehoorsaam was kom vervang met die laaste Adam wat volkome gehoorsaam was (Lees Romeine 5:12-21 en 1 Korintiërs 15:45). Jesus het nie net gekom om sonde te vergewe nie. Dit sou dieselfde wees as om voortdurend net die water onder 'n lekkende kraan op te droog, maar nie die kraan heel te maak nie. Jesus het mense kom nuut maak. In Christus het God ons nuwe mense gemaak (2 Korintiërs 5:17-18a). Christus het ***in ons plek*** kom sterf sodat God ons sonde kan vergewe. Maar ons het ook ***saam met*** Christus gesterf en opgestaan. Só is ons van die mag en houvas van sonde verlos (Romeine 6:1-14). Só het God die wortel van ons probleem aangespreek. ***God's Way* is om die wortel van 'n probleem aan te spreek.**

**Wedergeboorte** is nog 'n bewys dat God probleme by die wortel aanspreek. Ons natuurlike mens, die mens wat uit 'n man en vrou gebore is, kan nie deel kry aan die Koninkryk van God nie. Ons moet weer gebore word. Ons moet uit God gebore word. Deur sy Gees van bo-af gebore word (Johannes 1:13; 3:3 en 1 Johannes 3:9).

God gee aan ons 'n nuwe, onverdeelde hart (Jeremia 31:33 en 32:39-40, asook Esegiël 36:26-27). Hý maak ons heeltemal nuut: *Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens* (nuwe skepsel / nuwe skepping). *Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God* (2 Korintiërs 5:17-18a). Lees weer Dag 1.

God antwoord dikwels mense se ***waarom-vraag*** omdat Hy mense by die oorsaak van hulle probleem wil uitbring. In Hosea 4:1b-3 lees ons byvoorbeeld: *Omdat trou, liefde en toewyding aan die wil van God in die land ontbreek, het vervloeking, valsheid, moord, diefstal en egbreuk hand oor hand toegeneem en is die vergieting van onskuldige bloed aan die orde van die dag. Dit is waarom die land verdor en die inwoners van dors versmag saam met die wilde diere en voëls, en waarom selfs die visse vrek.* In Markus 12:24 gee Jesus die rede vir die dwaling van die Sadduseërs: *Is die rede waarom julle dwaal, nie juis dat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie?* Dít is die wortel van alle dwaling: Mense ken nie God se Woord nie. Hulle ken ook nie sy krag nie.

Dis belangrik om te **onderskei tussen die oorsaak en die gevolg van 'n probleem.** Die gevolg word gewoonlik makliker raakgesien as die oorsaak. Byvoorbeeld: Is MIV/Vigs die probleem of die gevolg van 'n dieperliggende probleem? Is die mislukking van baie grond-hervormingsprojekte die probleem of die gevolg van dieperliggende probleme? Is werkloosheid onder die jeug die probleem of die gevolg van baie ander probleme? Is leefstylsiektes die probleem, of juis die gevolg van 'n verkeerde leefstyl? Is die agteruitgang van grond-gesondheid die probleem, of is dit die gevolg van swak bewerkingsmetodes? Waarom het kos deesdae minder voedingswaarde as vroeër? *Living and Farming God's Way* beteken ons moet by die wortel van al hierdie vraagstukke uitkom. Dis ook waar dat die gevolg van 'n probleem so katastrofies kan wees dat dit self 'n probleem raak.

"Wortelvrot" wat in die landelike en boerderygemeenskap aangespreek moet word, is dinge soos:

- Tradisionele godsdiens waar dooies geraadpleeg word en vrees mense se lewe beheer (Deuteronomium 18:9-14 en Jesaja 8:19-22);
- Wettiese, kragtelose, vormgodsdiens sonder wedergeboorte of 'n verhouding met God (Jesaja 29:13 en Lukas 6:46);
- Generasie-bagasie (emosionele pa-wonde en ma-wonde; bloedlynvloeke; sonde van voorouers);
- Afwesige vaders;
- Onbybelse wêreldbeskouing (*worldview* = die vaste oortuiging in mense se harte oor God, mens, skepping, tyd, werk, ensovoorts. Dit bepaal hoe hulle lewe en boer.);
- 'n Armoede-mentaliteit (Beide ryk en arm mense glo daar is nie genoeg vir almal nie. Daarom klou hulle vas aan wat hulle het, en gryp wat hulle nog nie het nie.);
- Biddeloosheid (Jakobus 4:2-3);

- Werkskuheid (luiheid);
- Ensovoorts.

**Vraag:** Probeer jy net om slegte mense beter te maak? Hulle gedrag positief te verander? Of wil jy hê dat Christus mense deur sy Gees moet nuut maak, sodat hulle *van harte* gemotiveerd sal wees om self hulle gedrag te verander?

**Opdrag:** Wanneer jy 'n probleem wil oplos, hou aan om vrae te vra totdat jy by die wortel van die probleem uitkom. Pak die probleem dáár aan.

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord.

† Vra vir die Here wysheid om te onderskei tussen die oorsaak en die gevolg van 'n probleem. (Sodat jy nie net die gevolg dokter nie, maar die oorsaak kan genees.)

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Liberië.

**GOD'S WAY** is om die wortel van 'n probleem aan te spreek.

**Ons DNA:** **Ons <u>pak 'n probleem aan by sy wortels</u>.** As die probleem die afwesigheid van goeie vrugte is, probeer ons nie om mense se gedrag te manipuleer om meer vrug te dra nie. Ons fokus op die oorsaak van die probleem, naamlik die afwesigheid van goeie Bybelse fondasies.

- ✓ Ons werk hoofsaaklik voorkomend deur die wortel van probleme in die gemeenskap vroegtydig in die lewe van kinders en jongmense aan te spreek vóórdat dié wortelskade tot hope vrot vrugte lei.
- ✓ Ons lê goeie fondasies.
- ✓ Ons glo aan wedergeboorte, bekering en die vernuwing van denke.
- ✓ Ons primêre taak is nie om slegte mense beter te maak nie, maar om God se medewerkers te wees om geestelik dooie mense lewend te maak (Efesiërs 2:1 en Handelinge 26:18-20). Mense moet heeltemal nuut gemaak word. Mense se denke, opvattings en hartsoortuigings moet verander voor hulle gedrag sal verander (Spreuke 4:23; Romeine 12:1-2 en Efesiërs 4:17-24). Mense moet nuwe fondasies kry!
- ✓ Nog toepassings:

........................................................................

........................................................................

........................................................................

........................................................................

........................................................................

........................................................................

........................................................................

........................................................................

## Dag 30
## Wat is kenmerkend van *God's Way*?
## *God's Way* is om geloof te eer ***(to honor faith)***.

(10de kenmerk)

**Lees:** Romeine 4:1-13 en Hebreërs 11:6

In Romeine 4 lees ons dat, omdat Abraham God geglo het, het God hom vrygespreek én vir hom 'n nageslag gegee (Lees ook Galasiërs 2:15 – 3:14).

Dwarsdeur die Ou Testament moes mense dinge in geloof doen. Wanneer hulle dit gedoen het, het God hulle geloofsgehoorsaamheid geëer en tekens en wonders gedoen. **In geloof** moes Israel die paaslam slag en die bloed aan hulle deurkosyne smeer om nie deur dieselfde lot as die Egiptenare getref te word nie (Eksodus 12:7 en 13). **In geloof** moes Moses sy hand oor die see uitstrek. Toe het die Here, soos Hy gesê het, die see oopgekloof vir die Israeliete om op droë grond deur te trek (Eksodus 14:16 en 21-22). **In geloof** moes Israel ses dae om Jerigo stap. Op die sewende dag moes hulle dit sewe keer doen. Toe het God hulle geloof in Hom geëer en die mure laat intuimel soos Hy beloof het (Josua 6:1-5 en 20). **In geloof** moes Josafat die sangers voor die soldate laat loop in die geveg teen die magtige Moabitiese leër. God het hulle geloof geëer en Sélf die Moabiete verslaan (2 Kronieke 20:21-30). **In geloof** moes die volk die eerste deel van hulle oes aan God offer. God sou dan hulle geloof eer en sorg dat die res van die oes genoeg vir hulle is.

**Hebreërs 11** vertel verhale van **mense wat geglo het** en hoe God hulle geloof beloon het. *"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon"* (Hebreërs 11:6).

Ons word gered deur geloof (Handelinge 16:31). Ons ontvang die Heilige Gees deur geloof (Galasiërs 3:14). In Romeine 5:1 lees ons dat ons vrygespreek word omdat ons glo. Deur te glo, ontvang ons die ewige lewe (Johannes 3:16). Paulus sê: *"... ons leef deur geloof, nie deur sien nie"* (2 Korintiërs 5:7). Al is geloof 'n gawe van God en nie iets om op te roem nie, eer en beloon God dit. Lees wat sê Jesus vir die Kanaänitiese vrou in Matteus 15:28 en vir die mense in Lukas 7:9-10.

Die kanse is min dat die Here enige opdrag aan jou gaan gee wat nie geloof vereis nie. Sonder geloof is ***Living and Farming God's Way*** 'n mite. Sonder geloof help gebed niks (Matteus 21:22 en Jakobus 1:6-8). Sonder geloof is gehoorsaamheid onmoontlik. Sonder geloof leef mense net vir vandag. Hulle leef op grond van dit wat hulle sien. Hulle is te bang om saad in die grond te sit of enige langtermyn doelwit aan te pak. Môre is vir hulle skrikwekkend onbekend en onseker!

Ons moenie net glo dat God bestaan nie. Die duiwels is ook oortuig van sy bestaan (Jakobus 2:19). Ons moet God glo. Dis om só oortuig te wees dat Hy sal doen wat Hy sê, dat ons bereid is om Hom te gehoorsaam.

God eer geloof in Hóm. Hy eer mense wat glo wat Hy sê. Mense wat vashou aan sy absolute integriteit en volkome betroubare karakter. Hy eer mense wat glo dat Hy is wie Hy sê Hy is. Hy eer mense wat glo dat Hy alles gedoen het wat die Bybel sê. Hy eer mense wat glo dat Hy nie kan lieg nie, en dat Hy alles kan, wil en sal doen wat Hy belowe het. As jy nie net in God glo nie, maar **God glo**, sal God jou geloof eer. *God's Way* is om mense wat Hom glo, se geloof te eer en te beloon!

Die finale en grootste bewys van hierdie *God's Way*-kenmerk is: God gee die ewige lewe aan almal wat in Jesus Christus glo (1 Johannes 5:11-13).

**Vraag:** Glo jy net in God, óf glo jy God? Wat is die verskil?

**Opdrag:** Glo God! Hy kan nie lieg nie (Numeri 23:19; Josua 21:45; 1 Konings 8:56; Spreuke 30:5 en 2 Korintiërs 1:19-20). Doen wat Hy sê en **kyk** wat gebeur!

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Vra dat die Here jou geloof so 'n bietjie sal strek en jou sal help om *"geloofs-fiks"* te word. Vra Hy moet jou 'n opdrag gee wat nóg meer geloof vereis.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Sierra Leone.

**GOD'S WAY** is om geloof te eer *(to honor faith)*.

**Ons DNA:** **Ons <u>glo God</u> en <u>doen dinge in geloof</u>.** Ons glo in God, maar méér as dit: <u>Ons glo God</u>! Terwyl die wêreld sê *sien is glo*, sê ons, ***glo is sien*** (Johannes 11:40 en 45).

- ✓ Ons hoef nie alles of genoeg te hê voor ons in gehoorsaamheid met 'n taak of projek begin nie.
- ✓ Ons is oortuig *money follows vision and obedience.* Ons begin doen wat God sê en is oortuig Hy sal dag vir dag voorsien vir die uitvoering van sy opdrag.
- ✓ Ons hoef nie die hele pad te ken voor ons dit begin loop nie (Hebreërs 11:8).
- ✓ Ons hoef nie alles te verstaan nie. Alles hoef nie noodwendig logies sin te maak nie. Ons glo, al klink dit na nonsens (1ste kenmerk van *God's Way*). Iets wat geen geloof vra nie, is nie die moeite werd om te doen nie.
- ✓ Nog toepassings:

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

.......................................................................

# DEEL 3
# Kweek 'n *God's Way*-kultuur op die plaas.

Vir baie jare is ***Amos Agrimin*** en ***Foundations for Farming,*** wat deur Brian Oldreive van Zimbabwe as *Farming God's Way* begin is, vriende en vennote in die landbou. Saam beywer ons ons vir die koms van die Koninkryk in die landbou. Oom Brian, soos hy algemeen bekend staan, het die volgende vier sake *(on time; high standard; no wastage; with joy)* uitgelig as *God's Way*-beginsels en dit spesifiek toegepas op gewasverbouing binne bestaansboerderye in Afrika.

Sedertdien het dit met die seën van die Here gegroei tot ver buite die grense van Afrika. Dit het algemene beginsels geword wat op méér as net gewasverbouing van toepassing is. Op ons GF4GF Centres (Good Foundations for Good Fruit), noem ons dit ons **kultuur**. Dis hoe ons leef en boer. Dis hoe ons dinge doen. Dis deel van ons werksetiek. Alles wat ons doen, móét gekenmerk word deur *Foundations for Farming* se:
***On time; High standard; No wastage and With joy.***

Dis belangrik om nooit die verband tussen hierdie vier beginsels uit die oog te verloor nie. Byvoorbeeld: As dit wat jy doen nie op tyd en van 'n hoë gehalte is nie, sal jy nie vreugde daarin vind nie. As jy tyd mors, gaan jy gedurig sukkel om betyds te wees. As jy swak werk doen, mors jy tyd en geld. Jy moet die werk oordoen.

Kom ons kyk na die vier beginsels van FfF. Jy kan ook hulle webblad besoek: www.foundationsforfarming.org

# Dag 31

## *God's Way* is: Op die regte tyd *(On Time)*

(Deel 1)

**Lees:** Genesis 8:22 en Hebreërs 1:3

Waarom moet ek en jy betyds wees? Waarom moet ons alles op die regte tyd doen?

**<u>Eerstens</u> is ons beelddraers en verteenwoordigers van die Skepper van tyd.** God is ewig. Hy is bo tyd verhewe. Hy bestaan buite tyd. Tog het Hy tyd geskep en dit saam met die res van die skepping aan die mens gegee om rentmeester daarvan te wees.

- Dit neem die aarde ALTYD 365.25 dae om om die son te wentel = 1 jaar;
- Die maan neem ALTYD 30.25 dae om om die aarde te wentel = 1 maand;
- Die aarde neem ALTYD 24 uur om om sy eie as te draai = 1 dag/nag
- Omdat die aarde se as skuins lê, het ons seisoene.
- Die langste dag en kortste nag is ALTYD 22 Desember = Midsomer in die Suidelike Halfrond. (In die Noordelike Halfrond is dit Midwinter.)
- Die kortste dag en die langste nag is ALTYD 21 Junie = Midwinter in die Suidelike Halfrond. (In die Noordelike Halfrond is dit Midsomer.)

**Christus hou ook tyd, saam met die res van die skepping, in stand** (Hebreërs 1:3). Ons kan 100% seker wees dat bogenoemde altyd dieselfde gaan bly (Genesis 8:22; Psalm 74:16-17).

**<u>Tweedens</u> is die God wat ons verteenwoordig, nooit laat nie** (Johannes 11:17 en verder). Hy doen alles op die regte tyd (*kairos*-oomblik. Vgl. Lukas 1:20 = *kairon*). Hy het Jesus op die regte tyd gestuur om aan die kruis vir ons sonde te sterf (Romeine 5:6 = *kairon* - regte tyd; Efesiërs 1:10 = *plērōmatos tōn kairōn* - volheid van die tye; 1 Timoteus 2:6 = *kairois idios* - op die regte tyd).

**<u>Derdens</u> is tyd 'n geskenk van die Here.** 'n Dag, maand en jaar is vir alle mense ewe lank. Sommige mense se dae is nie langer as ander s'n nie. Almal gebruik net nie hulle tyd ewe effektief nie. Jy moet 'n goeie rentmeester van jou tyd wees, net soos jy 'n goeie rentmeester van jou liggaam en jou besittings moet wees. Maak die beste gebruik van elke geleentheid – koop die tyd uit (vgl. Efesiërs 5:16). ***Watch your time, not your watch!*** Dis belangriker om jou tyd reg te gebruik as om net gedurig die horlosie dop te hou.

**<u>Vierdens</u> gee God vir ons kosbare geleenthede.** Die uitdrukking *window of opportunity* verwys na die kort, beperkte tyd wat iets voor 'n venster verbygaan. Jy sien dit nie altyd kom nie, en voor jy jou oë

uitvee, is dit verby. Jy moet 'n geleentheid op die regte tyd aangryp. Wees paraat, anders gaan jy dit mis! **(Byvoorbeeld: 2 Samuel 5:22-24** en 1 Kronieke 14:13-17; Spreuke 3:27-28 en 20:4, Prediker 11:4 en 6; Matteus 5:25-26; 2 Korintiërs 6:1-2. Dink ook aan die tien jong meisies in Matteus 25:1-13). Jerusalem het die geleentheid wat God hulle gegee het, gemis: *Toe Hy* (Jesus) *nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daaroor gehuil en gesê: "As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor. Daar sal dae oor jou kom dat jou vyande vestings teen jou oprig en jou omsingel en jou van alle kante beleër. Hulle sal jou met die grond gelykmaak en jou inwoners uitwis. Hulle sal in jou nie een klip op 'n ander laat bly nie, omdat jy die betekenis van die tyd toe God gekom het om jou te red, nie besef het nie"* (Lukas 19:41-44).

In landbou is daar baie geleenthede wat jy nie mag mis nie. Planttyd is planttyd. Oestyd is oestyd. Jy moet die regte ding op die regte tyd en op die regte manier doen (Jesaja 28:23-29). Daar is 'n spesifieke tyd en seisoen vir alles (vgl. Prediker 3:1-8; 2 Korintiërs 6:2).

**Vyfdens moet ons die tekens van die tyd verstaan en doen wat op 'n gegewe tyd gedoen moet word** (vgl. 1 Kronieke 12:32 en Efesiërs 5:15-17). Ek en jy boer in die 21ste eeu: Dis 'n tyd van klimaatsverandering; 'n tyd waarin almal grond soek; 'n tyd van tegnologie; 'n tyd van die genetiese manipulasie van saad; 'n tyd waarin miljoene in Afrika honger ly; 'n tyd waarin mense se minagting vir die wet van God toeneem en hulle liefde verkoel - hul liefde vir genot is groter as hulle liefde vir God (Matteus 24:12 en 2 Timoteus 3:4); die tyd waarin die vyeboom bot (Lukas 21:29-32), die geboortepyne gevoel word en die *nuwe tyd* op die punt is om aan te breek (Markus 13:8).

Daarom is dit belangrik om rekening te hou met die val en vernietiging van Babilon (Openbaring 17:1 tot 19:5). Babilon verteenwoordig alle goddelose magte. Haar materialisme (ekonomiese mag) en magsmisbruik (politieke mag), asook haar seksuele losbandigheid en afgodery (godsdienstige mag) gaan vernietig word. Daarvoor gaan die Koning sorg en ons (die kinders van God) is sy medewerkers (Openbaring 17:14 en 19:14). Ons roeping en taak is om te help om materialisme, magsmisbruik, afgodery en seksuele losbandigheid te vernietig. Bly dus in die wenspan van die Koning. Moenie verlei word om oor te loop en deel van Babilon te word nie. Haar einde is skrikwekkend naby!

Ons leef in 'n opwindende tyd. So naby soos geboortepyne aan die geboorte is, so naby is die tyd waarin ons leef aan die finale aanbreek

van die Koninkryk van God. Moet dus nie bang en moedeloos word nie. Dis tyd om regop te staan en jou kop op te tel (Lukas 21:28). Dis 'n tyd om wakker en waaksaam te wees. Ons Koning kom (Markus 13:28-37)!

## Praktiese toepassings:

- Oppas vir luiheid (Spreuke 26:13-16) en te veel slaap (Spreuke 6:10-11; 20:13 en 31:15). Moet jou nie besig hou met nuttelose dinge nie (Spreuke 28:19). Dink vooruit (Deuteronomium 22:8; Spreuke 6:6-9 en 22:3). Moenie uitstel nie (Spreuke 3:27-28 en 6:10-11).

- Bepaal jou prioriteite en bestuur jou tyd daarvolgens. *"Keep the main thing the main thing."* Maar moenie net aan 'n prioriteite-lys dink waar prioriteit 1 belangriker as 3, en 3 belangriker as 7 is nie.

### Prioriteite-lys

| | |
|---|---|
| 1. | Werk |
| 2. | Slaap |
| 3. | Stiltetyd |
| 4. | Huwelik en Gesin |
| 5. | Gesondheid (eet & oefen) |
| 6. | Sosiaal |
| 7. | Persoonlike tyd |
| 8. | Lees / studeer |
| 9. | Ontspanning |
| 10. | Huishoudelike take |

### Prioriteite-sirkel




Daar is baie goed in die lewe wat ewe belangrik is. Dink daarom ook aan 'n sirkel met skywe/segmente. Élke segment is belangrik en daarom moet jy aan élkeen 'n deel van jou tyd en aandag gee. Moenie die tyd wat jy veronderstel is om aan jou huwelik en gesin te spandeer, vir werk gebruik nie. Moenie jou stiltetyd gebruik om op sosiale media rond te ploeter nie. Moenie jou werktyd gebruik om rond te staan en met almal te kuier nie. Moenie jou slaaptyd gebruik om TV te kyk nie. Oefen as dit tyd is om te oefen. Rus as jy moet rus. Bepaal wat op 'n daaglikse en weeklikse basis regtig belangrik is, en moenie dat dié tyd gedurig deur ander dringende sake opgeslurp word nie.

- **Bestee baie tyd aan dinge wat belangrik is, maar nie dringend nie.** Alles wat belangrik en dringend is, het reeds 'n krisis geword

omdat jy nie daaraan aandag gegee het toe dit belangrik, maar nog nie dringend was nie.

**Vraag:** Is jy oortuig dat *Living and Farming God's Way* ook beteken dat jy dinge op die regte tyd moet doen?

**Opdrag:** Stel 'n prioriteite-lys en prioriteite-sirkel op en maak seker dat alles wat belangrik is, 'n regmatige plek kry.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Dank die Here vir kosbare geleenthede wat Hy al vir jou gegee het *(Windows of opportunity)*.
- † Vra vir die vermoë om jou tyd effektief te gebruik.
- † Bid vir wysheid om die tekens van die tyd te verstaan en te weet wat om nóú te doen.


**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Togo en Benin</u>.

## Dag 32
## *God's Way* is: Op die regte tyd *(On Time)*
(Deel 2)

**Lees:** Markus 1:32-39

Markus 1:32-39 en Johannes 11:6-15 wys duidelik dat Jesus se dagprogram deur die wil van God bepaal is. Hy het elke dag en elke uur gedoen wat God op daardie oomblik van Hom verwag het - selfs toe die uur aangebreek het dat Hy gevang moes word (Markus 14:41-42).

Mense worstel met te veel verantwoordelikhede en oorvol programme. Hulle sukkel om betyds te wees en take op tyd af te handel. Om hierdie probleem op te los, moet ons leer om in biddende afhanklikheid te leef. Ons moet voortdurend by die Vader hoor wat sý prioriteite vir ons vir elke dag is. **Die volgende skets kan jou help om jou tyd beter te bestuur en betyds te wees:**




**<u>Dinge in kwadrant A</u> = dringend én belangrik.**
Dié dinge het meestal met 'n **krisis** te doen. As dit nie reeds te laat is nie, is dit amper te laat. As daar 'n brand uitbreek, is dit dringend én belangrik om dit dadelik te blus. As 'n koei nie kan kalf nie, moet jy dadelik help. As jou motor langs die pad breek, moet jy dit dadelik laat regmaak. As die eksamen môre begin, móét jy vandag leer! Jy kan nie uitstel nie. Dis dringend én belangrik.

Daar sal altyd dinge in Kwadrant A wees. Dis die lewe. **Probeer om nie meer as 20-25% van jou tyd in Kwadrant A te spandeer nie.** As jy te veel in Kwadrant A leef, gaan jy onnodige spanning op jouself laai. Jy is nie veronderstel om elke dag, heeldag krisisse te hanteer nie. Jou tyd in Kwadrant A móét beperk word! Hoe? Hoofsaaklik deur tyd in Kwadrant B te spandeer.

**<u>Dinge in Kwadrant B</u> = nie dringend nie, maar tog belangrik.**
Jy behoort die meeste van jou tyd in Kwadrant B te spandeer. Dit sal baie krisisse (in A) voorkom. Dis soos 'n handtas wat in twee gedeel is. Hoe meer goed jy in die een kant inpak, hoe minder plek is daar aan die ander kant. As jy te min tyd in B spandeer, gaan jy al meer krisisse beleef. Jy gaan al meer in Kwadrant A beland. Die lyn tussen A en B skuif dus na regs. A word groter en B word kleiner. Jy het al minder tyd om aandag te gee aan dinge wat belangrik is, maar nie dringend nie. Jy hardloop van een krisis na 'n volgende. Jy is spreekwoordelik net besig om vure dood te slaan. Hoe meer tyd jy egter in B spandeer, hoe minder krisisse ervaar jy. Jou voertuig breek selde of ooit langs die pad (A), want jy hou dit behoorlik in stand (B). Die lyn tussen A en B skuif na links. Krisisse (A) word minder en kleiner. Daarom kry jy al meer tyd om te doen wat belangrik is, maar nie dringend nie. Jy is in beheer en voel ontspanne. Jy kan jou werk geniet (*"with joy"* is een van die beginsels waarby

ons later stilstaan). Meestal spaar dit jou ook baie geld, nie net tyd nie. Dus is daar minder vermorsing (*"no wastage"*).

Byvoorbeeld: Om gereedskap of ander gebruiksartikels netjies te bêre is nie dringend nie, maar wel belangrik. As jy nie vandag vyf minute het om iets op sy plek te bêre nie, waar gaan jy môre 'n halfuur kry om dit te soek? As jy nie kry wat jy soek nie, koop jy iets wat jy eintlik reeds het. Jy mors dus tyd en geld.

Kom ons kyk na voorbeelde van dinge wat belangrik is, maar nie dringend nie. Watter krisis kan ontstaan as jy nie aan dié sake aandag gee nie?

| | **Saak wat belangrik is, maar nie dringend nie. (Kwadrant B)** | **Krisisse wat kan ontstaan as jy dit bly uitstel of heeltemal ignoreer.** | **Wat gaan dit jou kos as dit eers 'n krisis geword het?** |
|---|---|---|---|
| 1. | Instandhouding | | |
| 2. | Goeie kommunikasie | | |
| 3. | Gereelde oefening | | |
| 4. | Gesonde eetgewoontes | | |
| 5. | Opstel van 'n begroting | | |
| 6. | Beplanning | | |
| 7. | Opleiding | | |
| 8. | Stiltetyd | | |
| 9. | Gee ELSA (erkenning, liefde, sekerheid, aanvaarding) | | |
| 10. | Ontspanning | | |
| 11. | Genoeg slaap | | |
| 12. | Dink (kreatiewe denke); Dink vooruit; Dink na oor gebeure | | |
| 13. | Lees en leer | | |
| 14. | Bou verhoudinge | | |
| 15. | Breek met slegte gewoontes | | |
| 16. | Kantooradministrasie | | |
| 17. | Voorbereiding vir 'n taak | | |

Dinge wat baie belangrik is, maar nie só dringend dat jy dit dadelik hoef te doen nie, word maklik uitgestel totdat dit 'n krisis word. Dan kán jy dit nie langer uitstel nie. Op die lange duur spaar jy tyd en geld deur jou aandag te gee aan dit wat belangrik is, al is dit (nog) nie dringend nie.

**Onthou: Tyd spandeer in Kwadrant B help jou om BETYDS te wees! Probeer om ten minste 70-75% van jou tyd aan dinge in Kwadrant B te spandeer.**

**<u>Dinge in Kwadrant C</u> = dringend, maar meestal nie belangrik nie.**
Dink aan iets soos 'n telefoon of selfoon wat lui. Dis vir meeste mense só dringend dat hulle selfs hulle gesprek met die Vader sal onderbreek om dit *dadelik* te antwoord. Hulle sal uit 'n baie belangrike opleidings- of beplanningsgeleentheid stap om 'n selfoon te antwoord. Hulle gee dus maklik toe aan die versoeking om uit Kwadrant B na Kwadrant C te stap vir 'n oproep wat meestal nie belangrik is nie.

Die hantering van 'n ander persoon se krisis, kan ook in Kwadrant C geplaas word. Mense wat nie tyd in Kwadrant B spandeer nie, beland in 'n krisis (Kwadrant A). Soms aanvaar hulle steeds nie self verantwoordelikheid vir hulle krisis nie. Hulle verwag van ander om hulle krisis vir hulle op te los. Byvoorbeeld: Op 'n Saterdagaand terwyl jy tyd saam met jou gesin spandeer (jy is in B), lui die telefoon (C). Jy word gevra om iemand anders se huwelikskrisis (wat al vyf jaar duur, maar nooit aandag gekry het nie) dringend te gaan probeer oplos. Dié egpaar het in A beland omdat hulle nie tyd aan belangrike dinge in Kwadrant B (sien die lys hierbo) gegee het nie. Noudat hulle in A is, wil hulle steeds niks aan hulle eie krisis doen nie. Hulle bel jou. Wel, as die moeilikheid al vyf jaar duur, kan dit seker maar tot ná die naweek wag, of hoe?

**Probeer om nie meer as 5% van jou tyd aan dinge in Kwadrant C te spandeer nie.**

**<u>Dinge in Kwadrant D</u> = nie dringend nie, en ook nie belangrik nie.**
Om byvoorbeeld ure voor die **TV** te lê en na snert te kyk, is nié dringend óf belangrik nie. Dit is iets anders as om net genoeg voor die TV te ontspan aan die hand van uitgesoekte programme. Baie mense kampeer letterlik voor die TV om een sportuitsending na die ander te kyk. Net soos genoeg slaap in Kwadrant B val, maar te veel slaap in Kwadrant D (Spreuke 6:10-11; 20:13 en 26:14), kan TV-kyk (sport ingesluit) nuttig wees wanneer dit in Kwadrant B deel van gesonde ontspanning en rus is. As dit egter oordoen word, word dit 'n mors van tyd en val dit in Kwadrant D. Hou op om jou tyd só te mors. Om dag vir dag, tot vervelens toe rekenaarspeletjies te speel, is tydmors. Om baie tyd in "goedkoop" tydskrifte rond te blaai, voeg geen waarde tot jou lewe toe nie. Sosiale media kan waarde hê, maar as dit oordoen word, kan dit maklik in 'n mors van tyd ontaard. Wanneer jy tydens werksure kort-kort op sosiale media is, is dit niks anders as diefstal van jou werkgewer se tyd nie. Skinder en 'n oppervlakkige, niksseggende geklets sonder einde is ook 'n mors van tyd, terwyl goeie kommunikasie in Kwadrant B val.

Wie tyd in Kwadrant D spandeer is nie ’n goeie rentmeester van sy tyd nie en sal selde of ooit betyds wees. **Jy moet géén tyd in Kwadrant D spandeer nie.**

**Self-evaluering:**

1. Wat is die belangrikste drie dinge wat jy ten opsigte van *“op-tyd-wees”* geleer het? Watter aanpassings moet jy maak om ’n goeie rentmeester van jou tyd te word of te wees?

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

2. Wat op julle plaas gebeur nie op tyd nie? Is nie betyds nie? Agter? Altyd laat?

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

3. Waarom is dit nie betyds nie? (Oppas om *stoute-klip* te speel en die skuld nét op ander te plaas.)

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

4. Watter negatiewe gevolge het dié dinge wat nooit op tyd gedoen word nie?

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

5. Hoe kan dit reggestel word? .........................................................

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

6. In watter kwadrant spandeer jy die meeste tyd?

   ..........................................................................................................

7. Wat in Kwadrant B is jy geneig om aanhoudend uit te stel totdat dit **te laat** is? Totdat dit in ’n krisis ontaard?

- In jou persoonlike lewe? ..........................................................

  ..................................................................................................
  .
- By die werk? ........................................................................

  ..................................................................................................

8. Hoe gaan jy dit regstel? ..........................................................

   ..................................................................................................

   ..................................................................................................

9. Respekteer jy ander mense / personeel / familie se tyd? Hoe?

   ..................................................................................................

   ..................................................................................................

   (Ek het al gedurende my universiteitsdae geleer dat daar altyd mense is wat, wanneer hulle niks te doen het nie, hulle *niks,* sonder afspraak, by jou wil kom doen. Ek en jy sal moet leer om ons eie tyd beleefd, dog ferm te beskerm.)

**Vraag:** Is jy ’n goeie rentmeester van die tyd wat God jou gee?

**Opdrag:** Maak seker dat jy jou tyd reg gebruik. As jy tyd op verkeerde dinge mors, gaan jy nooit die regte dinge betyds gedoen kry nie.

**Gebed:**
† Reageer in gebed op God se Woord.
† Praat met die Here oor hoe jy jou tyd gebruik. Vra dat Hy jou sal wys hoe kosbaar tyd is.
† *Living and Farming God’s Way* beteken dat landbouers altyd hulle werk op die beste en regte tyd sal doen. Hulle moet betyds wees. Bid daarvoor.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Burkina Faso.

# Dag 33
## *God's Way* is: Hoë standaard ***(High Standard)***
(Deel 1)

**Lees:** Genesis 1:10, 12, 18, 21, 31

Waarom moet ek en jy altyd kwaliteit-werk doen? Waarom moet ons werk altyd baie goed en op 'n hoë standaard wees?

**<u>Eerstens</u> is ons beelddraers en verteenwoordigers van die Skepper wat alles goed en op 'n hoë standaard doen** (Genesis 1:26-27). Die eindresultaat van die skepping was baie goed, omdat elke deel daarvan goed was (Genesis 1:10, 12, 18, 21, 31).

**<u>Tweedens</u> moet ons onthou: Werk is aanbidding *(Work is worship!)*** In Genesis word dieselfde woord *(avodah)* vir beide werk en aanbidding gebruik.[5] Daarom glo ons werk is ook 'n manier om God te aanbid. Dié woord kan as *diens* vertaal word. Die *aanbiddings-diens* op 'n Sondag, moet in die week voortgesit word met *diens-werk.* Hoë gehalte aanbidding beteken hoë gehalte werk. Daniël het beide gedoen (Daniël 2:19-23 en 6:4-12). Ons primêre doel is om God te verheerlik deur die werk te doen wat Hy ons gee.

**<u>Derdens</u> werk ons vir die Here,** ongeag watter soort werk ons doen (Kolossense 3:23-24). Daar is nie iets soos *God se werk* en *gewone werk* nie. Party Christene is nie *voltyds* in diens van die Here en ander *deeltyds* nie. Daar is net een soort werk, en dit is die werk van die Here - in watter beroep jy ook al staan. Alle Christene is voltyds in diens van die Here, ongeag watter beroep hulle beoefen. As jy nie voltyds in diens van die Here is wanneer jy boer of onderwys gee nie, sal jy ook nie voltyds in sy diens wees as jy 'n predikant word nie. Mense wat handearbeid verrig, werk ook vir die Here. Die manier waarop jy jou werk doen, kan daartoe bydra dat mense die Evangelie van Christus aanvaar of verwerp (Titus 2:9-10). Wanneer jy soos Josef, Nehemia en Daniël werk asof vir die Here, bevorder jy die koms van God se Koninkryk. Jy doen God se werk!

**<u>Vierdens</u> maak die Bybel dit duidelik dat God alle mense en alle nasies wil seën.** Hy wil hê almal moet Hom as ***Jehovah Jireh*** (Genesis 22:14) leer ken: *Die God wat voorsien.* Die Vader wat sorg (Matteus 6:25-30). Landbouers en sakemanne moet hulleself as God se medewerkers sien. Hulle is deel van sy plan om Homself as ***Jehovah Jireh*** aan die gemeenskap te openbaar. Die **doel van besigheid** is

---

5 Johan Carstens - Revolusie in die werkplek bl.xi

veel meer as om net geld vir jouself te maak. **Dis om die goedheid van God aan mense te openbaar en hulle die Vader se sorg te laat beleef.** Wanneer ek my produk aan iemand aanbied, wil ek sê: *Proe God se goedheid! (Taste God's goodness!)*

**<u>Vyfdens</u> maak werk liefde sigbaar.** ***(Work is love made visible.)*** Werk wat nie op standaard is nie, is liefdeloos - dit benadeel ander mense (Lees 1 Timoteus 6:2; Filippense 2:3-4). Die onderwyser moet sy liefde vir die kinders sigbaar maak deur kwaliteit onderrig. Die raadslid deur kwaliteit dienslewering. Die boer deur die produksie van goeie gehalte gesonde kos. Die ambagsman deur goeie bouwerk en die sweiser deur goeie sweiswerk. Die argitek deur estetiese, dog praktiese ontwerpe. Brouwerk is tot niemand se voordeel nie. Dit moet oorgedoen word, en dit kos tyd en geld. Dis 'n las vir ander, in plaas van 'n seën.

**<u>Sesdens</u> gee goeie werk 'n gevoel van trots.** Dis lekker om terug te kyk op iets wat goed en netjies gedoen is. Dit bring werksbevrediging en verhoog produktiwiteit. Dit bou jou selfbeeld en stel 'n voorbeeld vir ander (Galasiërs 6:4-5 en 2 Tessalonisense 3:7-9).

**<u>Laastens</u>** leer die Woord dat elkeen **rekenskap aan God** sal gee oor sy eie doen en late (Galasiërs 6:4). Die gehalte van elkeen se werk gaan getoets word (1 Korintiërs 3:9-15). Op een of ander wyse volg die vrug van ons arbeid ons tot in die hemel (Openbaring 14:13).

**Vraag:** Is jy trots op jou werk? Lewer jy werk van 'n hoë gehalte?

**Opdrag:** Onthou, **"*Work is worship*"** en ***"Work is love made visible"*.**

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord. Dank Hom vir die voorreg om in sy diens te wees en Hom te eer deur die werk wat jy doen.
† Praat met die Here oor die gehalte van jou werk.
† Bid dat landbouers sal besef dat *Living and Farming God's Way* ook beteken dat hulle werk altyd op 'n hoë standaard moet wees.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Guinee-Bissau en Guinee, asook Gambië en Senegal</u> in Wes-Afrika.

## Dag 34
## *God's Way* is: Hoë standaard ***(High Standard)***

(Deel 2)

**Lees:** Johannes 14:9; 2 Korintiërs 3:18 en Kolossense 3:10

Dit gaan nie net oor goeie gehalte werk nie. Dit gaan ook oor die manier waarop ons lewe. Die opdrag is *Living and Farming God's Way*. My en jou hele lewe moet op God se standaard wees! God se standaard is Jesus Christus. Ek en jy moet soos Hý leef (Galasiërs 2:19-20 en 1 Johannes 2:6). Dít is slegs moontlik deur die Gees en in antwoord op gebed. Daarom bid ek gedurig:

**Here, my Here, bly asseblief in my en leef u lewe deur my, sodat ek kan leef soos U geleef het**!

Gee my u Gees sonder enige beperking;
Gee my u sagte en liefdevolle oë;
Gee my u dienende hande;
Gee my u gewilligheid om te luister;
Gee my u geduld met die swakkes -
die geknakte riete en die dowwe lamppitte;
Gee my u selfbeheersing en selfdissipline;
Gee my u oorwinning oor sonde en die versoekings van Satan;
Gee my u sensitiwiteit vir die wil van die Vader;
Gee my u volkome gehoorsaamheid aan die Vader;
Gee my u gebedslewe en u intimiteit met die Vader;
Gee my u liefde vir die Woord en u vermoë om die Woord reg te gebruik;
Gee my u nederigheid en gewilligheid om te dien;
Gee my u bereidheid om te vergewe;
Gee my u mag en gesag oor die Bose, alle siektes en chaos-magte;
Gee my u onderskeidingsvermoë om die regte ding op die regte tyd te sê en te doen;
Gee my u vermoë om u tyd reg te bestuur;
Gee my u vermoë om groepsdruk te hanteer: die druk van godsdiensleiers wat U in hulle tradisies gevange wou neem, asook die druk van politieke groepe wat U wou misbruik om hulle politieke drome te verwesenlik;
Gee my u vermoë om teleurstelling in mense te oorkom;
Gee my u liefde vir verlore mense;
Gee my u trane vir mense wat nie luister as U by hulle pleit om na U toe te kom nie;

Gee my u vermoë om leiers te identifiseer en te ontwikkel wat, soos u dissipels, 'n impak in die hele wêreld sal hê;
Gee my u verbintenis tot die waarheid;
Gee my u opstandingskrag en energie;
Gee my u lewe om baie en blywende vrug te dra;
Gee my u honger na wat reg is, u dors na geregtigheid;
Gee my u innerlike rus, u vrede en u vreugde;
Gee my u vermoë om verwerping reg te hanteer;
Gee my u vryheid van enige verknogtheid aan aardse besittings;
Gee my u vreesloosheid om die Vader end-uit te gehoorsaam en die volle prys daarvoor te betaal;
Gee my u vermoë om te midde van lyding, die vreugde wat die Vader belowe het, voortdurend voor oë te hou;
Gee my u volkome vertroue op die Vader om in lewensgevaar aan die vooraand van die dood, steeds te bid: *Nogtans nie my wil nie, maar laat u wil geskied!* **AMEN**[6]

Só lyk 'n lewe volgens God se standaard. Jy het nie baie geld nodig om só te lewe nie. Jy het **nét Jesus in jou** nodig. As jy in Hom bly en Hy in jou, kan jy volgens God se standaard lewe.

**Vraag:** Kan mense Jesus in jou sien?

**Opdrag:** Hy moet meer word en jy minder (Vgl. Johannes 3:30).

**Gebed:**
- † Bid hierdie gebed.
- † Praat met die Here oor jou lewe. Leef jy volgens sý standaard?
- † Bid dat landbouers sal besef dat *Living and Farming God's Way* óók beteken dat hulle soos Jesus moet leef.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Mauritanië, Wes-Sahara en Marokko. Die lande is in Wes-Afrika.

---

[6] Lees die volgende Skrifgedeeltes: Johannes 3:34; Johannes 8:11; 2 Korintiërs 10:1; Markus 10:45; Johannes 13:12ev; Johannes 12:44-50; Matteus 12:18-21; Lukas 23:34-39; 1 Petrus 2:23; Matteus 4:1-11; Johannes 4:34; Johannes 14:31; Lukas 5:16; Johannes 10:30; Lukas 2:46-49; Filippense 2:3-8; 2 Korintiërs 10:1; Lukas 23:34; Lukas 9:1; Markus 1:35-38; Johannes 11:9-15; Johannes 2:24-25; Lukas 19:10; Lukas 19:41-44; Lukas 13:34; Lukas 6:12; 1 Petrus 2:22; Johannes 12:44-50; Johannes 14:6; Johannes 8:28-38; Kolossense 1:28; Efesiërs 1:19-21; Filippense 4:13; Johannes 15:1-5; Matteus 5:6; Johannes 14:27; Johannes 15:11; Lukas 4:28-30; Lukas 9:51-56; Lukas 23:18; Johannes 1:11; Johannes 18:15-18 en 25-27; Johannes 17:4; Johannes 19:30; Hebreërs 12:1-4; Lukas 22:39ev.

# Dag 35

## *God's Way* is: Hoë standaard ***(High Standard)***

(Deel 3)

**Lees:** Eksodus 39: 32 en 43; Matteus 25:21; 1 Timoteus 6:14

*Mooi so!* Dis die woorde wat ek graag eendag uit die mond van my Here en Koning wil hoor. Wat wil jý hoor?

Wees baie versigtig. Mense is geneig om standaarde voortdurend te laat sak. Selfs Christene misbruik God se goedheid, geduld en genade as 'n verskoning om slordig te lewe. Hulle lewe wek die indruk dat God met enige iets tevrede is; dat lae standaarde vir Hom aanvaarbaar is, selfs al kan jy beter doen.

Mense wil al minder doen vir al meer geld; Leerplanne word afgeskaal en slaagvereistes word verlaag; Die kwaliteit van dienste en produkte neem af. Oral word kwantiteit (hoeveelheid) belangriker as kwaliteit (gehalte); Swak en halwe werk word geregverdig met: *Ag, dis goed genoeg vir nou!*

Maar *God's Way* daag ons uit om voortdurend ***beter*** te lewe; ***beter*** werk te doen; ***beter*** kos te produseer; ***beter*** standaarde na te streef; ***beter*** produkte by die fabriek se deur uit te stuur; ***beter*** diens te lewer; ***beter*** oplossings te kry en van hierdie aarde 'n ***beter*** plek te maak. Hier is 'n paar praktiese wenke om jou en jou personeel te help om die gehalte van julle werk te verbeter:

- Die gehalte van werk moet teen iets gemeet word. Daarom is duidelike riglyne (spesifikasies) en doelwitte belangrik (vgl. die spesifikasies vir 'n verskeidenheid goed in Eksodus 35:10 tot 39:43). Om net te sê *"gebruik sement",* verseker nie 'n kwaliteit sementvloer nie. Spesifiseer hoeveel sement, sand en klip in elke mengsel gebruik moet word.
- SWP's is belangrik (Staande Werk-Prosedures), net soos 'n resep belangrik is as jy elke keer dieselfde heerlike koek wil bak. Sonder SWP's sal werk dan sus, dan só gedoen word.
- Roetine en dissipline is belangrik! Daarsonder gaan jou werk nooit op tyd óf op standaard wees nie.
- Doen deeglike beplanning: ***P****rayer and* ***P****roper* ***P****lanning* ***P****revent* ***P****oor* ***P****erformance* (6 x P). Skryf jou beplanning neer.

- Instandhouding en netheid is baie belangrik. Voertuie en gereedskap wat flenters is en 'n werkplek wat baie deurmekaar is, bemoeilik kwaliteit werk.
- Hoewel dit onproduktief kan wees om te veel tyd aan 'n spesifieke taak te spandeer, sal ek altyd my Skoonpa se waar-woorde onthou: *My kind, niemand vra agterna hoe lank jy hier gewerk het nie, hulle wil net weet wié hier gewerk het.* Kwaliteit-werk gee aan jou 'n goeie naam, en 'n goeie naam is meer werd as baie geld (Spreuke 22:1).
- Mense word nie beter as jy hulle slegsê nie. Maar positiewe terugvoer en erkenning vir goeie werk inspireer mense om nog beter te doen. *"Catching people doing things right"* moet jou ingesteldheid wees.
- Meet om te weet! Jy kry wat jy meet. As jy gereeld evalueer of die trekker skoon, die gereedskap gebêre en die drinkwatertenk teen uitvaltyd volgepomp is, is dit presies wat jy gaan kry: 'n skoon trekker; 'n netjiese werkswinkel en 'n vol tenk water.
- Dis belangrik dat mense gereeld verslag oor hulle werk moet doen. Dít berei mense voor om eendag rekenskap aan God te gee.
- Teikendatums en keerdatums *(dead lines)* is belangrik, anders kry werk nooit klaar nie. Dan sneuwel die beginsel van *"on time"*.
- Elke onderafdeling van 'n stuk werk moet goed en op standaard wees. Om te verseker dat jou boerdery op standaard is, moet ál die take in die boerdery goed en reg gedoen word.

**Self-evaluering:**

**1.** Wat is die belangrikste drie dinge wat jy ten opsigte van *"hoë standaard"* geleer het? Watter aanpassings moet jy maak om jou standaard te verbeter?

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

2. Wat op julle plaas is nie op standaard nie? Wat word nie op standaard gedoen nie?

.............................................................................................................

.............................................................................................................

3. Waarom is dit nie op standaard nie? (Oppas om ander te blameer in plaas daarvan om verantwoordelikheid vir dié probleem te aanvaar.)

..........................................................................................................

..........................................................................................................

4. Hoe kan julle die probleem regstel en die standaard lig?

..........................................................................................................

..........................................................................................................

**Vraag:** Wat doen jy om seker te maak dat jou werk altyd op 'n *hoë standaard* is?

**Opdrag:** Wees versigtig vir die gees van die tyd: Die verlaging van standaarde.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord. Bid dat *God's Way* jou altyd sal uitdaag en inspireer tot ***beter***.
- † Praat met die Here oor die gehalte van jou werk.
- † Bid dat die gehalte van jou lewe en werk vir God 'n kompliment sal wees en dat dit die res van die landbougemeenskap sal motiveer om ook alles op 'n hoë standaard te doen.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Niger en Tsjad</u>.

## Dag 36
## *God's Way* is: Geen vermorsing ***(No Wastage)***

**Lees:** Johannes 6:8-13

Die mens is die kroon van die skepping. Daarom het God alles wat Hy geskep het onder die sorg van die mens gestel. Maar in plaas daarvan dat ons oor die aarde heers en dit versorg, het ons die aarde se grootste vyand geword. Ons het die lewe **op én in** die grond begin vernietig. Deur ons toedoen het baie plante en diere al uitgesterf en het die potensiaal van baie hektare se eens vrugbare grond begin afneem. Die mensdom is besig om die aarde op te mors, in plaas daarvan om as verantwoordelike rentmeesters daaroor te heers.

Wat beteken *vermorsing*?

- **Dis om wat nog bruikbaar is, te vernietig.** Om byvoorbeeld droë blare, gras of oesreste te verbrand, terwyl dit nog nuttig as deklaag gebruik kon word om wind- en water-erosie te keer, grondvog te bewaar of organiese materiaal in die grond terug te sit.
- **Dis om toe te laat dat iets sy waarde verloor omdat dit misbruik word.** Byvoorbeeld om deur chemiese middels en verkeerde bewerkingsmetodes lewe in die grond dood te maak. Of om veld só te bewei dat dit sy drakrag verloor.
- **Dis om meer te vat en te gebruik as wat jy nodig het.** Dink byvoorbeeld aan die oneffektiewe gebruik van water asof dit 'n onuitputlike bron is. Dink aan die onnodige gebruik van elektrisiteit wanneer ligte helder oordag bly brand. Dink aan borde vol kos wat geskep maar nie geëet word nie.
- **Dis om nie te dink aan volhoubaarheid nie.** Bome word afgekap, maar nuwe bome word nie geplant nie. Voedingstowwe word uit die grond onttrek, maar niks word deur mis, kompos, dekgewasse of wisselbou teruggesit om 'n volgende oes te verseker nie (vgl. Deuteronomium 22:6-7; Spreuke 27:18; 28:19 en Lukas 13:6-9).
- **Dis nie net fisiese goed wat vermors kan word nie,** maar ook gawes, talente, tyd en geld (Matteus 25:14-30). Jy kan jou roeping verwaarloos en geleenthede verkwis. Paulus beveel Timoteus om sy opdrag stiptelik en onberispelik (op 'n hoë standaard) uit te voer en sy gawe soos 'n vuur aan te blaas (1 Timoteus 6:13-14 en 2 Timoteus 1:6).

Waarom mag ons niks vermors nie?

**<u>Eerstens</u> is ons net rentmeesters, nie werklik eienaars nie.** Om 'n rentmeester te wees beteken om iemand anders se goed in sy afwesigheid, namens hom te bestuur en te gebruik in ooreenstemming met sý wil en begeerte. Om met sy goed te doen wat hyself daarmee sou doen (Genesis 1:26-28 en Lukas 16). Ons is rentmeesters van God se goed, want alles behoort aan Hom.

**<u>Tweedens</u> is alles met 'n doel geskep,** al weet ons nie presies wat die doel daarvan is nie. Ons weet wel dat die ganse skepping God moet verheerlik (Romeine 1:20 en Openbaring 4:11)! Alles wat beantwoord aan die doel waarvoor God dit geskep het, loof en prys God (Psalm 148:7-13). Met elke spesie wat ons uitwis, haal ons 'n stem uit die skepping se Halleluja-koor.

**<u>Derdens</u> wys vermorsing hoe ondankbaar ons is.** Elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe kom van die Vader af (Jakobus 1:17). Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge (Romeine 11:36).

**<u>Vierdens</u> is 'n *hoë standaard* en *geen vermorsing* twee kante van dieselfde munt.** Brouwerk moet oorgedoen word. Dit is 'n vermorsing van tyd, geld, energie en hulpbronne.

Niks mag vermors word nie:

- nie tyd nie
- nie geld nie
- nie kos nie
- nie geleenthede nie
- nie hulpbronne soos water, energie, grond of grondstowwe nie.

**Self-evaluering:**

1. Wat is die drie belangrikste dinge wat jy ten opsigte van *geen vermorsing* geleer het? Watter aanpassings moet jy maak om vermorsing te verminder?

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

2. Wat word op julle plaas/grond vermors? Wat is gedurig weg? Wat word gebreek, verwaarloos of verniel?

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

3. Waarom? ..........................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

4. Voorstelle hoe om dit reg te stel: ..................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

5. Ons leef in 'n *weggooi-kultuur.* Dis makliker, geriefliker en dikwels goedkoper om goed weg te gooi as om dit heel te maak of te herwin. Watter herwinningsmoontlikhede is daar by julle op die plaas of in die gemeenskap? Herwinning help ook om die omgewing netjies te hou.

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

6. Die vermorsing van kos wissel van *te veel eet* tot borde *kos wat in asdromme uitgekrap word*. Wat gebeur by julle? Is daar 'n *kultuur van geen vermorsing* rondom die etenstafel? Watter voorbeeld stel jy vir jou kinders en wat leer jy hulle?

.............................................................................................................

.............................................................................................................

7. Wanneer groente en vrugte produseer word, is daar dikwels produkte wat op een of ander manier beskadig is. Wat word daarmee gedoen?

.............................................................................................................

.............................................................................................................

**Vraag:** Is jy 'n goeie rentmeester van alles wat God aan jou gee?

**Opdrag:** Wys jou dankbaarheid vir al die goeie dinge wat God vir jou gee, deur niks te vermors nie.

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord.

† Bely alle vermorsing. Bely ook jou ondankbaarheid en gebrek aan waardering. Praat met die Here daaroor.

† Bid vir wysheid oor die vestiging van 'n kultuur van *geen vermorsing* op die plaas en in die gemeenskap.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Mali en Algerië.

## Dag 37
## *God's Way* is: Met vreugde *(with Joy)*

**Lees:** Psalm 9:2-3 en Habakuk 3:17-18

Waarom moet ek my werk met vreugde doen?

**Eerstens omdat ek bly en dankbaar is vir my verlossing** (Efesiërs 5:20 en 1 Tessalonisense 5:16-18). Blydskap het nie tyd- of geografiese grense nie. Dit moet oral en altyd 'n kenmerk van my lewe wees.

**Tweedens is vreugde** (ook blydskap en dankbaarheid) **die vrug van die Gees in my lewe** (Galasiërs 5:22). Dié vrug word nie deur omstandighede bepaal nie. *"Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie"* (Jeremia 17:7-8. Lees ook Habakuk 3:17-18).

**Derdens maak werk ons liefde vir God sigbaar.** Om God lief te hê, is om Hom te gehoorsaam (1 Johannes 5:3 en Johannes 14:31). Om Hom met jou *hele verstand* en *al jou krag* lief te hê (Lukas 10:27), beteken om jou werk in gehoorsaamheid aan Hom te doen. Liefde maak swaar werk, **lekker** werk. *"Jakob het toe sewe jaar gewerk vir Ragel, en dit was vir hom soos 'n paar dae, want hy het haar liefgehad"* (Genesis 29:20)!

**Vierdens is werk 'n voorreg.** Dit stel my in staat om vir my en my mense te sorg. 'n Voorreg wat maak dat ek nie hoef te steel nie, maar ook iets het om met ander te deel (Efesiërs 4:28; 1 Timoteus 5:3-4, 8 en 16). Werk is 'n voorreg wat my selfbeeld verbeter en my van waarde laat voel. 'n Voorreg wat my in staat stel om die wêreld 'n beter plek te maak; ensovoorts.

**Vyfdens is dit die Here se opdrag in Efesiërs 6:5-9 en Kolossense 3:22 - 4:1.** Doen jou werk van harte, met lus, met 'n opregte hart!

Wat leer ons in **Psalm 9:2-3 en Filippense 4:4?** Is blydskap net 'n spontane reaksie op positiewe omstandighede? Óf is dit 'n wilsbesluit ten spyte van omstandighede? Dit is 'n wilsbesluit, 'n keuse! Dis 'n opdrag wat nie gebonde is aan tyd, plek, óf omstandighede nie. (Lees weer 1 Tessalonisense 5:16-18 en Efesiërs 5:20.)

**Deuteronomium 28:47-48** *" ... As jy die Here jou God nie met vreugde en blydskap dien omdat jy baie besit nie, sal jy jou vyande wat deur die Here teen jou gestuur sal word, moet dien. Jy sal dit doen terwyl jy honger en dors en sonder klere is en gebrek ly, en jou vyande sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou uitgeroei het."* Wat is die **wil van die Here** volgens hierdie Skrif?

..................................................................................................................

**Psalm 37:1-4** *"Moet jou nie ontstel oor skelms en kwel oor skurke nie, want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer. Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer."* Wat is die **wil van die Here** volgens hierdie Psalm?

..................................................................................................................

**Nehemia 8:11** *"... As julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm."* Watter voordeel hou blydskap in die Here volgens Nehemia in?

..................................................................................................................

*"Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees"* **Spreuke 15:15.** *"'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput"* **Spreuke 17:22.** Wat leer jy uit hierdie wyse woorde?

..................................................................................................................

..................................................................................................................

*Werk is 'n vorm van aanbidding* *(Work is worship)*. Daarom moet die *aanbiddings-**diens*** op 'n Sondag, in die week voortgesit word met ***diens**-werk.* 'n *"Werkers-vertaling"* van **Psalm 100** klink só:

> *"Juig tot eer van die Here, almal op aarde!*
> *Werk vir (dien) die Here met blydskap!*
> *Werk altyd in sy teenwoordigheid met gejubel!*
> *Erken dat die Here God is:*
> *Hy het ons gemaak, ons is Syne,*

*Ons is sý werkers, sý personeel onder sý persoonlike sorg.*
*Gaan werk toe met dankliedere, want die Here is dáár!*
*Sing in jou gedagtes lofsange want jy ís sy tempel.*
*Dank Hom, prys sy Naam terwyl jy werk,*
*want die Here, ons Werkgewer, is goed,*
*aan sy liefde is daar geen einde nie, Hy bewys dit oral.*
*Elke nuwe geslag kan Hom volkome vertrou en op sy goedheid reken."*

Vreugde is nie net 'n opdrag nie. Dis ook die vrug van die Gees. Dis die gevolg van 'n *God's Way*-lewe! Namate ons leer om dinge *God's Way* te doen, sal vreugde terugkom in ons lewe. Ons maak die lewe vir onsself moeilik wanneer ons op ons eie insig staatmaak. Ons werk hard, maar alles tevergeefs (vgl. Haggai 1:5-6). Ons spartel soos kraaie om in die lug te bly, in plaas daarvan om soos arende te sweef (Jesaja 40:31). Let op die tragiese gevolge van die verwerping van Goddelike wysheid (*God's Way*) deur beterweterige mense in Spreuke 1. Woorde soos *ondergang, ongeluk, angs, nood en kwelling* word gebruik om hulle lot te beskryf.

Die slimste ding wat ons dus kan doen, is om te luister na wat God sê: **Spreuke 3:5-8** *"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken* (raadpleeg) *Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad* (God's Way) *laat loop. Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam."*

Hoe méér *God's Way*, hoe meer hemel op aarde:
*God's Way* bring rus en vrede!
*God's Way* bring gesondheid!
*God's Way* bring voorspoed!
*God's Way* bring vreugde!
***God's Way* is die slimste keuse!**

Net dwase dink hulle weet beter, maar later walg hulle van hulle eie planne en pluk die vrot vrugte van hulle optrede (vgl. Spreuke 1:31-33).

**Self-evaluering:**
Wat steel jou vreugde? Kan dit dalk wees dat jy jou nie aan *God's Way* steur nie? Evalueer jouself aan die hand van al die *God's Way*-kenmerke. Hier is 'n paar voorbeelde:

Die eerste kenmerk: ***Deur die Gees.*** Wie ervaar die meeste vreugde? Mense wat krag en geweld gebruik om dinge gedoen te kry, óf mense wat ervaar hoe die Gees van God iets deur hulle doen? Lees Sagaria 4:6.

........................................................................................................................

Die vierde kenmerk: ***God werk in antwoord op gebed.*** Wie ervaar die meeste vreugde? Biddelose mense, óf dié vir wie gebedsverhoring 'n daaglikse realiteit is? Waarom?

........................................................................................................................

Die vyfde kenmerk: ***Eenheid en samewerking.*** Wie ervaar die meeste vreugde? Eiesinnige mense wat gedurig stry, baklei, dwarstrek en mekaar in die rug steek, óf dié wat in liefde hartlik saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik? Waarom? Lees Filippense 2:2 en Galasiërs 5:15.

........................................................................................................................

Die sesde kenmerk: ***God het oop hande. Hy deel alles wat Hy is en het met ons.*** Wie ervaar die meeste vreugde? Dié wat *God's Way* leef en graag uitdeel, óf die wat altyd nóg meer wil hê? Waarom? Lees Handelinge 20:35 en Jakobus 4:1-3.

........................................................................................................................

Die sewende kenmerk: ***Om te dien.*** Wie ervaar die meeste vreugde? Dié wat *God's Way* leef en graag ander help en dien, óf die wat altyd bedien wil word, maar nooit tevrede is met hoe hulle gedien en bedien word nie?

........................................................................................................................

Jy kan deur al die *God's Way*-kenmerke werk. ***Goeie werk*** gee meer vreugde as brouwerk. Dis lekkerder om ***betyds*** by 'n geleentheid te kom, as om laat op te daag. Dis lekkerder om te sien dat ***niks verlore*** gaan nie, as dat tyd, geld en hulpbronne gemors word. Wie *God's Way* leef, geniet vreugde, vrede en beter gesondheid (Spreuke 3:8). Wie sy eie kop volg, ervaar frustrasie, stryd, konflik, angs, benoudheid, spanning ensovoorts. Dít ondermyn jou gesondheid.

**Vraag:** Waarom sal jou getuienis groter trefkrag hê as jy jou werk met groter vreugde doen? Waarom sal jy gesonder wees as daar meer vreugde in jou lewe is?

**Opdrag:** Die meeste mense sê: *Dankie tog dis Vrydag - die naweek lê voor.* Jy moet sê: *Dank die Here dis Maandag - 'n week se lekker werk lê voor!* Doen jou werk met lus!

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord. Bely die lusteloosheid en gebrek aan vreugde in jou werk.

† Vra die Here se hulp om meer en meer *God's Way* te leef sodat jy meer vreugde in jou lewe sal hê.

† Bid dat Christene hulle werk sal geniet en dit met vreugde sal doen. Bid dat boere dit sal geniet om te boer - dat dit vir hulle lekker sal wees!

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in <u>Djiboeti en Eritrea</u>.

# Deel 4
## Ons verhouding met die grond waarop ons leef en boer.

In Deuteronomium 11:11-12 vind ons een van die baie beloftes wat die HERE aan Israel, die nageslag van Abraham, gegee het. *Die land wat julle in besit gaan neem, is 'n land met berge en vlaktes en word natgemaak met reënwater. Dit is 'n land waarvoor die Here jou God sorg: van nuwejaarsdag tot oujaarsdag toe hou Hy ononderbroke sy oog daaroor.* (Voorwaardes volg in vers 13 en verder.) Israel kon daarop reken dat daar 'n besondere verhouding tussen húlle Here en húlle grond is. Hulle God gee om vir hulle grond. Hy sorg vir hulle grond. Hy hou 'n wakende oog oor hulle grond.

Omdat ek glo, sê die Woord, is ek 'n kind van Abraham (Galasiërs 3:7). Ek deel in al die beloftes en seëninge wat aan die kinders van Abraham gegee is. Daarom kan ek ook seker wees van die besondere verhouding tussen my Here en die grond waaruit ek 'n bestaan moet maak:

- ✓ My grond behoort aan die Here.
- ✓ Hy het dit deur Christus met Homself versoen.
- ✓ Christus het gesag oor en op my grond.

## Dag 38
## *Living and Farming God's Way...*
## op God se grond.

**Lees:** Levitikus 25:23 en Jesaja 62:4

*Living and Farming God's Way* is nie iets wat êrens in die lug gebeur nie. Dis hoe ek en jy moet leef, werk en boer op dié stukkie grond wat God aan ons sorg toevertrou het. *Living and Farming God's Way* gaan ook oor ons **verhouding met die grond** waarop ons leef en boer.

In boerdery is dit altyd belangrik om te weet hoeveel water jy beskikbaar het, asook met watter tipe grond (sand, leem, klei, ensovoorts) en klimaat (temperatuur, ryp, reënval, ensovoorts) jy te doen het. As jy dit weet, kan jy besluit waarmee jy op die spesifieke stuk grond kan boer. Maar dis nie al wat jy moet weet van die grond waarop jy boer nie. Daar is drie ander dinge wat nog belangriker is. Jy moet weet:

- Jy leef en boer op grond wat aan die Here behoort;
- Jy leef en boer op grond wat God met Homself versoen het;
- Jy leef en boer op grond waaroor Christus gesag en seggenskap het.

Jy moet weet **jy leef en boer op grond wat aan die Here behoort.** Die HERE God het die hemel en die aarde geskep (Genesis 1). Daarom behoort die aarde en alles daarop aan die Hom (Psalm 24:1). Dit beteken dat alle grond, ook jóú grond aan die Here behoort (Levitikus 25:23). Selfs al besit jy dus grond in terme van die wette van jou land of die gebruike van jou gemeenskap (Jeremia 32:6-12 en Handelinge 5:4), bly dit steeds God se grond. Hy het dit net aan jou sorg toevertrou. Jy moet die grond namens God met liefde en sorg bewerk en benut.

Jy mag jou grond op geen manier verniel nie. Jy verniel jou grond as jy te veel vee daarop aanhou; as jy boerderypraktyke beoefen wat erosie aanhelp en die lewe in die grond doodmaak; as jy nooit jou veld of jou lande laat rus nie; as jy nie voedingstowwe wat die plante gebruik in die grond terugsit nie; as jy indringerplante toelaat om meer en meer te word, ensovoorts. Jy moet die grond (en water) só gebruik dat jou kinders, en hulle kinders dit ook nog sal kan gebruik.

Jy mag nie okkultiese of heidense rituele uitvoer om jou huis of jou grond te beskerm nie. Jy moet juis jou grond bewaar en beskerm (Genesis 2:15) teen die duiwel en al sy bose geeste. Hulle maak of die grond aan hulle behoort. Hulle probeer voorgee dat hulle die reg het om

te sê wat jy op die grond mag doen, en wat nie. Hulle kan jou nie verbied om ’n gat te grawe of om die rivier se water te gebruik nie. Nie die grond of die water behoort aan hulle nie. Alles behoort aan die Here. Moenie op God se grond na die duiwel en sy bose geeste luister nie. Moenie vir die Bose vastrapplek of “verblyfreg” op God se grond gee nie!

Elkeen aan wie God ’n stukkie grond toevertrou het, sal aan God rekenskap gee oor die manier hoe hy of sy God se grond gebruik of misbruik het.

**Vraag:** Noudat jy weet jou grond behoort aan die HERE, dink jy dat daar iets is wat jy anders behoort te doen? Wat?

**Opdrag:** Sê hardop: *Die grond waarop ek leef en boer behoort aan die Here. Die duiwel en sy bose geeste het geen sê op my grond nie.* Memoriseer Jesaja 62:4.

**Gebed:**
- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid dat alle landbouers sal aanvaar dat hulle grond aan die Here behoort.
- † Bid dat hulle dit met liefde en sorg sal gebruik vir die doel waarvoor Hy dit aan hulle gegee het.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Tunisië en Libië.

## Dag 39
## *Living and Farming God’s Way*...
## op grond wat God met Homself versoen het.

**Lees:** Kolossense 1:15-23

Jy leef en boer op grond wat aan God behoort. Maar dis nie al nie. Jy moet onthou **jy leef en boer op grond wat met God versoen is.** ***Daar is ’n besondere verhouding tussen God en die grond waarop jy boer.***

Deur sy Seun het God alles geskep wat in die hemel en op die aarde is. Die dinge wat gesien kan word en ook die dinge wat ons nie kan sien nie. Deur die Seun hou God ook alles in stand wat Hy geskep het (Hebreërs 1:2-3). Die gewone dinge van die skepping is dus óók vir God

belangrik, nie net die mens nie. En wat die mens betref: Die **hele** mens (siel, gees en liggaam – 1 Tessalonisense 5:23) is vir God belangrik, nie net sy siel nie. God het ***álles*** vir die Seun geskep – oók die grond, plante, diere, ensovoorts. ***Daar is 'n besondere verhouding tussen God en die grond waarop jy boer.***

Die sonde en ongehoorsaamheid van Adam het 'n vloek oor die hele aarde gebring (Genesis 3:17-19). Maar, toe die tyd daarvoor reg was, het God sy Seun gestuur. Christus het die vloek op Hom geneem deur as 'n vervloekte aan die kruis te sterf (Galasiërs 3:13). Deur sy bloed aan die kruis het Jesus nie net mense met God versoen nie. In Kolossense 1:20 lees ons dat God deur Christus ***álles*** met Homself versoen het - ***álles*** op die aarde en in die hemel. In die plek van die vyandskap het Jesus weer vrede gebring. Die verhouding tussen God en die grond waarop jy boer, is dus nie meer 'n vyandige verhouding nie. Die verhouding word nie meer deur die sonde en die vloek bepaal nie. Christus het die verhouding volkome herstel. ***Daar is nou 'n besondere verhouding tussen God en die grond waarop jy boer.*** Daarom hoef jy geen offers te bring of rituele uit te voer om jou grond met God te versoen nie. [As jy wel iets wil doen, kan jy 'n herinneringsteken oprig (vgl. Josua 4:4-7). Jy doen dit, nié om jou grond met God te versoen nie, maar om jou gedurig daaraan te herinner dat Christus reeds jou grond met God versoen het.]

Kom ek verduidelik dit só: Christus het my volkome met God versoen (Kolossense 1:22). Dié versoening het die verhouding tussen my en God verander (Romeine 5:1), al het dit nie onmiddellik 'n einde aan al die gevolge van die sonde gebring nie. Ek leef steeds in 'n liggaam van vleis en bloed wat met die jare al ouer en swakker word; 'n liggaam wat kan siek word en sterf. Dieselfde geld vir die skepping. Dis klaar volkome met God versoen, al is dit volgens Romeine 8:20-22 nog aan swaarkry, agteruitgang en die dood uitgelewer. Met die wederkoms van Christus gaan God die skepping bevry, verander en vernuwe. Dan sal die skepping ook die heerlikheid van God weerkaats en pas by die sondeloosheid en heerlikheid van God se kinders (Romeine 8:21).

Alles ís met God versoen. Aanvaar in die geloof dat jou grond met God versoen is, net soos jy in die geloof aanvaar het dat jy deur Christus met God versoen is. Bely dit met jou mond: *My/ons grond is met God versoen.* Moet niks doen wat maak dat die versoening sy effek verloor nie. Moenie aan God ongehoorsaam wees en dinge doen wat Hy haat nie (Deuteronomium 28:15 en verder). Moenie dinge doen waarin God 'n afsku het nie (Deuteronomium 18:9-14). Moenie weer jou grond onder die vloek plaas nie.

Net soos jy die sonde en ongehoorsaamheid in jou eie lewe moet bely en teenwerk omdat jy met God versoen is, moet jy die gevolge van die sondeval op jou plaas en jou grond teenwerk.

- Vra vergifnis vir bloed wat al op jou grond gevloei het, asook alle ander sonde wat daartoe lei dat die reën nie meer val en die grond nie meer goeie oeste lewer nie (Genesis 4:12; Deuteronomium 11:16-18 en 28:23; Job 31:38-40; Psalm 107:33-34; Jesaja 8:19-22; 14:8 en 37:24-25; Jeremia 7:16-20; Hosea 4:1-3; Habakuk 2:17-19).
- Vra vergifnis vir alle boerderypraktyke wat die grond en omgewing beskadig en/of vernietig het.
- Herroep alle verbonde (ooreenkomste) waarvolgens jy (of iemand wat voor jou op die grond gebly het) jou grond aan enige iets of iemand anders gewy het: die songod; afgode; veldduiwels; voorvaders, ensovoorts. Verwerp alle afgodery.
- As jy bewus is van enige muti wat op jou/julle grond begrawe is om dit te beskerm of om seën te verkry, verwyder en verbrand dit. Vra dat die Here jou/julle grond sal beskerm en sy seën daarop gee.
- Roep die Naam van die HERE oor jou grond uit. Verklaar dat jou grond aan die HERE behoort en dat dit met Hom versoen is.
- Verbind jou om in die toekoms aan die HERE jou God gehoorsaam te wees. Leef en boer dan op sy grond soos iemand wat met Hom versoen is. Wys met jou dade dat die verhouding tussen jou en die HERE herstel is.
- Bewys liefde aan ander mense. Respekteer mense en laat reg en geregtigheid op jou grond geskied.
- Kweek 'n liefde vir die natuur en implementeer bewaringspraktyke op jou grond.
- Respekteer die natuurlike plantegroei en dierelewe. Roei indringerplante en onkruid uit; bekamp wind- en watererosie; gee die veld tye van rus om te herstel; voorkom lug- en waterbesoedeling en sit die nodige voedingstowwe terug in die grond; ensovoorts.
- Streef na *Living and Farming God's Way.*

**Vraag:** Doen jy enige iets wat maak dat die versoening sy effek op jou grond verloor? Onthou, Adam se ongehoorsaamheid aan God het aanleiding tot die vloek gegee. Christus se gehoorsaamheid het versoening gebring (Romeine 5:12-21).

**Opdrag:** Sê hardop: *Die grond waarop ek leef en boer behoort aan die Here en is reeds deur Christus met God versoen.* Begin doen wat jy in die laaste paragraaf beveel word. Memoriseer Kolossense 1:20.

**Gebed:** † Reageer in gebed op God se Woord.
† Dank die Here dat Hy alles, ook ons grond, met Homself versoen het.
† Bid dat die landelike en boerderygemeenskap aan God gehoorsaam sal wees. Bid vir wysheid om bogenoemde opdragte prakties uit te voer.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap van die Seychelle en Madagaskar.

## Dag 40
## *Living and Farming God's Way*...
## op grond waaroor Christus gesag het.

**Lees:** Efesiërs 1:18-23

Jy leef en boer op grond wat aan die HERE behoort en wat Hy deur Christus met Homself versoen het. Maar daar is 'n derde belangrike waarheid wat jy moet onthou. **Jy leef en boer op grond waaroor Christus die gesag en seggenskap het.**

Reg aan die begin het God die gesag oor die aarde aan die mens gegee. Die mens moes oor die aarde heers en dit bewaak. Toe die Here hierdie opdrag aan Adam gegee het, was die skepping nog volmaak en baie goed, net soos die Here dit gemaak het (Genesis 1:31). Die opdrag het dus nie in die eerste plek beteken dat Adam die aarde teen die vernietigende gevolge van die sonde moes beskerm nie. Adam moes dit beskerm teen elke poging van Satan om die beheer en seggenskap oor die aarde by hom af te neem. Maar **Adam** het nie gedoen wat God gesê het nie. Deur sy **ongehoorsaamheid** het hy die deur vir Satan oopgemaak en aan hom gesag oor die aarde gegee (Lukas 4:5-6). Só het Satan die god, owerste en heerser van hierdie wêreld geword (2 Korintiërs 4:4 asook Johannes 12:31; 14:30 en 16:11).

Maar **Christus** het as mens gekom en deur sy **gehoorsaamheid** aan God weer die gesag en die mag van die Satan afgevat. Christus sit nou aan die regterhand van God: *Hoog bo alle bose magte en enige vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom* (Efesiërs 1:21). Daarom sê Hy met sy hemelvaart: *Aan My behoort alle mag in die hemel en op die*

*aarde* (Matteus 28:18). As jy dus hulp nodig het, bid tot Hom. Hy kan met alles help: probleemdiere wat jou lammers vang; laatryp wat jou vrugtebome se bloeisels kan beskadig; aalwurm wat jou groente se wortels aanval en hael wat dreig om jou hele mielie- of koringoes weg te slaan. Jy mag nie die hulp van sangomas, hekse of besweerders inroep om jou en jou grond te beskerm nie. Jy hoef dit nie te doen nie, want geen vloek het enige *landingsreg* op jou of jou grond nie (Spreuke 26:2), tensy jy *landingsreg* daaraan gee. Vra die beskerming van Jesus, want niks en niemand het meer mag en gesag as Hy nie.

Satan het geen mag of gesag meer oor jou of jou grond nie. Sy enigste wapen is leuens, want Hy is die vader van die leuen (Johannes 8:44). Wanneer jy sy leuens glo, gee jy aan hom weer mag wat hom nie toekom nie. Daarom moet jy God gehoorsaam en aan die waarheid vashou. Moenie toelaat dat Satan jou bangpraat, intimideer of dreig om jou skade aan te doen as jy nie na hom luister nie. Ná die kruis en leë graf het die Bose geen mag of gesag meer nie (Kolossense 2:15; Hebreërs 2:14-15). Wanneer bose geeste daarop aanspraak maak, lieg hulle. ***Alle*** gesag behoort aan Christus. ***Niks*** behoort aan die Satan nie. Christus het aan ons die gesag gegee om die Bose met al sy geweld te oorwin (Lukas 10:18-20).

Onthou, Christus woon deur sy Gees in elkeen wat in Hom glo (Romeine 8:9-10). Daarom is die duiwel en al sy bose geeste bang vir die kinders van die Here. Die Woord sê: *Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy **sál** van julle af wegvlug* (Jakobus 4:7). Jy hoef nie die duiwel en sy demone te vrees nie. Jy hoef nie bose geeste, towenaars of enige iemand wat op bo-natuurlike mag aanspraak maak, te vrees nie. Jy hoef nie die noodlot te vrees nie. Jy hoef nie die toekoms of selfs die dood te vrees nie (Romeine 8:31-39). Christus het mag oor die dood en die doderyk (Openbaring 1:17b-18).

In Christus het ek en jy ons gesag teruggekry. Nou kan jy weer, as verteenwoordiger van God, met die gesag van Christus, oor jou grondgebied heers (Psalm 8:6-9). Daarom móét jy as koning heers oor alle sonde en bose magte. As priester móét jy vir almal bid wat saam met jou op die grond bly en vir julle boerdery in gebed intree. As profeet móét jy *Living and Farming God's Way* met woord en daad verkondig.

**Opdrag:**

- Verteenwoordig God op jou grond en oefen die gesag wat Christus aan jou gegee het, daaroor uit!
- Implementeer op God se gesag *God's Way*-beginsels - dis sý grond. Gehoorsaam sý Woord.

- Weerstaan die duiwel totdat hy wegvlug! Moenie aan hom enige *"landingsreg",* plek of gesag gee nie.

**Gebed:**

† Reageer in gebed op God se Woord.

† Dank die HERE vir die besondere verhouding tussen Hom en die grond waarop ons leef en boer.

† Bid dat Christen-landbouers God se verteenwoordigers sal wees en die gesag van Christus oor hulle grond sal uitoefen.

† Bid vir genoeg reën op die regte tyd in elke streek.

† Bid dat ***Living and Farming God's Way*** dié kenmerk sal word van die landelike en boerderygemeenskap van die Kaap tot by Kaïro.

**Bid vir Afrika:** Fokus op die landbougemeenskap in Egipte.

## Verbintenis

Here, omdat my grond aan U behoort; en omdat U dit met Uself versoen het; en omdat Christus gesag daaroor het, verbind ek my tot *Living and Farming God's Way.* Uit liefde vir U verbind ek my om u grond met sorg en verantwoordelikheid te gebruik en om niks daarop te doen wat nie u goedkeuring wegdra nie. Help my asseblief deur die Heilige Gees.


……………………. …………………….

Naam Datum


**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**
**Let's build God's Kingdom God's Way!**

# Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem


Die volgende AMOS-publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by www.amosafrica.net, of teen koste bestel deur 'n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net




**Grondhervorming** (Gebedsfokus 2010)
In 40 kort oordenkings word stilgestaan by landboutransformasie en grondhervorming. Die inhoud word op verskillende maniere aangebied: lering, stories, getuienisse, voorbeelde, praktiese wenke en geloofsverklarings. Die bied aan die leser duidelike Bybelse riglyne. Naas doelgerigte gebed vir hierdie belangrike saak, is die doel van die Gebedsfokus om die grondhervormingsgesprek positief te beïnvloed en gelowiges te help om met wen-wen-oplossings vorendag te kom.





**Oorgee, Omgee, Aangee** (Gebedsfokus 2012)
Ons is geroep om dissipels te wees en van die mense rondom ons dissipels te maak. Slegs dissipels kan dissipels maak. Na aanleiding van die lewe en werk van Jesus, kan die kern van dissipelskap in drie woorde saamgevat word: *Oorgee, Omgee en Aangee.* Die inhoud word aangebied in die vorm van 40 briewe aan 'n vriend. Die briewe is daarop gerig om jou te dissipel en toe te rus om dissipels te maak.





**Die Koninkryk kom in die Landbou** (Gebedsfokus 2013)
Aan die hand van 40 oordenkings word lesers gehelp om die Koninkryk te verstaan; hulle word uitgenooi om in die Koninkryk te deel en toegerus om daagliks as burgers van die Koninkryk te leef en boer. Onbybelse opvattings wat die Koninkryk ondermyn, word uitgewys. Die verskil tussen die Koninkryk van God en die Koninkryk van Duisternis word aan die hand van praktiese voorbeelde illustreer. Die lesers word telkens opgeroep om na die Koning te luister en te bid vir die koms van die Koninkryk in die landbou.





***be*Vry om op te staan** (Gebedsfokus 2014)
Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**





**Arbeidsverhoudinge** (Gebedsfokus 2015)
Jy kry 'n antwoord op die vraag: Wat het arbeidsverhoudinge met Christenskap en die visie van AMOS (*Living and Farming God's Way*) te doen? Ses baie belangrike Bybelse beginsels vir verhoudinge word aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek. 'n Verskeidenheid ander sake wat direk in verband met arbeidsverhoudinge staan, word vanuit die Skrif én praktyk hanteer: arbeiders; arbeid; bemagtiging; motivering van werkers; dissipline; konflikhantering; wen-wen-oplossings. Geseënd is elkeen wat, deur mooi verhoudinge, die Evangelie van Jesus Christus aantreklik maak vir ander en só die koms van die Koninkryk bevorder.




**Finansiële Vryheid** (Gebedsfokus 2016)
Finansiële vryheid is meer as net 'n mooi ideaal. Dis binne jou bereik as jy die tydlose ekonomiese beginsels wat God in sy Woord aan ons gee, ken en toepas. Die wêreld dink radikaal anders oor geld en besittings as wat die Woord van God ons leer. Dís die rede vir die ekonomiese chaos rondom ons. Daarom moet ons God die geleentheid gee om ons denke deur sy Woord te vernuwe. Die eerste tree op die pad van finansiële vryheid is om te erken dat **álles aan die Here behoort.** Óók dit wat ek en jy het. Ons is nét rentmeesters van alles wat die Here in ons sorg plaas.




**Boer voor die Troon** (Gebedsfokus 2017)
Die doel van hierdie gebedsfokus is nie om vir gelowiges meer kennis oor gebed te gee nie, maar eerder om hulle te motiveer om die voorreg van gebed ten volle te benut. Gebed in die Naam van Jesus is wesenlik belangrik as ons landbou wil transformeer na *Living and Farming God's Way*.
Die Gebedsfokus sluit ook 'n praktiese handleiding met gebedsriglyne en gebede in. Dit help die bidder om Skrif-inhoud aan sy of haar gebede te gee - om sinvol te bid vir persoonlike behoeftes, die gemeenskap en die landbou. Gebed is die sleutel tot die oplossing van probleme in die landbou. Deur gebed kom die Koninkryk in die landbou. Bid sonder ophou! Boer voor die Troon!

# AMOS-lied
# Stand up for Jesus

1. Stand up, stand up for Jesus
Redeemer of the land
He’s Lord of all creation
Victorious He stands
Let us all represent Him
And be His hands and feet
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

2. Stand up, stand up for Jesus
All peoples of the land
Let’s live and farm for Jesus
To glorify His Name
Let’s conquer all the evil
And bring His Name great fame
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

3. Stand up, stand up for Jesus
It’s time to make our stand:
To live and farm for Jesus
‘cross Africa our land
let’s do work of high standard
Rejoicing in God’s way
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

Bid hierdie lied vir al die landbouers in Afrika!

Sing hierdie lied op die wysie van Hallelujalied 244:
***Staan op, staan op vir Jesus.***


Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdiens, asook allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgends sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*, wat landbou-bediening beteken.

**AMOS** se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorvloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met die logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.

## Amos Agrimin se kernbesigheid:

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:




**Living and Farming God's Way**

40-Dae Gebedsfokus 2018

# LIVING&FARMING *God's way*

**AMOS AGRIMIN**

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

**AMOS AGRIMIN STREKE**

Vir kontak- en bankbesonderhede,
besoek ons webwerf *www.amosafrica.net*
*Amos Agrimin Kaap* (Wes-Kaap)
*Amos Agrimin Sentraal* (Vrystaat en Noordwes)
*Amos Agrimin Noord-Kaap*
(Noord-Kaap en oorblywende provinsies)

***www.amosafrica.net***

Find us on **Facebook**

40-Dae Gebedsfokus uitgegee
deur *Amos Agrimin Noord-Kaap*

**Bankbesonderhede:**
Amos Agrimin
FNB Brandwag, 230534
Rek. 5299 000 3842

AMOS agrimin
LIVING AND FARMING GOD'S WAY